POIMENIEK

'n Pastorale oriëntasie

Dr. T.F.J. Dreyer

POIMENIEK

'n Pastorale oriëntasie

DR TFJ DREYER

HAUM

PRETORIA · KAAPSTAD

© HAUM Uitgewery, Pretoria, Kaapstad
Eerste uitgawe, eerste druk 1981

ISBN 0 7986 0703 3

Geset deur Dieter Zimmermann Edms Bpk, Johannesburg
Gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria

KITAL

Inhoudsopgawe

Inleiding

HOOFSTUK 1
Ensiklopediese verkenning 1

1.1 Problematiek 1
1.2 Die ensiklopediese posisie van die praktiese teologie 1
1.3 Die verskillende fasette van die kerklike verkondiging as studieveld van die praktiese teologie 5
1.3.1 Die kerk 6
1.3.1.1 Die kerkordening 7
1.3.1.2 Die tug 7
1.3.2 Die verkondiging in die algemeen 7
1.3.3 Die gestaltes van die verkondiging 8
1.3.3.1 Die voorgemeentelike verkondiging 8
1.3.3.2 Die binnegemeentelike verkondiging 9
1.3.3.2.1 Die prediking 9
1.3.3.2.2 Die kategese 9
1.3.3.2.3 Die herderlike sorg 9
1.3.4 Die antwoord van die gemeente 9
1.4 Afgrensing na buite 10
1.5 Die posisie van die Poimeniek 10

HOOFSTUK 2
Die benaming van die vak 13

HOOFSTUK 3
Bybelse perspektiewe vir die pastoraat 16

3.1 Die herder-beeldspraak 16
3.2 Konstitutiewe elemente van Christus se herderlike sorg 17
3.2.1 Diensbaarheid 17
3.2.2 Individuele toespitsing 17
3.2.3 Soteriologiese dimensie 18
3.2.4 Ekklesiologiese dimensie 18
3.2.5 Pneumatologiese dimensie 18
3.2.6 Gesprekmatige verkondiging 18
3.2.7 Oproep tot geloof 18

3.3 Die Bybelse nasorg 19
3.4 Die besoek aan huise 19
3.5 Bybelse begrippe wat in die pastoraat fungeer 20
3.5.1 Parakalein 21
3.5.2 Nouthetein en elenchein 22
3.5.3 Oikodomein 22
3.6 Konklusies 22

HOOFSTUK 4
Die subjek van die pastoraat 24

4.1 Die onsigbare subjek 24
4.2 Die persoon van die pastor 25
4.2.1 'n Oortuigde roepingsbewustheid 26
4.2.2 Die geloofslewe as bewyskrag van die pastoraat 26
4.2.3 Teologiese skoling en studie 28
4.2.4 Pastorale introspeksie 28

HOOFSTUK 5
Die objek van die pastoraat 29

5.1 Die Bybelse antropologie as onderbou van die pastoraat .. 29
5.1.1 Onderskeibaarheid en eenheid van liggaam en siel . 29
5.1.2 Die mens as beeld van God 30
5.1.3 Die mens as sondaar 30
5.2 Die betekenis van die Bybelse antropologie vir die pastoraat 31
5.3 Konklusies 32

HOOFSTUK 6
Die verhouding van die Poimeniek tot sy hulpwetenskappe . 33

6.1 Nuwere denkrigtings 33
6.2 'n Fenomenologiese naturalistiese antropologie 33
6.3 Teenstrydige antropologiese onderbou 34
6.4 Konklusies 36

HOOFSTUK 7
Die posisie van die pastoraat in die ruimte van die kerk 38

7.1 Die pastoraat en sy verhouding tot die ander verkondigingsgestaltes 38

7.2 Die amptelike karakter van die pastoraat en sy verhouding tot die opsig en die tug 39
7.3 Historiese oorsig 41
7.4 Die posisie van die pastoraat in die belydenis en kerkorde 43

HOOFSTUK 8
Die pastoraat as gesprekmatige verkondiging 46

8.1 Pastoraat as gespreksontmoeting 48
8.2 Die gesprek as 'n ontmoetingsrelasie 48
8.3 Relevante psigologiese prinsipes 50
8.3.1 Die gesprekverwagting 50
8.3.2 Die gevoelsrelasies in die gesprek 51
8.3.3 Nie-verbale kommunikasie 52
8.3.4 Luisterend praat 52
8.3.5 Verskillende gespreksvorme 54
8.3.5.1 Refleksiewe gespreksvorm 54
8.3.5.2 Die analitiese gespreksvorm met interpretasie en suggestie 54
8.3.5.3 Non-direktiewe gespreksvorm 55
8.4 Eie aard van die pastorale gesprek 55
8.5 Taal van die pastorale gesprek 56
8.6 Konklusies 57

HOOFSTUK 9
FORMELE POIMENIEK
Verskillende vorme van die pastoraat 59

9.1 Huisbesoek (Algemene pastoraat) 59
9.1.1 Wat huisbesoek is 60
9.1.2 Wat huisbesoek nie is nie 61
9.1.3 Die huisbesoek is nie meerderwaardig teenoor die ander verkondigingsgestaltes nie 61
9.2 Besondere pastoraat 62
9.3 Integrering van algemene en besondere pastoraat 63

HOOFSTUK 10
Vorm van die huisbesoekgesprek 65

10.1 Inleidende gesprek 65
10.2 Behandeling van 'n tema 68

10.2.1 Verskillende gesprekstemas 69
10.2.2 Variasie van gesprekstemas 70
10.3 Gebed 71
10.4 Voorbereiding vir die huisbesoek 72
10.5 Groepshuisbesoek 72
10.6 Pastorale verwagtings 74
10.7 Konklusies 74

HOOFSTUK 11
Die besondere pastoraat 75

11.1 Elemente in die gesprek 75
11.1.1 Vertrouensrelasie 75
11.1.2 Inleidende gesprek 76
11.1.3 Direktiewe fase 76
11.1.4 Gebed 77
11.2 Besondere pastoraat en die tug 77
11.3 Konklusies 80

HOOFSTUK 12
Verkenning van arbeidsvelde vir die besondere pastoraat 81

12.1 Jeugpastoraat 82
12.1.1 Bedieningspatrone 82
12.1.2 Leefwêreld 83
12.1.3 Pastorale grondhouding en optrede 85
12.2 Huwelikspastoraat 86
12.2.1 Bedieningspatrone 86
12.2.2 Huweliksproblematiek 88
12.2.3 Pastorale grondhouding en optrede 89
12.2.4 Pastoraat aan geskeides 91
12.3 Siekepastoraat 94
12.3.1 Bedieningspatrone 94
12.3.2 Leefwêreld van die sieke 95
12.3.3 Terminale pasiënte 97
12.3.3.1 Onwetendheid 97
12.3.3.2 Ontkenning 97
12.3.3.3 Opstandigheid 97
12.3.3.4 Radeloosheid en onderhandeling 98
12.3.3.5 Depressie 98
12.3.3.6 Aanvaarding 98

12.3.4 Pastorale grondhouding en optrede 98
12.4 Pastoraat aan agterblywendes 100
12.4.1 Bedieningspatrone 100
12.4.2 Bybelse perspektiewe rondom die weduwee 100
12.4.3 Samelewingstruktuur 104
12.4.4 Pastorale grondhouding en optrede 107
12.4.4.1 Vertroosting van die agterblywende 107
12.4.4.2 Versorging van agterblywendes in tehuise 108
12.4.4.3 Agterblywendes in die oorbruggingsfase 108
12.4.4.4 Stoflike versorging 109
12.4.4.5 Agterblywende met 'n gesin 109
12.4.4.6 Hertroue 109
12.4.4.7 Bekende omgewing 109
12.5 Pastoraat aan kerkloses 110
12.5.1 Bedieningspatrone 110
12.5.2 Agtergrondproblematiek 111
12.5.3 Verhouding: geloof en kerk 112
12.5.4 Pastorale grondhouding en optrede 115
12.6 Pastoraat aan sosiaal-afwykendes 117
12.6.1 Bedieningspatroon 117
12.6.2 Identifikasie 118
12.6.3 Pastorale optrede en grondhouding 119
12.7 Pastoraat aan verslaafdes 119
12.7.1 Bedieningspatroon 120
12.7.2 Leefwêreld van die verslaafde 120
12.7.3 Pastorale grondhouding en optrede 121

HOOFSTUK 13
'n Gebalanseerde pastorale praktyk 123

13.1 Die gesinslewe 123
13.2 Beplanning 124
13.3 Delegering 125
13.4 Kollegiale verhoudings 126
13.5 Slot 126

Inleiding

Poimeniek is dié wetenskap wat die pastoraat as bepaalde gestalte van die kerklike verkondiging bestudeer. Die Poimeniek dek 'n wye studieveld, omdat die verskillende fasette van die pastoraat in die jongste tyd ongekende belangstelling geniet. 'n Stortvloed publikasies het beskikbare studiemateriaal geweldig uitgebrei. Elke afsonderlike faset van die pastoraat het feitlik in 'n selfstandige studieterrein ontwikkel. Indien daar nie eers die nodige oriëntasie plaasvind nie, is hierdie massa studiemateriaal vir die aspirant-teoloog verwarrend. 'n Oriëntasie is ook noodsaaklik omdat die Poimeniek beoefen word vanuit verskillende uitgangspunte. Hierdie verskillende uitgangspunte het ingrypende konsekwensies vir die gestaltegewing van die pastorale praktyk. Oriëntasie beteken dus, vir die doel van hierdie werk, ook 'n bepaalde keuse van uitganspunte.

Ons wil hier geensins op volledigheid aanspraak maak nie, maar slegs probeer doen wat die titel hiervan stel, naamlik 'n pastorale oriëntasie. Die teikengroep van hierdie publikasie is daarom in die eerste plek die aspirant-teoloë wat vir die eerste maal kennis maak met die bestudering van die Poimeniek. Dit kan miskien ook dien as 'n opfrissingskursus vir teoloë wat reeds in die praktyk van die bediening staan.

Op eie bodem het reeds ander publikasies verskyn wat ook 'n oorsig en oriëntasie wil gee op die gebied van die Poimeniek. Die werk van JJ de Klerk, getitel *Herderkunde*, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Soos alle prakties-teologiese werke, is ook hierdie genoemde publikasie gerig op 'n bepaalde kerklike praktyk, naamlik die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ek het met groot waardering kennis geneem van die publikasie van JJ de Klerk, en ook met groot vrug daarvan gebruik gemaak. Dieselfde riglyne sal in beide publikasies gevind kan word. Tog is die onderskeid dáárin geleë dat telkens in hierdie publikasie gepoog word om die neergelegde riglyne te implementeer in die kerklike praktyk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Hierdie publikasie wil slegs dien as vertrekpunt vir die aspirant-teoloog. Vanuit hierdie oriëntasie en met gebruikmaking

van aangegewe literatuur kan die teoloog hom verder toerus vir die verantwoordelikheid van die pastoraat.

In die lig hiervan is daar die vertroue dat hierdie publikasie op 'n beskeie wyse mag bydra tot die verryking en verdieping van die pastoraat, in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

HOOFSTUK 1

Ensiklopediese verkenning

1.1 Problematiek

Wanneer die studieveld van die Praktiese Teologie onder die soeklig geplaas word, is daar 'n hele aantal problematiese vrae wat beantwoording vra. Die Praktiese Teologie is juis die teologiese dissipline waardeur die akademiese besinning van die teologie as geheel grotendeels uitmond en realiseer in die aktiwiteit van "kerkwees" in die wêreld. In hierdie akte van "kerkwees" word die teologie en by name die Praktiese Teologie gekonfronteer met die mens en die wêreld van ons tyd. Op hierdie terrein is daar 'n magdom ander wetenskappe wat ook die mens en die wêreld van ons tyd bestudeer. Hierdie ander menswetenskappe plaas die Praktiese Teologie enersyds te midde van 'n ryke verskeidenheid hulpmiddels wat gebruik kan word, maar andersyds dreig die gevaar dat die Praktiese Teologie in hierdie proses sy eie identiteit as teologiese dissipline op die altaar plaas. Te midde van hierdie gekompliseerde situasie is dit egter vir die Praktiese Teologie uiters noodsaaklik om sy studieveld duidelik af te grens, sodat sy identiteit as teologiese dissipline behoue kan bly.

Ten einde hierdie grensafbakening na buite te kan maak, is 'n posisiebepaling van die Praktiese Teologie binne die kader van die ander teologiese dissiplines onvermydelik. Eers wanneer die ensiklopediese posisie van die Praktiese Teologie in verhouding tot die geheel van die teologie bepaal is, kan die nodige grensafbakening na buite plaasvind.

1.2 Die ensiklopediese posisie van die Praktiese Teologie

Wanneer ons die ensiklopediese posisie van die Praktiese Teologie binne die raamwerk van die teologie vasstel, sal ons vooraf eers die saak moet uitmaak of die Praktiese Teologie "überhaupt" by die teologie tuishoort, en reg het op die aanspraak van 'n

teologiese wetenskap. Vir die doel van ons bespreking kan ons die teologie definieer as die wetenskap wat homself besig hou met die sistematiese kennis van God, soos Hy homself in die Heilige Skrif as sy Woord geopenbaar het. Dit bly in die eerste en laaste instansie 'n geloofsuitspraak.[1] Wat die teoloog tot teoloog maak, is die band van geloof met God, want alleen deur die geloof kan die erkenning volg dat die Heilige Skrif die Woord van God is. Hierdie geloofsuitspraak is deurslaggewend en normatief vir alle teologiese denke.

Hierdie voorwaarde en norm vir die teologie in die algemeen, dra dieselfde gewig vir die Praktiese Teologie in die besonder indien dit as teologiese dissipline wil fungeer. Dit is van belang dat hierdie voorveronderstelling en uitgangspunt vandag ook as maatstaf sal geld in die beoefening van die Praktiese Teologie. Daar is 'n nuwe rigting wat die Praktiese Teologie wil losmaak van sy teologiese gebondenheid en dit wil tuisbring binne die kader van 'n algemene religiebegrip. Gert Otto begin die herstrukturering van die teologiebegrip in aansluiting by 'n stelling van Pannenberg[2] dat godsdienswetenskap die basiese teologiese wetenskap is. Ook Christelike teologie kan volgens hom nie anders as op die basis van 'n algemene teologie van die godsdienste bedryf word nie. Dit hang ten nouste saam met sy beskouing dat God die allesbepalende werklikheid is, wat net op verskillende maniere in die verskillende godsdienste tot uitdrukking kom. Vir Otto is teologie sonder enige uitsondering teologie van die godsdienste. So verruil Otto die gedagte van 'n objektiewe selfopenbaring van God, vir 'n subjektiewe Godsbegrip soos dit kenbaar word in die godsdienste. Hiermee laat hy vanselfsprkend ook die Skrif as bron en norm van die teologie los en vervang dit met die algemene godsdiensgeskiedenis as bron van sy teologie.[3] Vanuit hierdie uitgangspunt word sy metode en studieveld dan ook bepaal, naamlik die sosiaal-wetenskaplike metode, die vernaamste fasette hiervan is dan die sosiaal-psigologiese en kommunikasie-teoretiese.

Dit is feitlik oorbodig om te stel dat vanuit hierdie uitgangspunt die Praktiese Teologie beswaarlik kan aanspraak maak op die kwalifikasie as 'n teologiese dissipline. Hierdie uitgangspunt baken vir die Praktiese Teologie 'n studieveld af wat vreemd is aan die teologie.

Vanuit hierdie opmerkings kan ons dus stel dat die Praktiese

Teologie alleen binne die ruimte van die teologiese ensiklopedie tuishoort, indien hy die Skrif as Woord van God, as uitganspunt en norm handhaaf.

'n Verdere vraag wat hier aan die orde kom, is die ou vraag in die geskiedenis van die Praktiese Teologie wat ook aanleiding gegee het tot die stryd om erkenning in die akademiese opleiding, naamlik of die Praktiese Teologie 'n wetenskap is.[4] Die groot probleem het hierby gekom dat die byvoeglike naamwoord *prakties*, verkeerd verstaan is. Daardeur is die akademiese karakter van die vak heeltemal misken en is die vak as 'n kerklike en nie as 'n akademiese dissipline nie, uitgehou uit die teologiese fakulteit en aan die kerke oorgelaat om na goeddunke daarmee te handel. Om hierdie dooie punt te oorkom, is verskillende pogings aangewend om die studieobjek van die Praktiese Teologie so te omskryf dat die naam van die vak só verander kan word dat die vak meer aanneemlik kan wees. So het A Kuyper[5] die vak omskryf as die wetenskap van die ampspraktyk in die kerk. Hy het as antwoord die naam Diakonologiese vakke ge-yk.

Ons kan alleenlik konstateer dat hierdie stryd in sommige kringe vandag nog nie opgelos is nie. Birnbaum sê in sy studie oor die verhouding van die Praktiese Teologie tot die wetenskap in die algemeen: "Noch immer schwenkt und schwankt die Disziplin der praktischen Theologie einigermassen umgetrieben in weiten Meer der Universitas."[6] Van Hoek het in 1938 'n stelling gemaak wat teenswoordig nog nie geheel oorwin is nie, naamlik die Praktiese Teologie is: "een mixtum compositum van dogmatische bepaling en aanwÿzing voor de praktÿk van het predikantsambt," 'n vak wat 'n mens "nauwelÿks theologie" kan noem en wat eintlik ook nie "wetenschap in den scherpen zin van dat woord" is nie.[7]

Met die teenswoordige strewe van die gehele teologie om funksioneel te wees, dreig die gevaar nog meer dat die ander teologiese dissiplines dit nie alleenlik aan die Praktiese Teologie wil oorlaat om te soek na die samehang met die praktyk van die lewe nie, sodat die Praktiese Teologie oorbodig kan wees.[8]

Die ander opvatting is dat die Praktiese Teologie net so goed tereg kan kom byvoorbeeld deur middel van 'n "Predigerseminar", as 'n brug tussen die akademiese studie en die diens in die gemeente.[9]

Firet pleit vir die behoud van die Praktiese Teologiese dissi-

pline op grond van die feit dat Barth die wese van die teologie omskryf as "Theantropologie". Teologie het te maak "mit Gott als den Gott des Menschen, ebendarum auch mit dem Menschen als dem Menschen Gottes"[10]. Firet stel dan dat as hy pleit vir die handhawing van die Praktiese Teologie, hy dit doen ter wille van die "heelheid van de mens die theologie studeert met het oog op de dienst van de kerk, maar ook ter wille van de heelheid van die theologie, die als zodanig een diensbetoon aan de kerk is."[11]
Om vanuit hierdie siening van die betrokkenheid van die mens by die diens van die kerk die noodsaaklikheid van die Praktiese Teologie te regverdig, is 'n gevaarlike onderneming, omdat die gevaar dreig dat die Praktiese Teologie bloot uitgelewer word aan ander empiriese menswetenskappe.

Veeleer wil ons die aanspraak van die Praktiese Teologie binne die teologiese ensiklopedie op 'n ander wyse sanksioneer. Praktiese Teologie is veel meer as bloot praktiese riglyne of wenke, dit is voluit 'n teologiese dissipline wat hom besig hou met die verkondiging van die kerk. K Barth sien die studieobjek van hierdie besondere vak as die kerklike verkondiging en praat dan ook van die leer van die aktuele, kerklike verkondiging. Met hierdie objekomskrywing val Barth in die klassieke reformatoriese kader.[12] Terwyl die ander teologiese wetenskappe vra na wat verkondig moet word, vra die Praktiese Teologie na wat die verkondiging is waardeur daardie hoë inhoud gedien wil word.[13]

Wat die samehang van die Praktiese Teologie tot die ander teologiese dissiplines betref, geld dit dat: "die Praktiese Teologie alleen beoefen kan word as die ander vakke klaar beoefen is. (Die opvattings van Van der Leeuw en K Barth ea kom in hoofsaak op dieselfde neer). Tot op sekere hoogte is hierdie beskouing reg. Dit is immers 'n feit dat die Praktiese Teologie met die resultate van die ander teologiese vakke opereer en so die laaste skakel is wat die wetenskaplike teologie met die kerklike praktyk verbind. Beter gestel: Praktiese Teologie is eintlik die laaste kanaal waardeur die wetenskaplik kerklike dinkwerk, dit wil sê die teologie, in die lewenswerk van die kerk invloei sodat dit verantwoorde lewenswerk is.

Tog is hierdie beeld vir die bepaling van die verhouding tussen die ander teologiese vakke en Praktiese Teologie eensydig en onvolledig. Dit gee die werklike verhouding net half weer. Die kerk het die opdrag ontvang om te verkondig, nie om wetenskap-

like teologie te bedryf nie. Met die verkondigingsopdrag is die kerk voor die vraag gestel: Wat moet ons doen as ons wil verkondig? (Dit is 'n prakties-teologiese vraag, as Praktiese Teologie die wetenskap van die verkondiging is). By die beantwoording van hierdie vraag het dit duidelik geword dat die Bybelse wetenskappe nodig is ter wille van die regte verklaring van die Skrif, in die verkondiging. Op dieselfde wyse is die sistematiese wetenskappe nodig, omdat die verkondiging nie 'n grens- en koerslose onderneming is nie. Terselfdertyd is dit die Praktiese Teologie as wetenskap van die verkondiging wat voortdurend die kerk onder die besef daarvan moet hou dat die beoefening van die ander vakke noodsaaklik is, as die kerk reg wil verkondig.

"Daarom was Haendler reg toe hy gesê het dat Praktiese Teologie nie net op die ander vakke volg nie, maar noodwendigerwys ook daaraan moet voorafgaan. Dit sal ook so moet bly solank die kerk nog besef dat hy om geen ander rede nie as om reg te kan verkondig, die teologie moet beoefen."[14]

Vanuit hierdie ensiklopediese posisie van die Praktiese Teologie kan die volgende ten opsigte van die studieveld van die Praktiese Teologie gekonkludeer word:

- As teologiese dissipline het die Praktiese Teologie die Skrif as bron en norm.
- Die Praktiese Teologie moet as teologiese wetenskap die resultate van die ander teologiese dissiplines in die praktyk verwerk, maar ook omgekeerd die praktyk aan daardie resultate toets.
- Die Praktiese Teologie is nie bloot praktiese wenke enersyds, of andersyds 'n duplisering van die ander teologiese dissiplines nie, maar het die kerklike verkondiging as studieobjek.

1.3 Die verskillende fasette van die kerklike verkondiging as studieveld van die Praktiese Teologie

As ons stel dat die kerklike verkondiging die studieveld van die Praktiese Teologie is, vereis die begrip verkondiging "dat ons dit nader omskryf en verklaar, omdat dit 'n wye en ook verwarrende begrip kan wees. Firet[15] wys daarop dat *verkondiging* deur sommige gebruik word, as 'n sinoniem vir prediking, vir ander is dit weer 'n begrip wat alles omvat: prediking, pastoraat, kategese,

ensovoorts. Daar is ook kringe wat *verkondiging* beskou as die deurgee van die boodskap van God, wat nie in die erediens plaasvind nie en nie van 'n Bybelteks uitgaan nie. Nog ander gebruik die begrip *verkondiging* alleen vir die oorbring van die evangelie aan mense wat die boodskap nog nooit gehoor het nie.

Om die studieveld van die Praktiese Teologie duidelik te omlyn, moet ons onderskei dat nie alle *verkondiging*, kerklike verkondiging is nie. Die Praktiese Teologie wil hom juis besig hou met die kerklike verkondiging[16]. Om dit vollediger as Barth te omskryf, moet ons daarop wys dat die studieobjek van die Praktiese Teologie eintlik 'n drieledige voorwerp is, te wete die kerk, die verkondiging en die gestaltes waarin die verkondiging optree.

1.3.1 Die kerk

Wanneer ons praat van die kerk as die studieobjek van die Praktiese Teologie, bedoel ons nie daarmee die kerk as sosiologiese grootheid nie. 'n Sosiologiese ondersoek van die kerk is sosiologie en nie teologie nie. Ons bedoel ook nie die kerk as geloofsgrootheid nie – so 'n ondersoek is 'n teologiese onderneming wat Ekklesiologie genoem word en tuishoort onder die Dogmatiek.

Die kerk wat geglo en bely word, wat met ander woorde die voorwerp van dogmatiese besinning is, is die eintlike verkondiger van God se Woord. Verkondiging in Bybelse sin geskied in en deur hierdie kerk. Daarom is dit onmoontlik om oor verkondiging te praat sonder om te weet wat die kerk as geloofsgrootheid is, en sonder om te praat oor hierdie kerk as God se verkondiger. Daarom praat ons van kerklike verkondiging, met die oog daarop dat ons nie alles wat as verkondiging aangebied word, wil bestudeer nie, maar wel die verkondiging wat Christus aan sy kerk opgedra het.[17]

Dit is in hierdie selfde sin wat Otto Haendler van verkondiging praat as hy betoog dat Praktiese Teologie struktuurteologie van die hedendaagse kerk is.[18] Wanneer hy van die kerk praat, dan bedoel hy nie daarmee die kerk as voorwerp van ekklesiologiese besinning nie, maar wel die kerk as verkondigingsagent, soos dit vandag essensieel in die wêreld eksisteer. Vir hom val essensie en aksistensie van die kerk as verkondigingsagent saam. Dit gaan dus daarom dat die kerk slegs in die akte van die hoor en van die

verkondiging van die gehoorde Woord, kerk is. Hierdie horende, verkondigende kerk, is die studieobjek van die Praktiese Teologie.

1.3.1.1 *Die kerkordening*

Onder die kerk kan ons ook die kerkordening tuisbring. Ten einde die diens van die Woord sy beste voortgang te laat vind, is dit noodsaaklik dat die lewe van die gemeente so georden word dat die verkondiging sy regmatige loop kan hê. Hierdie kerkordening (ook genoem kerkreg), moet uiteraard op grond van die Woord self geskied, want dit is die Woord self wat voortgang wil hê.

1.3.1.2 *Die tug*

Die tug het sy sin daarin dat dit hom rig op die volharding in die lewe vir God. Die essensie van die tug is dat dit verkondig dat die geloof nie 'n abstraksie is nie, maar die lewe raak. Die tug dien verder ook die doel dat dit in 'n sekere sin die grense van die kerk bepaal.

1.3.2 Die verkondiging in die algemeen

Met verkondiging bedoel ons die oordrag of bediening van die Woord aan mense, soos wat dit aan die kerk opgedra is. Vanuit ons aanvanklike stelling dat Praktiese Teologie voluit 'n teologiese wetenskap is, volg noodwendigerwys dat in die bestudering van hierdie verkondiging, die Praktiese Teologie op die Skrif aangewys is as sy studiebron en norm vir die houdbaarheid van sy resultate. "Daarom kan alleen dit wat diensbaar vir die Woord en nie in stryd met die Woord is nie, as geskikte oordrag van die Woord beskou word. Die werkswyse wat in die lig van hierdie oorwegings gevolg word, vra dus nie wat *effektief* is, in die sin van anneemlik vir mense nie, maar wel na wat reg is volgens die Skrif."[19]

Die Praktiese Teologie stel vas wat verkondiging werklik is, en dit geld beide die prinsipiële en formele aspekte van die verkondiging. Verder bepaal die Praktiese Teologie wat in die kerk aangebied word as verkondiging, toets dit aan die prinsipes wat uit die Skrif afgelei is en bring waar nodig korreksies aan.

1.3.3 Die gestaltes van die verkondiging

Hierdie kerklike verkondiging in sy volle Bybelse rykdom en verskeidenheid, blyk na nadere ondersoek in verskillende gestaltes in die kerklike praktyk te fungeer. Elkeen van hierdie gestaltes vorm weer afsonderlik die studieveld van die Praktiese Teologie.

Sonder om daarop in te gaan, kan ons op goeie Bybelse gronde beweer dat die verkondiging veral in twee kategorieë uiteenval naamlik die voorgemeentelike, of voorliturgiese gestaltes en die binnegemeentelike of liturgiese gestaltes.

1.3.3.1 *Die voorgemeentelike verkondiging*

Hiermee bedoel ons die kersteningsverkondiging, soms ook evangelisasie of sending genoem. Dit is die kerklike verkondiging aan hulle wat nog nie die evangelie gehoor het nie en daarom nog nie glo nie en buite die gemeente staan. Die doel van die verkondiging is om ook diegene uiteindelik binne die gemeente onder die prediking te bring. Die wetenskap wat hierdie verskyningsvorm van die verkondiging bestudeer is die Sendingwetenskap wat by die meeste teologiese fakulteite as 'n afsonderlike vak, los van die Praktiese Teologie, gedoseer word.

Hedendaags word woorde soos kerkvervreemding, buitekerklikheid en selfs postchristendom vrylik gebruik. Die verskynsel dat mense eenmaal die Christelike geloof bely het en dan uitgeval het uit die gemeenskap van die kerk, is nie 'n modeverskynsel of hedendaagse nuwigheid nie. Dit is 'n feit waarvan die Bybel reeds kennis dra en mee rekening hou.[20]

Die wetenskap wat die verkondiging aan hierdie kerkvervreemdes bestudeer, heet normaalweg Evangelistiek. Eintlik het hulle weer voorgemeentelik geword en is Sendingwetenskap en Evangelistiek nie twee vakke nie, maar twee onderafdelings van dieselfde vak. Die eerste bestudeer dan die verkondiging van diegene wat nog nie glo nie en die tweede die verkondiging aan hulle wat nie meer glo nie. Solank Sendingwetenskap as aparte teologiese dissipline los van die Praktiese Teologie erken word, vorm die Evangelistiek, myns insiens, saam met die Sendingwetenskap deel van die bestudering van die voorgemeentelike verkondiging.

1.3.3.2 *Die binnegemeentelike verkondiging*

Dit dui op die woordbediening aan dié wat deur die doop opgeneem is binne die gemeente. Hierdie binnegemeentelike verkondiging kan ook weer op sy beurt in verskillende gestaltes onderskei word.

1.3.3.2.1 Die prediking
Dit is die gestalte van die verkondiging wat binne die erediens van die gemeente fungeer. Dit kan daarom ook 'n liturgiese verkondigingsgestalte genoem word. Die wetenskap wat die prediking bestudeer is die Homiletiek.

1.3.3.2.2 Die kategese
Dit is die onderrigtende verkondiging aan die dooplidmate van die kerk, wat buite die erediens fungeer, maar weer na die erediens teruglei. Die Kategetiek bestudeer die kategese as verkondigingsgestalte.[21]

1.3.3.2.3 Die herderlike sorg
Dit is die verkondiging van die enkeling of enkele huisgesin met die oog op volharding in die geloof binne die gemeente van Christus. Hierdie verkondigingsgestalte kom voort uit die erediens en lei weer terug na die erediens. Die Poimeniek is die prakties-teologiese wetenskap wat hierdie verkondigingsgestalte bestudeer.[22]

1.3.4 Die antwoord van die gemeente

Die verkondiging van die kerk in al sy verskillende gestaltes roep by die hoorder 'n antwoord op in woord en daad. Hierdie geloofsantwoord is nie 'n saak van blote persoonlike willekeur nie, maar geskied ook in gehoorsaamheid aan die Woord wat gehoor is. Daarom vorm hierdie antwoord op die gehoorde verkondiging ook deel van die studieveld van die Praktiese Teologie. Die kern van hierdie antwoord is die gemeentelike *ere*diens aan God. Die wetenskap wat hierdie verskillende elemente in die erediens bestudeer is die Liturgiek. Buite die erediens gaan hierdie antwoord van die gelowige voort en kry gestalte in die barmhartigheidsdiens. Daarom val die diakonaat ook binne die studieveld van die Praktiese Teologie.

1.4 Afgrensing na buite

Wanneer die studieveld van die Praktiese Teologie in breë trekke geskets is, bly die vraag nog van watter aard die studie van die Praktiese Teologie is. Enersyds dreig die gevaar dat die Praktiese Teologie kan opgaan in blote teologiese spekulasies oor die verskillende verkondigingsgestaltes; dan het dit die doel gemis om teorie en praktyk met mekaar in verband te bring. Aan die ander kant is die gevaar teenswoordig veral dat die Praktiese Teologie alleen belangstelling het vir die praktyk, terwyl die teologiese prinsipes uit die oog verloor word. Die versoeking vir hierdie dwaling is groot in die lig van die hulpmiddels wat die ander menswetenskappe bied. Albei uiterstes is 'n dwaling.

Indien die Praktiese Teologie werklik as teologiese dissipline sy studieveld wil betree, moet hy voortdurend die "hulp" van die hulpwetenskappe toets aan hulle diensbaarheid aan die Woord wat verkondig moet word. Die kennis wat hierdie wetenskappe oplewer, kan die praktiese teoloog help om die adres van die verkondiging te leer ken en te verstaan sodat hierdie adres in die verkondiging bereik kan word. As teologiese dissipline bly die norm vir die Praktiese Teologie steeds die Woord van God, ook in die beoordeling van die hulp van ander wetenskappe. Alleen so kan die Praktiese Teologie die prinsipes en praktyk van die kerklike verkondiging met mekaar in ooreenstemming bring.

1.5 Die posisie van die Poimeniek

Wanneer die Poimeniek tot objek van ons studie geneem word, moet van meet af in gedagte gehou word dat dit 'n teologiese dissipline, met ander woorde 'n openbaringswetenskap, is. As onderdeel van die Praktiese Teologie, is die Poimeniek 'n wetenskap in eie reg, maar tegelyk ook 'n wetenskap of dissipline wat as teologiese dissipline fungeer en daarom afhanklik is en berus op die teologiese prinsipes, wat geld. Die Poimeniek as deel van die Praktiese Teologie, staan of val dus by dieselfde prinsipes wat geld vir die teologie as geheel en vir die Praktiese Teologie in besonder. Die Woord van God geld vir die Poimeniek as die enigste bron en norm. Hieraan ontleen hy sy oorsprong, maar alleen in gehoorsaamheid aan hierdie norm kan hy daarop aanspraak maak om as teologiese dissipline te geld.

Die Poimeniek is dié prakties-teologiese dissipline wat hom besig hou met die bestudering van die pastoraat. Die pastoraat is dié besondere gestalte van die kerklike verkondiging as geheel, wat binnegemeentelik van aard is en daarom gerig is tot diegene wat reeds doop- en belydende lidmate van die kerk is. Die pastoraat is paraliturgies van aard en fungeer dus buite die erediens, maar nie los van die erediens nie. As paraliturgiese gestalte van die verkondiging, impliseer dit dat daar 'n nouer verbondenheid is tussen die pastoraat as paraliturgiese gestalte en die prediking as liturgiese gestalte van die verkondiging. Die pastoraat wil dus toesien dat diegene wat onder die prediking die Woord gehoor het, in gehoorsaamheid aan die gehoorde Woord sal lewe en ook dat hulle weer teruggelei word na die erediens om die Woord weer te hoor. Die uniekheid van die pastoraat in onderskeiding met die ander verkondigingsgestaltes, is daarin geleë dat hierdie verkondiging plaasvind in die vorm van 'n persoonlike gesprek, wat gerig is tot die enkeling of huisgesin. Die doel van die pastoraat kan ons omskryf as die opbouing van die liggaam van Christus. Die pastoraat is die middel waardeur die kerk wil toesien dat hulle wat eenmaal tot die geloof gekom het, in gehoorsaamheid aan die gepredikte Woord, sal groei en toeneem in die geloof.

Kernagtig kan ons dus die Poimeniek soos volg definieer: Die Poimeniek is dié prakties-teologiese dissipline wat hom besig hou met die wetenskaplike bestudering van die pastoraat as dié paraliturgiese gestalte van die kerklike verkondiging, wat gerig is tot die individuele gelowige, of gelowige huisgesin, in die vorm van 'n persoonlike gesprek, tot opbouing van die liggaam van Christus.

Die Poimeniek word gewoonlik in handboeke verdeel in 'n prinsipiële en formele gedeelte. Die prinsipiële is daarvolgens die gedeelte wat ondersoek instel na die aard en die doel van die pastoraat, en die formele gedeelte hou hom besig met die vraag na die vorm en metode van die pastoraat. Die eersgenoemde is dus meer gerig op die teologiese prinsipes wat geld vir die pastoraat, terwyl laasgenoemde die praktyk van die pastoraat as fokuspunt het.

Dit is gevaarlik om hierdie indeling sonder enige voorbehoude klakkeloos oor te neem. Enersyds werk hierdie indeling in die hand dat die prinsipes en die praktyk los van mekaar staan en

andersyds dat die een ten koste van die ander verwaarloos word. Op hierdie wyse kan die formele of praktiese sy, die vraag na die vorm en metode, so oorbeklemtoon word dat die prinsipes wat geld ooglopend genegeer word. Hierdie werkwyse lei daartoe dat slegs aandag geskenk word aan die effektiwiteit van die pastorale werk in die praktyk. Die vraag of hierdie werkwyse wat "effektief" is, wel prinsipieel-teologies gesien verantwoord is, en wel volgens hierdie teologiese prinsipes as effektief gekwalifiseer kan word, het in hierdie werkwyse geen bestaansreg nie.

Hierdie verdeling in 'n prinsipiële en formele gedeelte kan ook daartoe lei dat daar uit vrees vir onverantwoorde "effektiewe" tegnieke, teruggedeins word vir die praktyk, sodat die objek van die Poimeniek verskraal word tot blote prinsipiële besinning. Waar die praktiese rigting die praktyk isoleer van die prinsipes, daar isoleer hierdie spekulatiewe rigting weer die prinsipes van die praktyk. Teenoor beide hierdie rigtings moet ons in die bestudering van die Poimeniek ons skerp afgrens.[23]

Die leer en lewe, prinsipes en praxis kan nie van mekaar geskei word nie. Daarom kan die prinsipiële en formele gedeelte van die Poimeniek in die bestudering nie van mekaar geskei word nie. Die prinsipiële gedeelte wil juis die teologiese prinsipes neerlê wat geld vir die beoefening van die praktyk. Wanneer die praktyk uit die oog verloor word, verval ons in blote teologiese spekulasies. Omgekeerd moet die praktiese beoefening van die pastoraat ook telkens weer vra na die riglyne vir sy praktyk, anders verbeur die Poimeniek sy aanspraak as teologiese dissipline.

Hierdie noodsaaklike wisselwerking en wedersydse bepaaldheid, mag nie losgelaat word nie. Alleenlik ter wille van die sistematiese bestudering van die Poimeniek as wetenskap, maak ons die onderskeid tussen 'n prinsipiële en formele gedeelte. In die verdere verloop van die studie sal dit duidelik blyk dat daar telkens grensoorskreidings plaasvind. In die bestudering van die prinsipiële gedeelte, sal ons telkens vooruitgryp na die formele gedeelte en omgekeerd.

HOOFSTUK 2

Die benaming van die vak

Die naam *Poimeniek* het eers sedert die dae van Van Zezsuritsch en Van Oosterzee se leerboeke in die 19de eeu erkenning begin geniet.[1] Die benaming *Pastorale Teologie* is ook vroeër gebruik as aanduiding vir dié teologiese dissipline. Dit kan egter verwarrend wees, omdat Pastorale Teologie ook soms gebruik is as benaming vir die gehele Praktiese Teologie.[2] Teenswoordig word sommige van die studies op hierdie gebied weer aangebied onder die betekenisvolle naam *Pastorale Teologie*. Soos later sal blyk, word hierdie benaming veral aangetref in sekere teologiese kringe waar baie klem gelê word op die sogenaamde "pastoral counseling". Dit is baie sterk antroposentries van aard en is in die meeste gevalle so psigoterapeuties of maatskaplik-sosiologies gerig, dat dit baie moeilik as teologie bestempel kan word.[3]

Naas die benaming *Pastorale Teologie* wat ons afwys, word die benaming *Sielsorg*, ook dikwels aangetref.[4] Hierdie benaming vir die vak kan egter op blote sigwaarde die indruk skep dat dit slegs gaan om die siel van die mens, terwyl die pastoraat hom bemoei met die mens as psigosomatiese eenheid. Die benaming *Sielsorg* word dus ook afgewys omdat dit die moontlikheid van waninterpretasie inhou, wat 'n verskraling van die pastoraat impliseer.

In die gewone kerklike omgangstaal, asook in sekere publikasies, word na hierdie dienswerk van die kerk verwys as *huisbesoek*.[5] Hierin skuil die gevaar dat die sosiale aspek deur hierdie benaming so beklemtoon word dat die diepere betekenis en inhoud van die pastoraat verduister word. Onder die kerklike publiek beteken huisbesoek slegs die normale besoek van ampsdraers aan huis van gemeentelede, terwyl die pastoraat 'n veel wyer veld dek, as maar net gedink word aan besondere pastorale bearbeiding in probleemsituasies. Daarom is ook dié benaming nie volkome geskik nie.

Ons kies die benaming *Poimeniek* as aanduiding vir die wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die pastoraat. Hierdie benaming skakel grotendeels die probleem van waninterpretasie uit en is daarby ook 'n eg Bybelse begrip,

met 'n ryk inhoud en simboliek. Poimeniek is 'n samestelling van die Griekse woorde *poimaino* en *techne*. Dit kan vrylik vertaal word met: die kuns van herder wees. Die Poimeniek hou hom dus besig met die beskrywing van die *ars*, die kuns, die *techne* van die herder wees, die *poimaino*. Deur kortliks te let op die belangrikheid van die herdersfiguur in Ou en Nuwe Testament word die keuse van die benaming *Poimeniek*, outomaties geïllustreer.

Tydens die Bybelse periode was skaapboerdery een van die steunpilare van die ekonomie. Die droë klimaat in die somermaande het veroorsaak dat die troppe kleinvee vir maande in afgeleë gebiede opgepas moes word, ver van die eienaar se huis. Dikwels het die eienaar self (Luk 15:6 en Joh 10:12) of sy seuns, of gehuurde persone die taak verrig om die troppe vee op te pas en te versorg. Dit was 'n verantwoordelike werk. Vanuit hierdie agtergrond tref ons in die Ou Testament die beskrywing van Jahwe as die herder van Israel. (Gen 49:24.)

Hy is die Herder wat voor sy skape uittrek, Hy lei hulle (Ps 23:3); Hy verskaf aan hulle weiding (Jer 50:19); Hy dra hulle in sy arms en beskerm hulle (Jes 23:3; 31:10; 50:19; Eseg 34:11-22; Miga 4:6-8). Omdat hierdie herders ontrou was, sal Jahwe hulle besoek (Jer 2:8; 23:2). Jahwe sal self kom om hierdie herderskap oor te neem, Hy sal weer sy verstrooide skape as herder versamel (Eseg 37:22). Geleidelik het die herdersbegrip ook ontwikkel tot 'n Messiaanse titel. Na die terugkeer uit die ballingskap het die slegte herders van sy volk die toorn van Jahwe ontlok (Sag 13:7). Aan die einde van die Ou Testament is die herdersuitsprake 'n afbeelding van die goeie Herder wat sal kom om sy lewe af te lê vir sy skape. In die Nuwe Testament word Christus geteken as die goeie Herder: Hy ken elkeen by sy naam (Joh 10:3; 14:27). Hy soek die verlore skape en is bly wanneer Hy hulle vind (Luk 14:4-6); Hy is bereid om sy lewe te offer om hulle te beskerm (Joh 10:11-13). Christus aarsel ook nie om die herder te gebruik as aanduiding vir God in sy gelykenisse nie (Luk 15:4-7; Matt 18:12-14). Slegs een keer in die Nuwe Testament word gemeenskaplike leiers aangedui met die benaming *herders* (Ef 4:11). Tog kom dit dikwels voor dat die werkwoord *poimaino* gebruik word vir die werk van sulke gemeenskaplike leiers (1 Pet 5:2; Hand 20:28; Joh 21:16). In Johannes 21: 15-17 word beskryf hoe Petrus aangestel word as herder om sy skape te laat wei. Die volk Israel word ook

dikwels in die Ou Testament aangedui as die skape van Jahwe (Hos 4:16; Jer 13:7; 23:1; Ps 95:7; Ps 100:3; Miga 7:14). In lyn met die Ou Testament vind ons dit ook in die sinoptiese evangelies dat Jesus deur God gestuur is en dat Hy weer sy dissipels stuur om: *Ta probata Ta apoloieta oikou Ispae* (Matt 15:24; 10:6; Luk 19:10). Hierdie terminologie word ook eskatalogies gebruik: as sy skape wat uiterlik bedreig word deur wolwe (Matt 10:16; Luk 10:3) maar ook van binne bedreig word deur wolwe in skaapsklere (Matt 7:15)[6].

Uit hierdie enkele Bybelse perspektiewe rondom die begrippe *poimaino* en *poimen* is dit duidelik dat dit 'n wye verskeidenheid van opdragte en verantwoordelikhede op die herder plaas. Christus is die goeie Herder, maar in afgeleide sin is dit ook opdrag aan die kerk en meer in die besonder, opdrag aan die ampsdraers van die kerk.

Ons kies daarom ook die woord *Poimeniek* as benaming vir die dissipline wat die pastoraat as objek het. Die woord pastoraat is weer op sy beurt 'n afgeleide vorm van die Latynse *pastor* wat *herder* beteken. Pastoraat is dan die benaming van dié bepaalde taak van herderlike sorg van die kerk[6].

In lyn met die benaming *Poimeniek* word ook die Afrikaanse begrip *Herderkunde* gebruik[7]. Ter wille van eenvormigheid in die benaming van die ander dissiplines in die Praktiese Teologie soos: Liturgiek, Homiletiek en Kategetiek, handhaaf ons die naam *Poimeniek*.

HOOFSTUK 3

Bybelse perspektiewe vir die pastoraat

As die Poimeniek wil fungeer as teologiese dissipline kan dit slegs sy doel, oorsprong, gesag en norme ontleen aan een bron, naamlik die geopenbaarde waarheid van God in sy Woord. Wanneer hierdie belangrike voorveronderstelling losgelaat word, bevind die Poimeniek hom op 'n gevaarlike weg, want dan is hy besig om sy aanspraak as teologiese dissipline te verbeur. As ons in die Bybel soek na riglyne vir die pastoraat, vind ons die volgende:

3.1 Die herder-beeldspraak

Hierbo is reeds gehandel oor die betekenis van die woord *poimaino*. Hier wil ons slegs probeer bepaal watter riglyne vir die pastoraat in hierdie beeldspraak opgesluit is.

In die Ou Testament betuig God homself as die groot Pastor, wat seën met hemelse en aardse seëninge, die Een wat sy volk verlos uit hulle nood en ellende (Gen 49:24; Ps 23 en 28:9). Hy betuig sy herderskap aan die kudde deurdat Hy self aardse herders oor die volk aanstel (Num 27: 17). Die taak van hierdie herders is om die volk so op te pas dat hulle in die verordeninge van die Here sal wandel en sy instellinge sal onderhou (Eseg 37:24). Dieselfde bewoënheid van God as Herder oor sy volk, tref ons ook aan in die Nuwe Testament waar dit sigbaar word in die vleeswording van Jesus Christus. "Die herderskap van God vind juis sy volledigste uitdrukking in die verlossing wat God in en deur Jesus Christus vir sy volk bewerk."[1] Omdat Hy die Een is wat die werk van die Vader op die aarde kom doen, word Hy die Herder by uitnemendheid genoem, die goeie Herder (Joh 10:11), die groot Herder (Heb 13:20). Sy pastoraat het die ryk van God tot inhoud: "Dat rijk predikt Hij. Dat rijk brengt Hij. Hij verkondigt en draagt het, Hij maakt de krachten van het rijk voelbaar. Hij richten tekenen van het rijk op. Hij zet mensen in de lichtkring van het rijk."[2]

Om die uitvoering van God se herderskap onder sy kudde voort te sit, stel Jesus self herders aan (Joh 21:15 en Ef 4:11). Die taak van hierdie herders is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, "tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Ef 4:11 en 12). Dit gaan dus om die volheid en eenheid van die geloof in Jesus Christus. Die herders moet weiding verskaf en hierdie weiding is niks anders as die verkondiging van die goddelike Woord nie. (Vergelyk die formulier vir die bevestiging van die dienaars van die Woord.)[3]

3.2 Konstitutiewe elemente van Christus se herderlike sorg

Deur te probeer vasstel watter gees die herderlike sorg van Christus geadem het, kan konstitutiewe elemente vir die kerk se pastoraat van vandag omlyn word. Verskeie publikasies bring hierdie elemente na vore.[4] JJ de Klerk gee in sy boek *Herderkunde* 'n oorsig oor hierdie onderskeie elemente.[5]

3.2.1 Diensbaarheid

Jesus se optrede staan in die teken van sy diens-aan-mense. Sy openheid vir die mens impliseer nie dat Hy hulle optrede en dade sanksioneer nie. Sy diensbaarheid kom juis daarin na vore dat Hy hulle skynheiligheid ontmasker sonder om kompromieë te maak (Mark 10:22 en 12:12, Matt 23; Luk 9:57,62). Sy diensbaarheid blyk daaruit dat Hy nie mense wil knak nie, maar juis wil heel (Matt 11:20). In sy diensbaarheid soek Hy nie na eie eer nie, maar wil Hy slegs die eer van sy Vader bevorder (Joh 5:44; 7:18).

3.2.2 Individuele toespitsing

Die goeie Herder ken sy skape (Joh 19:13,27), soos ook blyk uit die pastoraat van Christus. Hy neem hulle persoonlike situasie in aanmerking en spreek hulle juis aan in hulle eie konkrete lewensituasie (Joh 4). Die enkeling word uit die massa en die anonimiteit na vore geroep.[6] Hy skenk nie net aandag aan die mens se sielenood nie, maar aan die menslike nood in die totaliteit van sy menswees (Mark 10:17-24).

3.2.3 Soteriologiese dimensie

Jesus se sorg oor mense word bepaal deur hulle eintlike nood, naamlik hulle sondeverlorenheid. Sy pastorale bewoënheid is daarop gerig om hulle te bring tot die genade van God en die verlossing wat Hy self gebring het (Luk 19). Daarom word sy pastoraat gekenmerk deur 'n voortdurende soteriologiese dimensie as verkondiging van die verlossing in Jesus Christus.

3.2.4 Ekklesiologiese dimensie

Die versamelingskarakter van sy pastoraat staan baie sterk voorop, soos duidelik blyk uit die gelykenis van die verlore skaap wat weer teruggebring word na die kudde. Die doel van sy pastorale sorg is juis om die afgedwaalde weer terug te bring na die kudde wat aan Hom behoort.

3.2.5 Pneumatologiese dimensie

"Daarmee saam word die sorg ook gesien in die heenlei en begeleiding van die kudde. Die weiding van die enkeling saam met die ander word nagestreef. Agter die sorgneem van die Herder, moet die barmhartigheid van die drieënige God raakgesien word. Daarom is daar in die herderlike sorg ook 'n pneumatologiese aspek."[7]

3.2.6 Gesprekmatige verkondiging

Die uniekheid van Christus se pastorale omgang met mense is juis geleë in die feit dat Hy by wyse van gesprekvoering die heil aan hulle verkondig. By wyse van gesprekvoering en dialoog lei Hy hulle uiteindelik daartoe dat hulle gekonfronteer word met hulle werklike lewensnood, en deur middel van die gesprek rig Hy aan hulle die appèl van die geloof (Mark 10:17-24; Joh 4; Joh 3).

3.2.7 Oproep tot geloof

Die inhoud van sy pastoraat loop telkens uit op 'n klimaks wat bestaan uit 'n oproep tot geloof en bekering. Hierdie fokuspunt kom duidelik na vore in sy genesingswonders en gesprekke. Hy gee nie net aandag aan die tydelike, liggaamlike nood nie, maar

roep die mens op tot die geloof as die enigste ware verlossing en bevryding (Joh 3:5; Joh 4).

3.3 Die Bybelse nasorg

Uit Bybelse getuienis spreek dit duidelik dat hulle wat eenmaal tot die geloof gekom het, voortdurend weer in daardie gestigte geloof opgebou en versterk moet word (Heb 12:15; Heb 10:23-25; Heb 5:12-14). Dit blyk ook uit die Heidelbergse Kategismus dat God die mens voortdurend in die geloof wil versterk deur Woord en sakrament.

Aangegryp deur hierdie waarheid, het die apostel Paulus dit nodig geag om telkens weer terug te gaan na hulle aan wie hy eenmaal die Woord verkondig het. Na so 'n opvolgbesoek aan die gemeentes wat gestig is tydens sy eerste sendingreis, word vertel: "En die gemeentes is versterk in die geloof en het elke dag vermeerder in getal" (Hand 16:5). Hierdie nasorgwerk van die apostel Paulus, moes verkondiging van die goddelike Woord gewees het, want versterking in die geloof en vermeerdering in getalle geskied nie anders as deur die verkondiging van die Woord nie.

Ook die briewe wat die apostel Paulus skryf aan die gemeentes wat reeds tot die geloof gekom het, dra hierdie nasorg-karakter. Inhoudelik is die briewe getuienis van Jesus Christus se persoon, woord en werk, 'n oproep tot geloof in Jesus Christus en 'n vermaning tot onderhouding van God se gebooie uit dankbaarheid vir die geskonke heil in Jesus Christus. Ons kan konkludeer dat die pastoraat in die teken van die nasorg staan. Hierdie nasorg kom voort uit die feit dat die Woord reeds gehoor is en is daarop gemik dat die Woord weer gehoor moet word. Hierdie nasorg wat verrig is, is tegelyk ook voorsorg om toe te sien dat hulle wat eenmaal die Woord gehoor het, nie in die genade sal veragter nie, maar voortdurend die Woord sal hoor en in gehoorsaamheid daaraan sal lewe. Pastorale nasorg is dus weer tegelykertyd voorkomende voorsorg, toerusting en geloofsbewapening.

3.4 Die besoek aan huise

Die doel van die pastoraat is juis daarin geleë dat dit gerig is aan die individu of enkele huisgesin in die vorm van 'n persoonlike

gesprek. Om hierdie besondersheid van die pastoraat reg te verstaan, is 'n regte verstaan van die verhouding enkeling/gemeente nodig, soos 1 Petrus 2:5 dit stel: "Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees ..." Ons moet die enkeling sien in sy "... verantwortliche Personsein vor Gott"[8], of soos Natal Dawid aangespreek het: "Jy is die man." Die doel van die pastoraat is nie om 'n vroomheid los van en buite die erediens en gemeente te kweek nie, maar juis om daarvoor sorg te dra dat elke afsonderlike gelowige ook ingebou word in die gebou van God. Die pastoraat wil juis weer teruglei na die erediens en die gemeenskap van gelowiges. (Vergelyk 1 Kor 12.) In Handelinge 20:20 word direkte getuienis gegee van die verkondiging van die Woord in die huis van gelowiges. Paulus het niks agter gehou wat nuttig is om aan die gelowige Efesiërs te verkondig en hulle te onderrig in die openbaar en in hulle huise nie. Hierdie "wat nuttig is", is verkondiging aangaande Jesus Christus, of soos Paulus dit self stel, die verkondiging van die hele raad van God (Hand 20:27).

3.5 Bybelse begrippe wat in die pastoraat fungeer

In die praktyk van die kerklike verkondiging kan die verskillende verkondigingsgestaltes nie altyd in waterdigte kompartemente van mekaar geskei word nie. Daar sal altyd 'n sekere mate van oorvleueling wees. Die prediking sal altyd sekere kategetiese momente bevat; die pastoraat sal weer onvermydelik sekere homiletiese asook kategetiese elemente in hom omdra. So sal daar ook byvoorbeeld in die pastoraat 'n sekere evangeliserende moment aanwesig wees, maar dit sal ons ook weer aantref in die evangelisasie self en ook in die prediking en kategese.

Nieteenstaande die vloeibaarheid in die praktyk is dit egter vir die sistematiese bestudering van die Poimeniek nodig om die eiesoortige karakter en beklemtoning van die pastoraat te omlyn.

Ons wil dus stel dat ons in die pastoraat sal opereer met gemeenskaplike verkondigingsbegrippe soos: *profeuteuein, katechein, evangelizen, kerusseim,* ensovoorts. Die eiesoortige aksent van die pastoraat, soos veral in die besondere pastorale bearbeiding, word egter deur ander begrippe tot uitdrukking gebring. Die verskillende begrippe het uit die aard van die saak 'n wye betekenisveld, wat bepaal word deur die konteks waarin dit

voorkom. Ons wil hier slegs aantoon wat die mees algemene en vir die pastoraat-toepaslike betekenisse en implikasies is.

3.5.1 Parakalein

Die begrip *parakalein* omvat die betekenisveld van vermaning, bemoediging en vertroosting. Hierdie begrip bevat homiletiese (2 Kor 5:20) maar ook duidelike pastorale momente (Heb 10:24)[9].

In dié begrip *parakalein*, is daar die gedagte van die gerigtheid van die een mens op die ander, asook 'n toespitsing op die situasie van die persoon: "... zit de gedachte van een gerichtheid op de contingente situatie van een persoon of een groep personen."[10] Die paraklese kan dan, afhangende van die situasie, 'n versoek, 'n vermaning of vertroosting inhou. Die onderskeid is egter nie maklik te maak nie. Vermaning en vertroosting is wedersyds bepalend en afhanklik. "Het betekent wel dat de vermaning altijd in direkt verband staat met de 'enige troost', dat ik met lichaam en ziel, beide in het leven en sterven niet mijn, maar mijns getrouwen zaligmaker Jezus Christus eigen ben" (H C, vr en antw I).[11]

Paulus maak dikwels gebruik van hierdie parakletiese formule (Rom 12:1; Rom 15:30; 1 Kor 1:10, 2 Kor 10:1). Dit is meer as 'n sedelike appèl, want dit gaan om dit wat menslike moontlikhede te bowe gaan. Hierdie beroep wat in die vermaning gedoen word, is gegrond in Christus (Filip 2:1) en in die barmhartigheid van God (Rom 12:1). "Hierdie waarheid bevry die sielsorg van die moralisme met sy wettiese karakter. Die Evangelie skenk en eis op. Dit skenk Gods vryspraak, die genade en die gemeenskap van God, maar dit eis dan die mens op vir die diens van God. Regverdigmaking en lewensheiliging is ten nouste aan mekaar verbonde."[12]

Uit 1 Tessalonisense 4:1 blyk dat die begrip *parakalein* in die Nuwe Testament wel gesag impliseer. Boekestein sê egter tereg dat dit geen outoritêre mag en dwang is nie, maar met liefde.[13]

Die paraklese verkonderstel die saamwees in die liggaam van Christus en roep die eenwording in erediens en sakrament op. Die onderlinge geloofsverbondenheid fungeer hier sterk as onderbou van die paraklese.[14]

3.5.2 Nouthetein en elenchein

Dit is veral die werke van Jay E Adams wat hierdie begrip in die pastoraat sterk aksentueer in sy boek *Nouthetic counseling*. Hy stel dat in die begrip *nouthetein* veral drie basiese elemente aanwesig is. Eerstens: "Nouthetic confrontation always implies a problem, and presupposes an obstacle that must be overcome."[15] Tweedens: "The second element inherent in the concept of nouthetic confrontation is that problems are solved nouthetically by verbal means."[16] In hierdie gesprek is die doel om 'n gedragsverandering te bewerkstellig in ooreenstemming met die Woord. Derdens: "The third element in the word nouthesis has in view the purpose of motive behind nouthetic activity. The thought is always that the verbal correction is intended to benefit the counselee."[17] Die doel van hierdie verandering is die eer van God (1 Tes 2:7,8), en word gedra deur en is deurdrenk van die liefde van God (1 Kor 4:14; Ef 6:24).

Die gebruik van die begrip *elenchein* is bepaald. Dit beteken om 'n persoon se sonde aan te toon en hom op te roep tot berou. "Dit mag 'n privaat saak tussen twee persone wees soos in Matteus 18:15 en Efesiërs 5:11. Dit mag egter ook 'n gemeentelike aangeleentheid onder leiding van die voorganger wees, soos in die pastorale briewe (1 Tim 5:20, 2 Tim 4:2; Tit 1:9,13; 2:15). Dit word ook ten opsigte van die bestraffende werk van die Heilige Gees (Joh 16:8) en die verhoogde Christus gebruik (Op 3:9). Dit gaan baie bepaald om die stryd teen die sonde."[18]

3.5.3 Oikodomein

Al hierdie genoemde begrippe sentreer rondom die gedagte van die oikodomein. Die vertroosting, vermaning, bestraffing en bemoediging het almal uiteindelik ten doel die opbouing van die gemeente. Dit is 'n verantwoordelikheid wat die gelowiges ook teenoor mekaar het en moet openbaar (1 Tess 5:11). Dit is die uiteindelike doel van die pastoraat, waartoe al die verskillende fasette moet meewerk (Rom 14:19; 15:2; 1 Kor 14:3; Ef 4:11-16).

3.6 Konklusies

Vanuit hierdie genoemde Bybelse perspektiewe vir die pastoraat, kan die volgende kernagtige konklusies getrek word.

- Die pastoraat vind sy oorsprong en motivering in die herderbeeld van die Bybel, wat Christus voorhou as die goeie Herder. Hierdie opdrag het Christus toevertrou aan sy kerk.
- Pastoraat is gesprekmatige verkondiging gerig op die persoon in sy konkrete lewensituasie.
- Die inhoud van hierdie verkondiging is 'n oproep tot geloof in Jesus Christus.
- Hierdie gesprek bevat die elemente van vermaning, bestraffing, vertroosting en bemoediging, maar word gekenmerk en gedra deur die gees van liefde.
- Die doel van die pastoraat is die opbou van die liggaam van Christus.
- Die pastoraat fungeer in die lig van die Bybelse nasorg wat weer tegelyk voorkomende voorsorg is.

HOOFSTUK 4

Die subjek van die pastoraat

4.1 Die onsigbare subjek

Die pastoraat is dienswerk wat verrig word deur die kerk, in naam en opdrag van Jesus Christus, die Heer van die kerk (Joh 21; Ef 4). Dit is amptelike dienswerk wat in die eerste instansie die verantwoordelikheid is van die ampsdraers van die kerk. Daarmee is dit natuurlik nie uitgesluit dat gelowiges ook teenoor mekaar hierdie verantwoordelikheid het nie. As amptelike dienswerk is die pastoraat meer spesifiek die verantwoordelikheid van die predikant en ouderling.

Tog is die ampsdraer in eintlike sin nooit werklik die subjek van die pastoraat nie. Die stilswyende veronderstelling wat as voorwaarde geld vir alle vorme van die kerklike verkondiging, is dat hierdie verkondiging alleen moontlik is waar God deur sy Woord en deur middel van die werking van sy Gees Hom openbaar. Hierdie voorwaarde geld met dieselfde krag ook ten opsigte van die pastoraat. Geen gesprekstegniek of vaardigheid van die pastor kan hierdie misterie waarborg nie. Daarom kan die pastoraat slegs sinvol wees wanneer die Woord uiteindelik aan die woord kom. Alle pastorale gesprekke moet uiteindelik daarheen lei dat geluister word na die Woord van God. Daarom is die pastor self nie die eintlike subjek van die pastoraat nie – hy is slegs maar die instrument, die middel waardeur die eintlike subjek, naamlik God self, aan die woord kom. God is self deur sy Woord en Gees die onsigbare derde Persoon in die pastorale gesprek.[1]

Die appèl van die pastorale gesprek word slegs 'n sinvolle moontlikheid waar die Heilige Gees self tot berou en bekering bring. Hierdie werking van die Gees geskied nie los van en buite die Woord om nie, maar juis deur middel van die Woord van God.[2] Vanuit hierdie veronderstelling word die pastoraat gedra deur die gebed om die bevestiging van die Gees van God deur sy Woord.

Die pastor kom in naam en op gesag van die Pastor wat hom gestuur het, wat deur sy Woord en Gees self die subjek van die pastoraat is. Christus is dus in geheel enige sin die subjek van die bediening van die kerk, dog in die uitoefening daarvan bedien Hy hom van mense wat deur Hom daartoe geroep is. Die pastoraat is dus in wese die voortsetting van die Messiaanse diens van die Kneg van die Here. "Onder het nieuwe verbond ... zijn de ambtsdragers niets anders as ministerie, door wie Christus Zijn ambt uitricht."[3]

Op die vraag hoe die diakonia van Jesus Christus voortgesit word, antwoord Van Ruler in terme van die *praesentia realis Christi ipsius:* "Hij zelf is het ... die zijn Messiaansche dienst aan het Rijk in de wereld voorsit."[4] Sonder hierdie intieme verhouding tussen Christus en die draers van die amp, is geen dienslewering aan die mens moontlik nie. In die amp is egter nie slegs Christus nie – dit sou lei tot docetisme – daar is ook nie slegs die ampsdraer nie – dit sou lei tot klerikalisme – maar daar is altyd 'n noue twee-eenheid; Christus én die ampsdraer.

Juis hierdie feit stel besondere hoë eise aan die persoon van die pastor.

4.2 Die persoon van die pastor

Dit is 'n opvallende verskynsel dat feitlik sonder uitsondering slegs die tegniese handvaardigheid van die pastor in praktiesteologiese geskrifte ter sprake kom. Daar word slegs gevra na die vorm en metode, dit wil sê die tegniek van die ampspraktyk. Die indruk word gewek dat slegs tegniese skoling nodig is vir 'n suksesvolle pastorale bediening. As ons oor hierdie onderwerp wil besin, bring dit ons outomaties by die vraag na die pastorale etiek. Die pastorale etiek wil juis vanuit die Skrif probeer bepaal hoedanig die ampsdraer se eie gesindheid teenoor sy amp behoort te wees.

In 1 Timoteus 4:16 word byvoorbeeld gesê: "Let op jouself en op die leer, volhard daarin, want deur dit te doen sal jouself red sowel as die wat jou hoor." Paulus beveel Timoteus om op homself in die totaliteit van sy persoon, op sy hart en lewe, net so ag te slaan as op die leer wat hy moet voordra. Die implisiete bedoeling van hierdie woorde is seker dat indien die regte leer of lewe by hom sou ontbreek, sy bediening onmoontlik tot redding

van ander sou kon strek. Dit spreek dus eintlik vanself dat sowel die subjektiewe ingesteldheid van die pastor as die objektiewe bedieningsmateriaal komponente is van 'n effektiewe ampsbediening. Anders uitgedruk: Die evangeliedienaar is eksistensieel so by sy ampsbediening betrokke dat hy nêrens of nooit geheel of gedeeltelik buite sy bediening kan staan nie.

Die pastorale opdrag aan Petrus in Johannes 21:15-17, lewer ook belangrike gegewens. Jesus Christus maak Petrus deur sy bevel tot pastor. Verder vra die Here elke keer, voordat Hy die opdrag gee, eers of Petrus Hom liefhet. Die Here wil dié Petrus wat Hom vantevore verloën het, nou vir 'n besondere diens gebruik. Daarom moet hy die Here liefhê sodat hy die pastoraat nie volgens sy eie wil nie, maar volgens die wil van die goeie Herder kan verrig.

In 1 Timoteus 4:6 vind ons ook so 'n pastoraal-etiese uitspraak: "As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees, terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof ..." Die goeie pastoraal-etiese lewe is dus nie afhanklik van een of ander menslike eienskap in die persoon van Timoteus nie, maar in sy gewilde en gekose ingesteldheid ten opsigte van die Woord en die opdrag van die Woord. Pastoraal-eties goed sal Timoteus dus handel as hy hierdie gewilde en gekose ingesteldheid in al sy doen en late getrou bly.

Wanneer 'n pastor dus na die eis van Gods Woord pastor wil wees, en sy pastoraat as 'n persoon-en-talent-opeisende dienswerk na die eis van dieselfde Woord vervul, dan is hy sedelik goed en handel hy sedelik goed. Dit is iets anders as sondeloos en veronderstel juis dat hy sy sondigheid, wat altyd 'n obstruksie vir die pastoraal-etiese goeie vorm, in geloofsgehoorsaamheid moet aflê en hom tot dit wat God van sy pastor eis, moet wend.

Pastorale etiek kan nou in die lig van die voorgaande beskryf word as die wetenskap wat die grond en moontlikheid van pastoraal-etiese handeling en keuring ondersoek en beskryf. Ongelukkig het die pastorale etiek in ons opleiding nog nie selfstandige erkenning ontvang nie. Dit is iets anders as die Christelike etiek; dit is 'n ampsgerigte etiek wat onder die praktiese teologie moet ressorteer.[5]

Vanuit hierdie enkele opmerkings oor die pastorale etiek wil ons poog om riglyne vir die pastor in die beoefening van sy

pastoraat neer te lê. Wat hier gesê word van die pastor, geld as vanselfsprekend ook vir sy huisgesin en huislike lewe.

4.2.1 'n Oortuigde roepingsbewustheid

Om in die worstelruimte van die lewe in volle ontmoeting met die medemens te verkeer, moet hy veral in ontmoeting met die Mens, Jesus Christus leef. Wie nie self oortuig is van sy sending en Sender nie, kan ook nie met ander daaroor praat nie. Die pastoraat funksioneer nie soos 'n onpersoonlike bandopname nie, maar dit is 'n lewende getuie van 'n waarheid wat hyself beleef en waardeur hy ook begeester is. Van sulke onoortuigde, belewingslose optrede, het Calvyn gesê: "... dat daar menschen is dat luid schreeuwen om hun borst te oefenen, maar een godzalig herder moet eerste bij zichzelf schreien eer hy ander tot tranen verwekt; moet bij zichzelf droefheid hebben, zal hij ze anderen bijbrengen.[6]

Daar is iets verkeerd wanneer iemand voorgee om self mens van en vir God te wees en tog lusteloos ongeïnteresseerd en sonder geesdrif omtrent sy boodskap te wees. Hiermee word geen pleidooi gelewer vir gemaakte erns, of toneelspel, of skynheiligheid nie. Valse erns en vroomheid en toneelspel maak geen indruk nie, dit bederf alleenlik die pastoraatsbeoefening, want mense bemerk gou sy medemens se valsheid en onopregtheid. Dit is nie iets wat aangeleer kan word nie, dit is alleen 'n erns en oortuiging wat groei en wortel in 'n eie oortuigde geloofslewe.

4.2.2 Die geloofslewe as bewyskrag van die pastoraat

Ons dade is die bewyskrag van ons woorde. Daar is niks wat die pastoraat so kan ondermyn as 'n persoonlike lewe wat in stryd is met die pastorale Woord wat gespreek word nie. Hiermee word weer eens nie bedoel 'n aangeplakte skynvroomheid nie, ook nie 'n houding van raak-nie, smaak-nie, roer-nie-aan nie, ook nie dat die pastor 'n sondelose wese is nie. Die goue reël in pastoraatsbeoefening is altyd: Tree self so op dat jy met vrymoedigheid 'n ander kan aanspreek wanneer hy verkeerd optree.

Dit bring ons weer daarby dat die pastoraat gedra word deur 'n oortuigde geloofspraktyk van die pastor, wat self lewe in gehoorsaamheid aan die Woord wat hy verkondig: "Der Seelsorger ist Träger und Übermittler der Botschaft dazu muss er selber im

Wort und in der Gemeinde wurzeln und aus dem Glauben an die Vergebung leben."[7]

Die beeld van 'n *sport* wat bereid is om aan alles sonder perke mee te doen, kan wel my beeld as mens vergroot, maar dit skaad egter my beeld as pastor en dwarsboom die beoefening van my pastoraat. Dit beteken ook nie dat die pastor 'n dubbele lewe beoefen nie, een lewe in die gemeente en 'n ander tuis nie. Aan die ander kant moet ook gewaak word teen skynvroomheid ter wille van die uiterlike vertoon, wat lewensvreemd en wêreldontvlugtend is.

4.2.3 Teologiese skoling en studie

Pastoraat is verkondiging van die Woord. Dit impliseer dat sinvolle pastoraat alleen dáár moontlik is waar dit voorafgegaan word deur en berus op behoorlike eksegese van die Skrif en die gepaardgaande teologiese besinning. Pastoraat vereis dus die nodige voorbereiding en studie soos ook die geval by die prediking en kategese. Wanneer hierdie aspek van die pastoraat verwaarloos word, word dit vervlak tot 'n bloot oppervlakkige gesprek of die mededeling van persoonlike belewenisse.

4.2.4 Pastorale introspeksie

Die pastor word bedreig deur die gevaar van geestelike roetine en absorbering van ander se lewensnood wat enersyds daartoe kan lei dat sy optede 'n neutrale meganiese handeling word en andersyds dat hyself as gevolg van emosionele betrokkenheid so vasgevang word dat sy eie perspektief verlore raak. Om dit te voorkom is dit nodig dat die pastor ook voortdurend pastoraal introspektief met homself besig sal wees, om sodoende sy eie lewe te orden in die lig van die Woord en om sy eie opdrag weer helder voor oë te kry. Hierdie pastorale introspeksie word gedra deur die gebed en deur die voortdurende smeking dat God self deur sy Heilige Gees, die onsigbare derde Persoon in sy pastoraat sal wees, waardeur ander in die geloof gesterk sal word.

HOOFSTUK 5

Die objek van die pastoraat

5.1 Die Bybelse antropologie as onderbou van die pastoraat

Die pastoraat is 'n binnekerklike verkondigingsgestalte en daarom in die eerste plek gerig tot hulle wat deur doop en belydenis deel is van die gemeenskap van gelowiges. Al is daardie geloofsband hoe swak, kan die pastor tog in sy pastoraat 'n sekere geloofsklankbord veronderstel. Die vraag is egter watter beeld die pastor van daardie persoon moet vorm.

Die ou benaming vir die pastoraat, naamlik sielsorg, kan die verkeerde konnotasie meebring dat sielsorg aan die siel van die mens verrig word. Pastoraat word aan mense verrig. Die beslissende vraag vir die pastoraat is egter wie en wat hierdie mens is wat die objek van sy pastorale sorg uitmaak. E Thurnyssen het in sy bekende werk oor die sielsorg hierdie vraag aan die orde gestel: "Sage mir wie du über den Menschen denkst, und ich will dir sagen was für ein Seelsorger du bist. Alle Verwirrungen in der Seelsorge lassen sich zurückführen auf ein mangelendes oder ein falsches Verstehen dessen, was der Mensch ist."[1]

Omdat die mens die objek van die pastoraat is, is 'n Bybelse antropologie noodsaaklik vir die pastoraat.

5.1.1 Onderskeibaarheid en eenheid van liggaam en siel

Thurnyssen stel dat deur die inblasing van die Gees of asem van God, die mens as eenheid van siel en liggam mens word. Die mens is 'n lewende siel. Wanneer daar in die sielsorg van die siel van die mens gepraat word, word daarmee eintlik die hele mens, die mens in die eenheid en totaliteit van sy tweeheid as liggaam en siel bedoel.[2] Dat die mens 'n twee-eenheid van liggaam en siel is, sê nie iets oor die samestelling van die mens nie, maar oor sy wese.[3]

Wanneer gesê word dat die mens in sy tweeheid, wesenlik 'n eenheid is, moet teen twee afwykings gewaak word, naamlik om die tweeheid in die eenheid of die eenheid in die tweeheid op te

los. As die tweeheid of onderskeibaarheid van liggaam en siel verontagsaam word, verval 'n mens maklik in 'n onbybelse monisme. Hierdie monisme kan òf na die kant van die liggaam, òf na die kant van die siel wees. Word die mens net as liggaam gesien, dan loop dit uit op 'n materialistiese monisme. Word die mens net as siel gesien, loop dit uit op 'n spiritualistiese monisme.[4]

Die dualisme van die Griekse filosofie het inslag gevind in die Roomse kerk en ongelukkig ook in die Protestantse teologie. Die siel is dan die substansie wat geestelik, ruimteloos en onsterflik is, terwyl die liggaam die materiële, ruimtelike en sterflike substansie is. Met so 'n mensbeskouing kom 'n mens dan vanself tot die besef van die oneindige waarde van die siel en die onwaarde van die liggaam.[5]

5.1.2 Die mens as beeld van God

Volgens Thurnyssen bestaan die beeld van God daarin dat die mens in 'n bepaalde verhouding tot God staan. Hierdie omgang en verkeer tussen God en mens, is 'n omgang in en deur die Woord van God.[6] God het die mens nie net *deur* die Woord nie, maar ook *vir* die Woord geskape. Die mens is geskape as 'n "teenoor", 'n antwoordende persoon voor God en vir God.

Elke poging om die *imago Dei* as iets in die mens te verstaan, moet radikaal afgewys word. Dan word die begrip *beeld van God* substansieel in plaas van relasioneel verstaan. Die mens is *imago Dei* in soverre hy in die verhouding tot God staan. Die mens het sy menswees nie in homself nie. Hy is wat hy is, alleen in en deur sy verhouding tot God.[7] By herhaling word dit gestel dat dit geld van die mens na siel en liggaam, die hele mens in sy psigosomatiese eenheid.

Daarom is die beslissende vraag vir die mens of hy wel na liggaam en siel onder die genadige aanspraak van God leef of nie. Leef die mens wel onder die aanspraak van God, dan het hy in sy geheelheid van sy eksistensie na liggaam en siel tot 'n geestelike "pneumatiese mens geword". Leef hy nie daaronder nie, dan het hy na liggaam en siel tot 'n vleeslike mens geword.[8]

5.1.3 Die mens as sondaar

Sonde bestaan daarin dat die mens wat daartoe bestem was om

God te bely, sy bestemming nie meer vervul nie. Die mens bestaan nog, maar in die mag van die sonde. In Christus is die mens begenadig en word hy as sondaar 'n van-God-aangenome mens.

Vanuit hierdie Christologiese gesigspunt is dit duidelik dat die mens in sy geheel na liggaam en siel sondaar, maar 'n in-Christus-begenadigde sondaar is.[9] Daarom moet twee opvattings wat veral wyd verbreid is, afgewys word. Die eerste is dat dit by die vergewing van sondes om die redding van siele gaan. Die ander is dat die sonde tot die liggaam beperk is en dat die liggaam daarom deur die siel so onderwerp moet word dat dit as iets vreemds en ongewens naas die siel beskou moet word. Volgens hierdie opvatting is dit alleen die liggaam wat aan die sonde blootgestel is, terwyl die siel daarvan gevrywaar is. Die vergewing van sondes daarenteen beteken redding vir die hele mens, dit wil sê liggaam en siel (Vergelyk H K Sondag XV). Die ware nood van die mens is dus die nood van die sonde. Om die mens vanuit hierdie nood van sonde te bevry is die doel van die pastoraat. Daarom kan die pastoraat in die eerste en laaste instansie in alle menslike nood die vrymakende genade van Jesus Christus deur God verkondig.

5.2 Die betekenis van die Bybelse antropologie vir die pastoraat

Pastoraat is Woordverkondiging aan die enkeling. Die pastor en die lidmaat is in hierdie gesprek beide sondaars voor God. Die pastorale gesprek is altyd driedimensioneel van aard naamlik God, mens en medemens. In hierdie driedimensionele gesprek, staan dus pastor en lidmaat ook saam as sondaars, luisterend na die genadewoord van God. Daarom gaan dit in die pastorale gespek om die vergewing van sondes deur Jesus Christus.[10] Vergewing van sondes moet hier in sy omvattendste betekenis verstaan word, as samevatting van die totale heil in Jesus Christus. Die vergewing van sonde word verkondig aan die mens as persoon, as eenheid van siel en liggaam. Dit gaan in die pastoraat daarom dat die mens uit die mag van die sonde en die dood na die genade van Christus gebring word. Dit beteken dat die mens deur die vergewing van sonde met liggaam en siel vir God opgeëis word (Vergelyk H K Sondag I).

Dit bring mee dat die mens as objek van die pastoraat ook 'n

antwoord moet vind op die materiële dinge. Dit beteken nie dat die pastor in 'n sosiale werker of psigoloog of psigoterapeut hoef te verander nie – hy moet alleenlik die bevrydende Woord van God op alle terreine van die lewe laat hoor. As hierdie spanning van die twee-eenheid van liggaam en siel losgelaat word, gee dit tot tweërlei dwaling aanleiding. Eerstens lei dit tot 'n piëtistiese sielsorg waar die stryd tussen gees en vlees herlei word tot 'n stryd tussen siel en liggaam, sonder enige aandag aan die liggaamlike, materiële nood as uitvloeisel van die eenheid van liggaam en siel.

Tweedens kan dit aanleiding gee tot 'n "social gospel" pastoraat. Dit vind uitdrukking in die opvatting dat die mens versorg is solank hy maar kos en klere het, en menseregte wat "onvervreembaar" is gewaarborg word, terwyl die verkondiging van die bevrydende genade agterweë gelaat word. Hierdie Bybelse antropologie van die twee-eenheid van die mens, met as diepste nood die verlossing van Jesus Christus, bepaal die doel en aard van die pastoraat.

5.3 Konklusies

- Die diepste nood van die mens is sy sondenood. Hierdie sondenood omvat die totale mens in sy psigosomatiese eenheid.
- Die bevryding vanuit hierdie sondenood kan nie vanuit die mens self geskied nie, maar is alleen moontlik deur die genade van God in Jesus Christus.
- Alhoewel die mens sondaar is, is hy in Jesus Christus 'n begenadigde sondaar. Al het die mens ook hoe diep geval, kan in die pastoraat die aanbod van genade gemaak word.
- Deur die werking van die Heilige Gees wil God die mens tot geloof en bekering bring as gevolg van die aanbod van genade. Hierdie bekering het implikasies vir die mens in sy totaliteit as psigosomatiese eenheid.

HOOFSTUK 6

Die verhouding van die Poimeniek tot sy hulpwetenskappe

6.1 Nuwere denkrigtings

In die laaste aantal jare het daar 'n onkeerbare stroom publikasies die lig gesien wat nuwe lig probeer werp het op die pastorale funksionering. Hierdie stimulus is veroorsaak deur die nuwe tegnieke van gesprekvoering, psigoanalise, psigoterapie, ensovoorts. Hierdie empiriese wetenskappe funksioneer net soos die pastoraat op die horisontale dimensie van menslike verhoudinge.

Pogings is aangewend om beginsels en tegnieke van hierdie empiriese wetenskappe op die pastoraat toe te pas. Dikwels het dit tot gevolg gehad dat die vertikale dimensie van die pastoraat ter syde gestel is, met die gevolg dat die Poimeniek as openbaringswetenskap van die openbaringskarakter beroof is. Die nuwere publikasies in Europa en Amerika beweeg almal in die rigting van pastorale psigologie wat bestaan uit psigologiese beginsels wat op die pastoraat toegepas word.[1] Hierdie proses is aan die gang gesit deur Hiltner se werk *Pastoral Counseling* in 1949, waarin hy skryf: "Broadly speaking, the special aim of pastoral counseling, may be stated as the attempt by a pastor to help people help themselves through the process of gaining understanding of their inner conflicts"[2] Hierdie gedagterigting het verdere momentum gekry deur Rogers se *Client-centered therapy*.[3] Hierdie pastoraal-psigologiese denkrigting gaan daarvan uit dat die werkwyse van die psigoterapeut 'n bepalende invloed kan hê op die metode van die pastor en dat die bevindinge van 'n empiriese wetenskap dus positief aangewend kan word tot verryking van 'n openbaringswetenskap.

6.2 'n Fenomenologiese naturalistiese antropologie

Voordat 'n kritiese beoordeling gemaak kan word van die pastorale psigologie waarin die gedagtes van die psigologie en psigo-

terapie in die pastoraat verdiskonteer is, sal eers gevra moet word na die antropologie wat as basis en uitgangspunt vir hierdie rigting geld, soos veral in die gedagtes van Rogers en Hiltner.

GJ Kotzé stel dat Rogers uitgaan van 'n fenomenologiese naturalistiese mensbeeld. Die fondamentsteen van Rogers se antropologie word saamgevat in die volgende: "Experience is for me the highest authority ... Neither the Bible nor the prophets – neither Freud nor research neither the revelations of God nor man – can take precedence over my direct experience."[4]

"Rogers se uitgangspunt vir sy mensbeskouing adem dus 'n gesekulariseerde klimaat van relativisme, van 'n humanistiese godsdiens en die vergoddeliking van die ervaring. Sy terapie het grootliks ontwikkel binne die raamwerk van 'n lewenshouding wat die mens in die sentrum plaas. Die terapeut word die spil van die sorgende diens van die kerk. Daar bly geen plek oor vir God in Wie se diens hy staan en wat soewereine heerskappy uitoefen oor sy skepsels en skepping nie. Die mens word verhef tot 'n "god" wat alles fabriseer waaroor hy droom. Die mens is gespeen van alle Godsbetrokkenheid. Hy moet vanuit homself ontdek en beskryf word soos hy *de facto* is."[5] Samehangend met die vryheid van die outonome mens, is die idee van selfrealisasie. Die vitale aktualiteite in die groeiende persoonlikheid moet steeds tot openbaring kom. God is immanent in die persoonlikheid.

Jay E Adams stel dit soos volg: "The fundamental presupposition of the Rogerian system is perfectly consistent with liberal and humanistic thought, namely that the solution of man's problems lies in himself."[7] Rogers en andere maak gebruik van die non-direktiewe metode van beraad, waarin die pastor deur refleksie in die gesprek die ander lei tot selfontdekking. Hierdie metode berus op die immanente potensiaal van die mens om homself ten volle te realiseer.

6.3 Teenstrydige antropologiese onderbou

Ons het reeds aangetoon hoe belangrik die antropologie vir die pastoraat is. Die behoefte aan 'n "volledige" antropologie het die pastor na enigiets laat gryp wat maar 'n belofte van vervulling inhou. Dit is die enigste verklaring vir die snelle opkoms en populariteit van die pastorale sielkunde. Daarmee is hierdie soort

sielkunde reeds veroordeel. Die vakuum oor ons besinning oor die Openbaring kan nooit gevul word vanuit 'n empiriese wetenskap nie. Dit kan slegs gedoen word vanuit die Openbaring. Die antwoord vir die pastoraat lê in die ontdekking, waardering en uitbouing van die eiesoortigheid en krag van die pastorale gesprek in sy gerigtheid op en verbondenheid met die liggaam van Christus, en die opbou van die heiliges as unieke gemeenskap en as God se metode in hierdie wêreld.[8] Die sielkunde kan wel die pastoraat as hulpwetenskap dien, maar die pastoraat is nooit afhanklik van die voorveronderstellings van die sielkunde nie.

Daar word ook dikwels onrealistiese verwagtings gekoester van 'n oriëntering in die sielkunde. Geen sielkundige kennis kan 'n mislukte pastoraat red nie en geen psigoterapie kan 'n pastor wat gefrustreerd is, genees nie.

In hierdie metode van "pastoral counseling" blyk dit dat daar nie meer sprake is van verkondiging van die Woord in die volle betekenis daarvan nie. Deur die "counseling"-metode word die pastoraat verlaag tot 'n psigo-analitiese proses. Die pastoraat is hier slegs die resultaat van 'n terapeutiese "counseling." Die vorm en die metode verdring die aard en die doel van die pastoraat. Die doel van die pastoraat word ook verander; dit gaan nie meer om die verlossing van die mens en sy dankbare toewyding aan God nie. Dit gaan by hulle nie om die bevryding van die mens uit sy werklike nood, sy sonde nie, maar slegs om die bevryding uit een of ander verstrooide psigiese proses in die betrokkene. Ware pastoraat is "dat menze ze helpt zichself te helpen".[9] Die mens se selfontdekking word tot voorwaarde vir die ontdekking van God gemaak. Omdat selfontdekking alleen moontlik is as die houding van die pastor korrek is, word die pastorale liefde tot sy medemens verhef tot voorwaarde vir die werk van die Heilige Gees. Alleen as daar ware profetiese barmhartigheid spreek uit die pastor se houding "kan menslijkerwijs gesproken de Heilige Geest zijn werk doen."[10] Hieruit is te verklaar dat die objek van sodanige pastoraat beperk word tot die krankes, siekes en maatskaplike tipeerbares.[11] 'n Teologies-georiënteerde psigologie kan net een van drie dinge beteken: Die aantasting van die openbaringskarakter van die teologie; die aantasting van die empiriese karakter van die sielkunde; die beurtelingse aanwending van dan die een en dan die ander.[12]

In die praktyk van die pastoraat kan hierdie verskil in antropologiese onderbou nie met mekaar versoen word nie. Hier word nie rekening gehou met die sondige natuur van die mens nie; hier is nie sprake van berou en bekering op grond van die genade van God nie; in hierdie non-direktiewe beraad vervaag die verkondigde appèl van die Woord in die reflekterende beraadsgesprek.

6.4 Konklusies

Die psigologie en aanverwante wetenskappe kan wel tot hulp wees vir die pastoraat, maar mag nooit voorwaarde word vir die pastoraat nie. Die gevaar bestaan dan dat die wetmatigheid van die psigodinamiek die dinamiek van die Heilige Gees gaan vervang en dat die Subjek van die pastoraat nie meer Christus is nie, maar die spesialis-terapeut. Die pastor moet nie probeer om 'n psigoterapeut te wees nie. Waar gevalle van psigiese afwykings voorkom, moet die pastor dit wel kan uitken en toesien dat sulke gevalle wel die nodige psigoterapeutiese behandeling ontvang. Dit hef egter nie sy pastorale verantwoordelikheid op nie. Daarom kan pastoraat nooit die alleen voorreg word van 'n paar spesialiste nie, maar is dit die taak van elke ampsdraer. Ons kan nooit die pastoraat hernuwe deur die invoering van empiries-wetenskaplike tegnieke nie. "De mens van tegenwoordig geloof in die psychologie, in opvoedkunde, in sociale zorg, in gesprekstechniek, maar dat er ook nog zoiets zou kunnen bestaan als het werk van die Heilige Geest, ontgaat hem te enen male."[13]

Wat ons nodig het is die verheffing van die pastoraat in die algemeen tot die vlak van die Bybel.

Die vraag is egter nog in hoeverre mag en kan van die hulp van hulpwetenskappe gebruik gemaak word. Dit sal steeds gekwalifiseerde hulp moet wees en bly in soverre daardie hulp nie die eie aard en doel van die pastoraat aantas nie. Die pastoraat kan siftend gebruik maak van die gegewens vanuit die fenominale ontwikkeling op die gebied van die hulpwetenskappe, byvoorbeeld die antropologiese filosofie, die linguistiese analise, die fenomenologiese pedagogiek, ensovoorts. Veral kan hy vrugbaar gebruik maak van ontwikkelinge binne die moderne sielkunde. Vele aspekte hiervan dring die pastoraat tot grondige herbesinning oor uitgediende en verkeerde metodieke. Dit bied 'n legio

vakkundige kennis ten opsigte van die mens, maar bied ook 'n verhelderende beeld van die multi-dimensionele problematiek van die mens onder diktatuur van magte soos aggressie, selfvervreemding, en innerlike konflikte.

Nadat van dit alles kennis geneem is, moet die pastor steeds onthou dat hy nie kwasi-psigoloog of kwasi-psigoterapeut kan wees nie, want dan verkrag hy die onderbou van sy pastorale opdrag. Daarom kan alleen die hulp gebruik word wat nie die eie karakter van die pastoraat aantas nie. Dit is juis die probleem van die *Client-centered therapy* as uitvloeisel van 'n integrasie van pastoraat en sy hulpwetenskappe. Die pastoraat kan ook in 'n ander opsig gebruik maak van sy hulpwetenskappe in die sin dat elkeen selfstandig fungeer, deurdat die pastor lidmate kan verwys na spesialiste op die gebied van psigoterapie. Daarmee is sy pastorale verantwoordelikheid nie opgehef nie, maar is die psigoterapeut die "hulp" om uiteindelik die pastoraat te vergemaklik.

Vanuit die integrasieproses in die *Client-centered therapy* kan die pastoraat tog enkele winste verkry deur te let op die volgende:

- Deur kennis te neem van die gespesialiseerde gesprekstegnieke, kan die pastoraat tot op sekere hoogte dit met groot vrug implementeer.
- Die medemenslikheidsmotief is belangrik ook vir die pastoraat.
- Die luisterende-verhouding het positiewe elemente vir die pastoraatsbeoefening.

HOOFSTUK 7

Die posisie van die pastoraat in die ruimte van die kerk

7.1 Die pastoraat en sy verhouding tot die ander verkondigingsgestaltes

Uit genoemde en ander Skrifgegewens, kan ons stel dat die pastoraat 'n bepaalde gestalte van die kerklike verkondiging is, wat God self gebruik deur die werking van die Heilige Gees om die mens te bewaar en te versterk in die geloof. Hierdie verkondiging van die pastoraat kan ons soos volg definieer: "Verkondiging is uitleg van die Skrif met betrekking tot die persoon, woord en daad van Jesus Christus en die toepassing daarvan sowel in die algemeen as in die besonder. Dit is oproep tot geloof in Jesus Christus op grond van die Skrifte. Dit is 'n hulpdiens waarmee die kerk sy lidmate wil help om hulle eie belydenis van geloof reg te verstaan en reg uit te lewe."[1]

Dit bring vanself die vraag na vore: Wat is dan die verhouding van die pastoraat tot die ander verkondigingsgestaltes van die kerk, soos onder andere kategese en prediking? Die doel van die pastoraat lê juis daarin dat dit nie 'n duplisering van die ander gestaltes van die verkondiging is nie, maar juis 'n unieke posisie beklee omdat dit verkondiging aan die enkeling in die vorm van die gesprek is. Dit is 'n para-liturgiese gestalte van die verkondiging omdat dit buite die erediens fungeer. Omdat dit buite die erediens fungeer beteken dit nie dat die pastoraat los van die prediking binne die erediens, of los van die kategese as ander para-liturgiese gestalte opereer nie. Daar is 'n onlosmaaklike onderlinge verbondenheid tussen die verskillende gestaltes.

Die doel van die pastoraat is juis om die Woord wat in die erediens gehoor is, weer te laat hoor in die vorm van 'n gesprek en persoonlike appèl op die individu. Hierdie appèl van die Woord in die pastoraat moet juis weer daartoe lei dat die enkeling gebring word binne die gemeenskap van die heiliges binne die erediens, waar die gemeente versterk word in die geloof deur

Woord en sakrament. Die pastoraat wil dus nie die verkondiging in die erediens vervang nie. Dit is eerder 'n aanvulling van die erediens, wat uit die erediens voortkom en weer daarheen teruglei. Dit kom voort uit die feit dat die Woord gehoor is en wil daarvoor sorg dat die Woord opnuut gehoor word. "Dit is opbou van die gemeente. Dit wil nie privaat vroomheid los van en buite die gemeentlike erediens om opbou nie, maar juis gedurende die week die gemeente so lei dat die gemeente Sondag weer en weer in die erediens onder die prediking en by die sakramente sal vergader."[2] Dit wil die ganse lewe van die gemeente stel in die lig van God se Woord: "Het huisbezoek moet de gemeente leren om te geloven op Maandag."[3] So staan die pastoraat en kategese ook aanvullend langs mekaar. Die pastoraat wil as nasorg ook postkategeties besig wees om die geloofskennis steeds te vermeerder en te verdiep. Daarom is daar steeds in die pastoraat 'n kategetiese en didaktiese element aanwesig.

'n Onderskeiding moet egter ook gemaak word tussen pastoraat as binnekerklike gestalte van die verkondiging en apostolaat as buitekerklike verkondigingsgestalte. As gevolg van die vervloeiing van die grense van die kerk deur die verwaarlosing van die tug, gaan die pastoraat oor in die apostolaat. Daar behoort egter 'n onderskeid tussen die twee gestaltes te wees. Pastoraat fungeer binnekerklik; is gerig tot diegene wat reeds tot die geloof gekom het; en veronderstel dus reeds geloofskennis en geloofsgehoorsaamheid. Apostolaat daarenteen fungeer buite die kerk; is gerig tot diegene wat nog nie tot die geloof gekom het nie, of van die geloof vervreem het.

Apostolaat kan dus nie uitgaan van die standpunt of veronderstelling van geloofskennis of geloofsgehoorsaamheid nie. Uit die aard van die saak sal die verskillende uitgangspunte van pastoraat en apostolaat dus ook 'n eie benadering en metode vereis. In ons huidige kerklike praktyk het die grens tussen pastoraat en apostolaat vervaag, maar die toenemende buitekerklikheid vereis 'n dringende aparte besinning oor die apostolaat.

7.2 Die amptelike karakter van die pastoraat en sy verhouding tot die opsig en die tug

Die opsig word onderskei van die herderlike sorg, maar geskei mag dit nie word nie. Nasorg maak opsig onvermydelik. Soos

troos en onderrig 'n deel is van nasorg, so kan ons sê is die opsig die ander kant. Dit is juis die herderlike sorg wat die opsig uiteindelik laat oorgaan in tug. Dit word duidelik as ons tug verstaan as toegespitste herderlike bearbeiding van die enkeling. Die tug word op die enkeling toegepas ten einde hom by die Woord te hou, maar tegelyk ook ter wille van die geestelike welsyn van die gemeente. By die tug kan die enkeling nie verindividualiseer word nie, hy kan ook nie opgelos word in die massa nie. Hy bly 'n lewende bousteen wat ingebou moet word in die lewende Godsgebou, waarin daar nie dooie stene kan wees nie, want dit moet 'n tempel wees waarin God kan woon deur sy Gees.[4]

Die pastoraat is ook 'n amptelike werksaamheid van die kerk, wat verrig moet word deur hulle aan wie die opsig van die gemeente toevertrou is. Daardeur word die onderlinge herderlike bewoënheid van die een gelowige teenoor die ander nie uitgesluit nie, maar aan die pastoraat as sodanig is 'n amptelike karakter verbind. Daarom is die pastor ook nie in eintlike sin die subjek van die pastoraat nie.

Pastoraat is amptelike versorging van die kudde as enkeling en in gesinsverband. Calvyn het dit dan ook gesien as die gaan van huis tot huis, as 'n aanvulling van die prediking, met die doel om die lidmate te vermaan, op te wek, te vertroos, en tot geloofsekerheid en 'n heilige Godgewyde lewe op te voed.[5] Wanneer die ampsdraers dus die heerlike werk van die pastoraat doen, verskyn hulle nie by die huise van mense as broeders of vriende, met die doel om 'n gemoedelike gesprek te voer nie. Hulle klop aan die deur kondig veel meer aan as 'n gesellige kuiertjie, meer as 'n vermanende of aanmoedigende woord.[6] Hulle kom met outoriteit, hulle kom in die Naam van die Heer wat Skepper is van sy skepping en 'n aanspraak het op hulle ten spyte van hulle gevallenheid as sondaars. Kragtens sy genadige bemoeiing in en deur Jesus Christus, word hulle uit die vervallenheid tot vernuwing opgeroep. Dit beteken egter nie dat sommiges hulle 'n sekere superioriteit oor andere mag aanmatig nie. Daar is altyd die gevaar van ampshoogheid, sodat Petrus waarsku dat die ouderlinge nie moet heers oor hulle erfdeel nie (1 Pet 5:3). Die amp beteken altyd ootmoedige diens.

Die subjek van die pastoraat by Rome is die amp. Die clerus of geestelikes is belas met die uitoefening daarvan. As plaasver-

vangers van Christus besit die priesters die geestelike jurisdiksie oor mense.[7] Die pastoraat het by Rome 'n heersende mag geword, waarin die priester regter en heilsmiddelaar is.

As ampsoorskatting 'n gevaar inhou, dan moet eweneens teen ampsgeringskatting gewaak word. Wie die ampsbewussyn loslaat, word noodwendigerwyse voor die vraag gestel: Waaraan ontleen die mens die reg om andere tot diens te wees? Die Piëtisme van Spener en Francke het 'n wal teen ampsoorskatting probeer opwerp, dog dit het in 'n ander uiterste verval. Die ampte is verdring deur persoonlike belydenisse binne die gestigte konventikels.

In die besinning van die subjek-objek-verhouding in die pastoraat moet nòg die amp, nòg die gemeente, nòg die menslike persoonlikheid as uitgangspunt geneem word, maar Jesus Christus self.[8] Die funksionering van die amp is onlosmaaklik verbonde met die werking van die Heilige Gees. Geen pastoraat is moontlik sonder die aktualiserende werking van die Gees nie. "Durch seinen Heiligen Geist beruft er uns und schenkt und öffnet uns das Ohr, das wir sein gnädiges Wort Hören und in der Kraft solchen Hörens zum Leben kommen."[9] Die pastor is as ampsdraer dus nie die eintlike subjek van die pastoraat nie, maar die Heilige Gees, as die onsigbare derde Persoon is die eintlike subjek deur bemiddeling van die Woord van God wat die pastor verkondig.

7.3 Historiese oorsig

In vroeg-Christelike geskrifte vind ons nie veel besonderhede aangaande die pastoraat nie. Tog is dit uit die praktyk van die kerk van die na-apostoliese tyd duidelik dat die "sielsorg" van die kudde wel deeglike aandag geniet het. So blyk dit byvoorbeeld dat Augustinus wel deeglik tyd en aandag aan die pastorale versorging van sy gemeente verleen het, alhoewel die klem in sy arbeid tog op die prediking val.[10] Ook die Middeleeue kan ewe weinig as 'n bloeitydperk van die teorie en praktyk van die Poimeniek beskou word. Die liturg stel in die tyd nie alleen die homileet nie, maar ook die kategeet en die pastor geheel en al in die skadu.[11]

By die Roomse kerk tref ons wel die pastoraat aan, maar by Rome het die pastoraat essensieel van karakter verander. Die

voorstelling word soms gemaak dat Rome die bieg in die plek van die pastoraat gestel het. Dit is nie heeltemal juis nie. In die Middeleeue het meer as een orde hulle op die "sielsorg" toegelê, maar hierdie persoonlike gesprek en besoek van die priester het 'n streng formele karakter gehad. Die werklike geestelike "versorging" van die kudde het in die biegstoel plaasgevind. Daar stort die gelowige sy hart uit voor die "sieleherder" en hy spreek van vergewing en absolusie. In die biegstoel het die priester egter gesit as regter en nie as herder nie. Die pastorale sorg het hier regspraak geword. Die boeteling moet sy sonde bely, die regterpriester beoordeel die maat van die skuld; hy bepaal die satisfaksie; hy spreek die absolusie uit, sakramenteel, *ex opere operato*. Die pastorale sorg is verabsoluteer in die juridiese sfeer.[12]

Die Hervorming het hom teen hierdie ontaarding skerp verset. Hulle het weer die *justificatio sola gratia et sola fide* in die helderste lig gestel en die spesiale pastorale sorg gebind aan die vrye genade van God. Hulle het die middelaarsdiens van die kerk en priester verwerp en weer die weg gewys tot die enigste Middelaar, Jesus Christus.

Tog is daar by die Lutherse kerk twee faktore wat verhinder het dat die besondere pastorale sorg tot sy volle reg kom. Eerstens het Luther die kerk te veel gesien as *Heilsanstalt* en dan spesiaal in die prediking van die Woord, sodat die huisbesoek daardeur in diskrediet gebring is.[13] Tweedens is in die Lutherse kerk die bieg gehandhaaf; nou wel nie in die sin van Rome nie, maar tog so dat die individuele besoek daardeur oorbodig geword het. Vanuit Duitse kringe word wel gepraat oor die pastorale gesprek, maar kerklike huisbesoek ken hulle nie. Pastorale gesprekke is vir hulle die besoeke aan die siekes, ensovoorts.

Die Piëtisme van Spener en Francke het probeer om die situasie te verander, maar hierdie "reformasie" is oordryf na die ander kant. Die persoonlike besoeke word die vernaamste en word oorheers deur 'n bevindelike element. Die pastorale sorg as ampswerk word opsy gedring deur die arbeid van gelowiges onderling, en spoedig word die konventikels gestel bo die besoek van die ampsdraers en selfs belangriker as die erediens geag. Zwingli het sterk nadruk gelê op die herdersamp, hy betoog dat die herder soveel moontlik moet let op elke skaap in die besonder. Martin Bucer werk die gedagte van Zwingli verder uit en sluit hom veral aan by wat Esegiël 34 oor die differensiasie onder

die skape sê en hy soek die doel van hierdie spesiale sorg daarin dat die gemeente moet lewe ooreenkomstig die genade van God.

Calvyn het hierdie skriftuurlike opvatting van die pastorale sorg weer in 'n duidelike lig gestel. Hy het daarop aangedring dat die herders waaksaam moet wees en nie alleen deur die prediking tot die hele volk nie, maar ook van huis tot huis moet gaan om te vermaan en op te wek. Calvyn het die huisbesoek ingestel as sorg aan diegene wat na die nagmaal gaan.[14] Calvyn het die pastorale sorg verlos uit die Roomse regsbeginsels. Hy het, deurdat hy die leer van die genade en ook die verhouding van wet en evangelie in perspektief gestel het, die oordrywing van die priesterskap en die moralistiese biegstoelpraktyk afgewys.[15] Calvyn sien die pastorale sorg as verkondiging in sy volle rykheid van katagese, paraklese en paraenese.[16]

In die afgelope aantal dekades het daar 'n hernieude belangstelling ontstaan vir die pastoraat. 'n Geweldige stroom publikasies het oor hierdie onderwerp die lig gesien. Hierdie hernieude belangstelling in die pastoraat, veral in Europa en Amerika, is gestimuleer deur die erkenning van die feit dat die kerk sy greep op sy lidmate verloor. As gevolg van hierdie toestand of proses van agteruitgang in die kerklike lewe, is gesoek na nuwe weë, ook ten opsigte van die pastoraat. Hierdie soeke na nuwe weë het 'n gunstige klimaat gevind by die nuwere denke van die psigologie, psigoterapie, asook die nuwe tegnieke van gesprekvoering en *clinical training*. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die pastorale psigologie, wat juis hierdie tegnieke wil bestudeer en op die pastoraat wil toepas.

7.4 Die posisie van die pastoraat in die belydenis en kerkorde

Uit die historiese verloop van die belydenisskrifte en die kerkorde blyk dit dat die pastorale versorging van die gemeente aanvanklik verbind is met die opsig rondom die viering van die nagmaal. Tog is dit nie juis dat met hierdie pastorale besoek met die oog op die nagmaal, dit die enigste doel van die gesprek sal wees nie. Die Wezelse artikels sê in Hoofstuk IV (1) dat die ouderlinge hulle toevertroude gemeentelede van huis tot huis, ten minste een maal per week en voorts so dikwels dit die gewoonte is, in ooreenstemming met die reëling van elke kerk sal besoek, veral teen die tyd van die nadere awendmaalviering.[17] Al

word dus veral toegespits op die nagmaalsviering, blyk dit duidelik uit die res van die artikel dat die hele Christelike lewe ter sprake moet kom. Die sinode van Emden in 1571 (art 25, 26); van Dordrecht in 1574 (art 3, 55, 56, 92 en 93) en van S'Gravenhage in 1586 (art 24-26) gee voorskrifte vir verskillende dele van die pastoraat. So skenk die provinsiale sinode te Utrecht (16 12) en die nasionale sinode te Dortrecht (1618/19), aandag aan die pastoraat.[18] Die formulier vir die bevestiging van die dienaars van die Woord toon oortuigend dat die waarde wat aan die herderlike sorg toegeken word, nie minder is as dié van die prediking nie.

In die Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk is die bepalings ten opsigte van die pastoraat nie duidelik nie. In Bepaling 149 word gestel dat die gewone werksaamhede van 'n predikant onder punt (e) die vertroosting van die beproefdes omvat en dan in medewerking met die ouderlinge (2a) die herderlike sorg, terwyl die sieketroos uitgesluit is uit hierdie samewerking. Die kerkwet tref 'n onderskeid tussen herderlike sorg en sieketroos, want daar word bepaal dat herderlike sorg ingesluit is onder dié werk wat in medewerking met die ouderling moet geskied, terwyl die sieketroos uitgesluit is uit hierdie samewerking. Wat die kerkwet verstaan onder sieketroos in onderskeiding van herderlike sorg, is nie heeltemal duidelik nie. Miskien word daaronder verstaan die voorbidding vir die siekes. Selfs dan nog is dit nie duidelik waarom dit uitgesluit word uit die samewerking tussen ouderling en predikant nie. Die kerkwet vereis dat predikant en diaken die sieketroos behartig, maar by die bepalings vir die presbiteraat word oor sieketroos geen woord gerep nie. Skynbaar oordeel die kerkwet dat sieketroos nie die werk van die ouderling is nie. So 'n oordeel is egter in stryd met Jakobus 5:14. Ons sluit vir ons doel sieketroos in onder herderlike sorg[19].

In lyn met die reformatoriese tradisie, plaas die kerkwet die pastoraat in noue verband met die opsigtaak, soos blyk uit Bepaling 101 3: "Ampsdraers het die volgende opsigtaak (a) predikante doen minstens jaarliks huisbesoek by elke gemeentelid ..."

Opmerklik is dat in die beroepsbrief wat die predikant moet onderteken na die aanvaarding van 'n beroep, die pastoraat die nodige erkenning geniet. In die beroepsbrief word gestel: "... deur vertroosting van die siekes, deur die gemeentelede by huise te besoek ..." Vir die duidelike verstaan van die funksionering

van die pastoraat in ons kerklike praktyk, kan ons die volgende riglyne neerlê. Vroeër is die onderskeid gemaak tussen huisbesoek en siekebesoek. Na regte ressorteer al hierdie persoonlike gesprekke, of dit nou tydens huisbesoek, siekebesoek, huwelikskprobleme of afdwaling is, onder die pastorale gesprek. Tog val die pastoraat in twee dele uiteen: Eerstens is daar die gewone jaarlikse huisbesoek by alle lidmate, waartydens 'n pastorale gesprek met lidmate gevoer word en tweedens die pastorale gesprekke in besondere gevalle, soos hierbo genoem. In die jongste tyd is die neiging om die gewone huisbesoek af te skaf. Die predikant moet spesialiseer in probleemgevalle en van die normale huisbesoek onthef word.

Daar word selfs beweer dat die te aktiewe predikantsbesoek die ouderlingsbesoek devalueer en die ouderlingsamp verdring. Die argument is verwerplik, want in die Skrif, die bevestigingsformulier en beroepsbrief, word die huisbesoek as taak opgedra.

Dat die amp van die ouderling deur die predikantsbesoek in gevaar gestel word, lê nie in die besoek van die predikant as sodanig nie, maar in die inrigting van die besoek. Predikantsbesoek is ook uit praktiese oorwegings noodsaaklik, want deur vinnige wisseling van ouderlinge in die stede, waarborg sy besoek die kontinuïteit en kontak in die gesinne. As die predikant ook nie by al die gesinne kom nie, kry hy nie geleentheid om ernstige probleme te onderken nie.[20]

HOOFSTUK 8

Die pastoraat as gesprekmatige verkondiging

Die pastoraat is 'n para-liturgiese gestalte van die kerklike verkondiging. Dit beteken nie dat die pastoraat 'n erediens in die kleine is nie. Die besondere van die pastoraat is juis daarin geleë dat dit verkondiging in gesprekvorm is, 'n persoonlike dialoog. Alle pastorale dialoog is gegrond op die luister na die Woord van God. Die pastorale gesprek is die verlenging van die groot gesprek van God in Christus met die mens.[1] God wil sy dialoog deur mense tot mense voortsit. Die gesprek mag nooit ontaard in 'n outoritêre monoloog waar oor mense se koppe heengepraat word nie, die dialoog verander in dualoog, dit wil sê twee monoloë wat mekaar nooit bereik nie. Aan die ander kant, alhoewel die pastorale gesprek 'n gesprek is waarin twee mense mekaar ontmoet, is die pastorale gesprek tog uniek in die vergelyking met 'n gewone gesprek: "Als de psycholoog met zijn cliënt praat, zijn er twee, praat de pastor, dan zijn er drie."[2] Hierdie feit is die diepste geheim van die pastorale gesprek. As dit uit die oog verloor word, misluk die pastoraat grootliks.

Hierdie besondere aspek van die pastorale gesprek vereis dat die Woord aan die woord moet kom in die gesprek. Dit kan langs twee weë geskied. Daar kan eerstens met die Woord begin word deur bloot 'n gedeelte te lees en toe te pas. Dan het die pastoraat sy doel gemis, dit het dan ontaard in 'n preek in sakformaat. Dit het 'n herhaalde klein erediens met 'n swygende gesin of enkeling geword. Die kerk het dan oorwegend 'n preek-kerk geword, wat die verskeidenheid van die verkondigingsgestaltes nie tot hulle reg laat kom nie. Dit kan alleenlik die lewe van die gemeente skade doen.

Die korrekte weg, is juis om die bewoënheid van God oor die enkeling in sy besondere nood in die gesprek na vore te laat kom. Hier is geensins sprake daarvan dat op die weg van Roomse "analogia entis", die sogenaamde synsrelasie tussen God en mens, gesoek word na 'n aanknopingspunt vir die Woord in die mens nie. Veeleer is daar sprake van bewoë luister en so spre-

kend indring en deurdring tot die spesifieke nood van daardie besondere mens. Die grootste nood van alle mense is die sondenood, maar hierdie sondenood het in elke menselewe verskillende fasette. Om werklik die bevrydende Woord van God in sy sondenood te laat hoor, is dit nodig om deur gesprek deur te dring tot daardie nood. Eers wanneer die mens so ontdek dat sy bepaalde nood ten diepste sondenood is, het hierdie Woord van God ook vir hom bevrydende betekenis. Om eensydigheid te vermy moet ons dadelik stel dat nie alle gesprekke daardie diepte sal bereik nie. Die gesprek tydens gewone huisbesoek sal byvoorbeeld nie so 'n diepte-dimensie vertoon as in die geval van toegespitste pastorale sorg in spesiale gevalle nie. Tog is dit 'n dimensie, alhoewel verskillend in diepte, wat in geen pastorale gesprek mag ontbreek nie. In die gedeelte wat handel oor die formele Poimeniek, sal meer in besonderhede daaroor uitgewy word. Die gevaar bestaan dat die gespreksdimensie as horisontale ontmoeting tussen twee mense so oorbeklemtoon word, dat die vertikale dimensie as ontmoeting tussen God en mense agterweë bly. Daar is selfs pastors wat beweer dat dit nie noodwendig is dat die Woord aan die woord kom nie, of dat daar gebid word nie. Dan het die pastoraat verval tot 'n blote sekulêre gesprek en kan die pastor net sowel deur 'n psigoterapeut vervang word. Die pastorale gespreksontmoeting moet altyd daartoe lei dat die deelgenote aan hierdie gesprek saam sal luister na die eintlike Subjek van die gesprek, naamlik God wat deur sy Woord en Gees, tot ons wil spreek. Hierdie gehoorsame luister na die bevrydende Woord van God, vind sy bekroning in die verootmoediging in die gebed.

Die empiriese wetenskappe wat die mens in sy verskillende fasette bestudeer soos onder andere die sosiologie en psigologie, kan ons lei tot 'n beter begrip van die situasie waarin die mens hom vandag bevind. Dit is 'n algemeen erkende feit dat die kerk hom vandag bevind in 'n gesekulariseerde samelewing met sy eiesoortige probleme. Enersyds kan die kerk hom nie blind hou vir hierdie veranderinge nie, maar moet hy homself voortdurend afvra of hy in die uitvoering van sy verkondigingstaak nog die mens in sy konkrete situasie aanspreek. Hiervoor kan die empiriese wetenskappe baie materiaal verskaf. Andersyds moet altyd in gedagte gehou word dat daar nooit 'n vooropgestelde skema sal wees wat op alle mense van toepassing is nie. Daar is nie 'n

gemiddelde mens wat aan alle beskrywings van die empiriese wetenskappe voldoen nie. Elke mens is uniek as persoon. Die probleem word verder bemoeilik deur die feit dat die kerk met 'n gevarieerdheid van "mensetipes" en menslike situasies te doen het, wat wissel van 'n feitlik gesekulariseerde stadsmens tot 'n uiters konserwatiewe plattelandse mens. Hierdie uiterstes kan, deur die verstedelikingsproses, in een gemeente voorkom. Daarom kan die kerk in sy pastoraat nooit fungeer met die oog op 'n vooraf bepaalde, geskematiseerde, tipeerbare mens nie.

Tog is daar enkele min of meer algemeen geldende faktore wat die pastor met die nodige variasie kan toepas en in berekening kan bring. So byvoorbeeld kan die pastor met vrug kennis neem van sekere gesprekstegnieke, wat nie in stryd is met die eiesoortige karakter van die pastorale gesprek nie.

8.1 Pastoraat as gespreksontmoeting

In die verlede is die aandag van die Poimeniek veral gerig op die inhoudelike aspekte van die pastorale gesprek, terwyl die dinamiek van die gesprek buite beskouing gebly het. In ons tyd het die pendulum weer baie ver in die ander rigting geswaai. Die kernprobleem wat blootgelê is, is dat die dinamiek van die gesprekvoering wat ten dienste van die pastoraat kan wees, verlore gaan. Wat is die posisie wanneer die pastor met iemand 'n pastorale gesprek voer? In die eerste plek moet hy weet dat hy draer en verkondiger van die Woord is en voor hierdie Woord is alle menslike opinies eintlik onbelangrik. Dit is die voorreg van die pastor om hierdie Woord in die gesprek te verkondig. Maar nou is daar ook die ander kant van die saak. Veral in ons tyd kom die pastor meer en meer tot die ontdekking dat hy nie weet hoe om daardie boodskap so te bring dat dit werklik deur die ander persoon gehoor en verstaan word nie.[3] Daarom moet in die pastorale gesprek rekening gehou word met die basiese beginsels van gesprekvoering.[4] Die volgende beginsels van die gesprekvoering is vir die pastoraat van belang en versoenbaar met die pastorale prinsipes.

8.2 Die gesprek as 'n ontmoetingsrelasie

Die pastorale gesprek is 'n ontmoeting met die medemens, of in

Bybelse sin 'n ontmoeting met die naaste. Om waarlik 'n ander te ontmoet, moet die pastor langs hom in sy sondenood staan. Die een word vir die ander sigbaar en hierdie sigbaarheid veronderstel 'n openheid na die ander. Daarom mag die pastoraat nooit 'n voetstuk word waar in 'n gees van superioriteit teenoor die ander gestaan word nie, maar eerder die diensgeleentheid om naas die ander te gaan staan.[5]

Die pastor moet dus nie vanaf die troon van sy amp die arme sondaar uit die hoogte toespreek nie, hy moet een met hom word in sy nood, sodat die lidmaat die vrymoedigheid kan hê om met hom te praat. Hy mag ook nie skuil agter sy swart pak en dink dat hy onaantasbaar is nie. "Daar is baie herders wat die mentaliteit van 'n sersantmajoor het. Die magsindruk is 'n gevaar vir die herdersamp. In die herderlike gesprek moet die outoriteit, as bediening van die Woord, sonder relativisme gehandhaaf word. Daarom moet ons stelling inneem teen die ampsdevaluasie in die herderlike gesprek. Eensydige aksentuering van die gesag is egter nie sonder bedenking nie. Die goeie Herder het ondanks die groot mag waaroor Hy beskik het nooit van enige uitwendige dwang gebruik gemaak nie. Gesag as outoritêre en negatiewe outoriteit wortel in eiegeregtige en selfhandhawende professionalisme wat van 'n voorreg 'n reg maak en van diens, heerskappy. Die outoritêre, legalistiese, dwingende en dominerende gesagsbeklemtoning in die herderlike gesprek moet prinsipieel as in stryd met die Skrif, met die wese van ampsgesag en met die psigologiese eise vir 'n intermenslike relasie, verwerp word.[6]

Daar is momente in die pastorale gesprek waarin met gesag van die amp en die Sender gepraat en vermaan moet word. Dit mag egter nooit gebruik word om ons eie onbekwaamheid te verberg of verleentheid te verbloem nie. So 'n ampsbesoek uit die hoogte sny die moontlikheid tot 'n werklike gespreksontmoeting af.

'n Nederlandse spotrympie tipeer miskien in baie opsigte die huidige situasie.

Hij ging me onmiddellijk te lijf;
Trok uit zijn zak het boek der boeken
En ging met natte duimen zoeken
Een tekstwoord uit Jacobus vijf

En toen maar praten, praten, praten,
Van lijdzaamheid, van stof en geest
Van Gods genade't allermeest –
Ik lag en voelde me verlaten.

En na een half uur vroeg hij mij
Of ik verzoend was met mijn lot,
Of ik wel vrede had met God –
Maar wachtte niet tot ik iets zei

Toen rees hij welvoldaan en ging,
Uit vrees voor meer zei ik vlug: amen
En bad toen zacht – ja,'k moestme schamen
Bewaar mij Heer, voord' ouderling.[7]

Om werklik 'n ontmoetingsrelasie tot stand te bring, is dit nodig dat elke mens as unieke wese met sy eiesoortige situasie in ag geneem moet word. Sy persoonlikheidstrekke en karaktereienskappe waarmee hy worstel, sal verdiskonteer moet word.[8] Elke eienskap van die persoon met sy besondere probleme, sal gesien moet word in samehang met die geheel van sy persoonlikheid. Die sonde van die mens sal in eksistensiële sin onderken moet word. "Die pastorale gesprek as individualiserende gespreksontmoeting sal vry van skematisme, met behulp van die antropologie, die hele mens in sy persoonlikheids- en onbewuste en onderbewuste eksistensie teen die agtergrond van die sondeverskeurdheid moet ontmoet in sy onherhaalbare situasie ... as die gesprek 'n ware en bevrydende ontmoeting met die enkeling wil wees."[9]

8.3 Relevante psigologiese prinsipes

Die pastoraat sal onvermydelik kennis moet neem van die beginsels van die psigologie van die gesprekvoering wat, sonder aantasting van die eie aard van die pastoraat, nogtans tot diens kan wees.

8.3.1 Die gesprekverwagting

Vir elke werklike gespreksontmoeting, is dit van belang dat daar van die begin af 'n gespreksverwagting sal wees. Die volgende verwagtings in die gesprek kan onderskei word:

- Die lidmaat verwag om volledig aan die woord te kom en ernstig opgeneem te word.
- Die lidmaat verwag dat almal wat in sy lewe 'n rol speel en wat hy "meebring" in die gesprek, ook ernstig opgeneem sal word.
- Die lidmaat verwag nie slegs 'n kort en duidelike pastorale advies nie, maar om kontak te vind met iemand wat sy selfstandigheid aanvaar en kan help met 'n uitweg.
- Die lidmaat verwag om 'n gesprek te voer met iemand, nie allereers omdat hy 'n dominee is nie, maar omdat daar 'n sekere vertroue bestaan.
- Die lidmaat verwag dat daar van Godsweë iets gesê sal word.[10]

8.3.2 Die gevoelsrelasies in die gesprek

'n Gesprek bly 'n gebeure tussen twee mense met 'n emosionele raamwerk. Hierdie gevoelsrelasies is ook van betekenis vir die pastorale gesprek.[11] Van die pastor se kant moet 'n gevoelsrelasie geskep word wat gedra word deur: begrip, aanvaarding, gemeenskaplikheid. Dit sal by die gespreksdeelnemer tot gevolg hê gevoel van: verstaan-wees, veiligheid, vrymoedigheid. So word die gesindhede van die gespreksdeelnemer geobjektiveer waardeur hy distansie verkry van sy eie problematiek.[12] Dit beteken nie dat die pastor die situasie en dade van die lidmaat sanksioneer nie, maar dat hy nie van meet af aan veroordelend staan nie. Eers wanneer die gesprek tot rypheid gekom het, kan direktief gehandel word.

Die juiste balans tussen distansie en nabyheid moet in die gesprek bewaar bly. Oorbeklemtoning van die distansie skep 'n vreemdheidsgevoel, terwyl oorbeklemtoning van die nabyheid kan lei tot verlies van die pastorale relasie. "Als om een of andere reden de pastor door de ander helemaal niet wordt als pastor, als vertegenwoordiger van Christus dan faalt het contact als pastoraal contact."[13]

Die verskynsel van oordrag, is in die pastorale gesprek 'n psigologiese feit. Vroeëre ervarings met die kerk, met predikante, en met gesagsdraers in die algemeen, kleur die pastorale relasie, veral by mense wat emosioneel nie volwasse is nie. Tipiese positiewe oordrag in die pastorale gespreksontmoeting is gevoelens

van afhanklikheid. Dit is bevorderlik vir die gevoelsrelasie omdat die nodige vertroue hierop berus. Die pastor moet egter nie uit ydelheid die oordrag op homself betrek nie, maar dié oordrag geleidelik oorwin. Tipiese negatiewe oordrag en die pastorale gespreksontmoeting is gevoelens van aggressie, afkeer, frustrasie, teleurstelling en 'n oormatige eis vir aandag. Ook dit is bruikbaar in die gesprek, omdat die pastor daarin aanleiding kan vind vir sy diagnose. In die oordrag verraai die persoon hom: die positiewe oordrag verraai 'n infantiele verlange na bemoedering, die negatiewe oordrag verraai destruktiewe vroeëre ervaringe wat in die gesprek gelokaliseer kan word. Sodra die pastor hierdie dinge, positief of negatief, asof op hom persoonlik gerig beleef, faal die gesprek.[14]

8.3.3 Nie-verbale kommunikasie

Nie slegs dit wat by wyse van woorde in die gesprek afspeel, is van belang nie. Ook die totaliteit van dit wat onbewustelik in die agtergrond van die gesprek meespeel, kan vir die pastor tot hulp wees. Te veel woorde en te lang pratery, kan juis somtyds 'n middel vir die lidmaat wees, om die ware problematiek te verberg. Deur bedag daarop te wees kan die pastor die probleemveld identifiseer. So ook kan die stiltes en pouses in 'n gesprek van belang wees vir die diagnose. Stiltes kan op verskillende wyses geïnterpreteer word, naamlik as verleentheid, aggressie of ontroering. Die nie-verbale gesprek speel ook 'n belangrike rol in die gang van die gesprek soos dit tot uiting kom in onder andere gebare en gesigsuitdrukkings.[15]

8.3.4 Luisterend praat

Na die nood van die ander moet ernstig geluister word. Die pastoraatsbeoefening kan so maklik soos 'n spraakwaterval oor die gemeentelede 'n stortvloed van woorde uitgiet, sonder dat dit 'n antwoord op die konkrete lewensvrae gebied het. Die inleier moet in elk geval so praat dat dit die gesprekgenoot tot deelname aan die gesprek uitnooi en nie tot verset provokeer nie.

Die geheim van die gesprek is dat die pastor luisterend moet praat en pratend moet luister. Die vraag en antwoord speel 'n belangrike rol. Die vraag se algemene waarde is dat dit rigting,

verheldering en insig bring. Van die psigologie kan die pastorale gesprek die volgende leer.[16]

- Vrae wat nie ter sake is nie, bring onmiddellike terugtrekking by die ander.
- Outoritêre vrae wek afkeer en weerstand.
- Vrae waarin die antwoorde gesuggereer word is misleidend. Die antwoorde sal nie eg wees nie.
- Vier vraagvorme word aanbeveel vir die pastorale gesprek: die vraag as refleksie, herhaling, interpretasie en informasie.
- Daar moet nie oorgegaan word na 'n ander vraagterrein as die vorige nog nie beantwoord is nie.
- Daar moet ook nie hardnekkig volgehou word met 'n vraag as die gesprekdeelnemer die vraag ontwyk nie – dit is 'n bewys dat hy nog nie ryp is vir die vraag nie.
- Die nie-direktiewe gespreksvorm as die metode van die *pastoral counseling* is tot 'n sekere hoogte aanvaarbaar. Die pastor reflekteer sodat hy deur nie-direktiewe refleksie die selfinsig by die ander bring.[17] Dié vorm is veral geskik om misverstande uit te skakel en afweermeganismes te stuit.

Die pastor moet dus nie as die alleenwetende 'n stortvloed van wysheid kwytraak, sonder om ook na die ander te luister nie. Die pastor moet noodwendig eerlik wees en as daar vir hom iets gevra word moet hy eerder as om met kunsgrepe 'n antwoord te vermy, reguit sê hy weet nie. Iets wat in 'n gesprek as 'n onvergeeflike sonde beskou moet word, is elke poging om 'n lidmaat voor sy gesin belaglik te probeer maak as hy 'n dom vraag gevra het. Selfs kunsmatige vrae moet met die grootste geduld en sonder 'n sweem van spot beantwoord word. Om 'n werklike diepgaande gesprek te laat plaasvind, moet die deelgenoot in die gesprek besef dat hy en sy nood en sy vrae, ernstig opgeneem word.

Geduld en liefde is voorvereistes vir gespreksontmoeting. 'n Gesonde pastorale verstandhouding kom alleenlik daar tot stand wanneer ons tyd neem om werklik deur te dring en deel te kry aan die geheimenis wat die ander persoon ten slotte in sy diepste kern is. Dit vra van die pastor oneindige geduld en liefde. Sodra die pastor in die gesprek ongeduld openbaar, of die lidmaat die gevoel kry dat hy die pastor irriteer, is 'n werklike gespreksontmoeting onmoontlik.

Dit kan soms nodig wees om deur herhaalde besoeke die nodige geduld en liefde in die gesprek te openbaar om uiteindelik tot die kern van die probleem deur te dring.

Vertroue behoort tot die sfeer van persoonlike kommunikasie. Vertroue beteken immers om jou op iemand anders vir jou lewensbehoeftes te verlaat. Jy word vir jou lewensvervulling aan iemand anders uitgelewer. Hierdie vertroue gaan gepaard met verwagting: nie in die oppervlakkige sin dat die pastor maar een of ander nuttige diens sal verrig nie, maar in 'n veel dieper sin, dat hy die lewe sinvol sal maak deur die waarde van sy optrede en menslikheid. Dit is fataal vir 'n pastor en die vertrouensrelasie in die pastorale gesprek om wat vertroulik aan hom vertel is weer aan ander oor te vertel.

8.3.5 Verskillende gespreksvorme

Daar bestaan 'n verskeidenheid gespreksvorme wat in verskillende situasies toegepas kan word. Al hierdie gespreksvorme wat teenswoordig ook vir die pastoraat aangebied word, is nie almal vir die pastoraat aanvaarbaar nie, of slegs in 'n sekere mate aanvaarbaar.

8.3.5.1 *Refleksiewe gespreksvorme*

Hier ontvang die lidmaat die geleentheid om hom uit te spreek. Die gesprek van die pastor se kant neem die vorm van refleksie aan. Die waarde van hierdie gespreksvorm is dat dit die psigologiese katarsis kan bring wat onder andere die volgende teweegbring: Emosionele ontlading van onderdrukte gevoelens en houdings wat spanning bring.

Tot in 'n sekere stadium is hierdie gespreksvorm vir die pastoraat aanvaarbaar, naamlik as aanvangstadium van die gespreksontmoeting. Die pastor kan egter nie slegs voortdurend refleksief-passief wees nie, maar sal na die aanvanklike katarsis ook direktief-verkondigend betrokke moet raak.

8.3.5.2 *Die analitiese gespreksvorm het interpretasie en suggestie*

Dit is gesprekke waarin die pastor die gespreksdeelnemer en sy situasie interpreteer en orden. Dit berus dus op die diagnose in die gesprek.[19] Hierdie gespreksvorm wil dan op grond van ana-

lise en diagnose verhelderend spreek en deur middel van interpretasie die gespreksdeelnemer tot insig bring. Interpretasie moet hier versigtig hanteer word om opdringing en geslotenheid te vermy.[20]

Van der Schoot betoog dat die pastor vanweë sy amp altyd suggestie sal openbaar. Daar moet egter teen gewaak word om nie deur suggestie 'n bestaande probleem te minimiseer nie.[21]

8.3.5.3 *Non-direktiewe gespreksvorm*

Dit is die metode van die *pastoral counseling*. "The fundamental presupposition of the Rogerian system is perfectly consistent with liberal and humanistic thought, namely, that the solution to man's problems lies in the man himself ... it places high value on the right of every individual to be psychologically independent. Man is outonomous ... in non-directive counseling, the counselor becomes a wall upon which the client gains insight into his problem and grandually devises a solution."[22]

Indien hierdie gespreksvorm aanvaar sou word, negeer dit die feit van die sondeval, asook die menslike aanspreeklikheid en verantwoordelikheid voor God, en word die pastor as verkondiger van die genade van God geneutraliseer: "The Christian pastor is called to be a paraclete, not a parakeet. He ought always to act like a Christian – even when counseling."[23] As aanvang en inleiding tot die pastorale gesprek, kan van die non-direktiewe metode gebruik gemaak word, maar vanuit die verkrygde helderheid sal oorgegaan moet word tot 'n direktiewe gespreksvorm.

8.4 Eie aard van die pastorale gesprek

Die eie aard van die pastorale gesprek kom daarin na vore dat nieteenstaande al die genoemde gespreksvorme as hulpmiddels, daar altyd 'n verkondigingsmoment aanwesig sal wees. In psigoterapeutiese terme kan hierdie verkondigingsmoment as volg saamgevat word: "Persuasie – beteken om aan te dring met 'n appellerende klem. Re-edukasie – beteken om met die klem op die verantwoordelikheid aktiverend op te tree en op te bou tot 'n nuwe instelling. Agogie – beteken ideaal- of normstelling en om die ander daarop ter rig."[24]

Daarom kan die pastor nooit 'n passiewe luisteraar wees wat

geen rigting aan die gesprek verleen nie. Hy moet die gesprek sy loop laat neem, maar steeds die leisels in sy hande hou. Hierdie spanning is prinsipieel *onoplosbaar*. Sodra die pastor die een kant van die saak laat val ten koste van die ander, gaan iets verlore. Dan ontaard die pastorale gesprek òf in 'n *alleenspraak*, òf in 'n *bloot simpatieke luister na die ander* waarin die gesaghebbende Woord ontbreek. Die kreatiewe spanning tussen hierdie twee elemente moet altyd gehandhaaf word en oor die plek wat elkeen in die gesprek moet inneem, sal die pastor in elke geval 'n beslissing moet neem, na die eis van omstandighede.

Die eie aard van die pastorale gesprek kom verder daarin na vore dat die werklike psigologiese katarsis nie ontstaan deur blote selfinsig nie, maar waar die mens as sondaar, met sy berou en skuldbelydenis te staan kom onder die bevrydende verkondiging van die liefde en vergewing van God in Jesus Christus. Daarom sal daar in die pastoraat die moment aanbreek waarin die pastor as gevolg van sy diagnose, waar nodig met psigologiese hulpmiddels, direktief die sonde sal blootlê, sal oproep tot berou en belydenis van skuld, maar ook die genade van God sal verkondig.

8.5 Taal van die pastorale gesprek

Die taalgebruik tydens die pastorale gesprek is van die allergrootste belang: "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom 10:17). Deur die hoor van die Woord lê die Gees die geloof in die mens. Woord en Gees funksioneer egter nie los en afsonderlik van mekaar nie. Die woord (gesproke en geskrewe) bly steeds die middel waardeur die Gees die geloof in mense wil lê. Daarom bly dit steeds van primêre belang dat ons aandag sal gee aan die woord as middel van die verkondiging, ook in die pastorale gesprek.

Ongelukkig ly baie van ons pastors aan 'n oordrewe hoogdrawendheid, baie praat 'n soort kanseltaal en hierdeur wil ons die evangelie verkondig. Die werking van die Gees wat die oortuigingswerk doen, word geensins genegeer nie, maar ons mag ook nie deur ons taalgebruik 'n kommunikasiegebrek skep wat wel deeglik 'n obstruksie veroorsaak in die werking van die Gees nie. Dit is juis dikwels in hierdie opsig waarin ons pastoraat faal, omdat ons nooit in die gesprek die adres van die pastoraat bereik

nie. Al is die akademiese skoling ook hoe deeglik, kan die pastoraat nogtans misluk weens 'n gebrek aan kommunikasie.

Hier moet ons dadelik waarsku teen die ander uiterste van 'n oordrewe goedkoop platvloersheid in die pastorale gesprek. Die bedoeling is slegs dat die pastoraat fungeer in die vorm van 'n gesprek, en hierdie gesprek kan slegs sinvol verloop as die gespreksgenoot ook daaraan kan deelneem. Daarom moet die gesprek op so 'n vlak aangebied word dat dit binne die bereik en begripsvermoë van die gespreksgenoot val. Te dikwels ontaard die pastoraat in 'n monoloog waarin die pastor 'n uitstekende adademiese referaat lewer wat teologies hoogstaande van gehalte is, maar wat die pastorale gesprek vermink sodat dit geen kant of wal raak nie.

In ons moderne tyd word die taalgebruik gekenmerk deur soberheid en eenvoud. Ons styl moet teenswoordig konkreet, funksioneel en kernagtig wees. Ons leef in die tyd van kort koerantopskrifte wat die kern van 'n hele berig saamvat. Die woordgebruik moet informatief van aard wees, en wel in die sin dat geen nuttelose woorde gebruik moet word nie, maar elke woord moet 'n oordragfunksie vervul.

Die lang hoogdrawende, omslagtige styl het miskien die mens van die Romantiek aangespreek en bekoor, maar is in ons tyd totaal onvanpas. Dit spreek vanself dat die pastor die gesprek sal aanpas op die vlak van sy gespreksgenoot. Daarom sal die aanbieding van die gesprek van huis tot huis verskil.

As die pastoraat as gesprek werklik sinvol wil funksioneer, sal die pastor ag moet slaan op die vorm en taal waarin die gesprek gegee word. Hierby kan ook gemeld word dat die pastor nie die lidmaat moet vermoei met moeilike teologiese diskussies nie, maar die doel van die pastoraat is juis dat die Woord konkreet gestalte sal vind in die situasie van die enkeling.

8.6 Konklusies

Om werklik aan die pastorale gesprek meer diepte te verleen, sal kennis geneem moet word van die genoemde psigologiese hulpmiddels in die gespreksontmoeting. Daar kan egter nie vir elke geval en situasie 'n voorskrif gegee word nie. Die pastor sal self met verantwoordelikheid in elke situasie moet beslis van welke gespreksvorm en metode gebruik gemaak moet word. Die pastor

sal ook met inagneming van die gespreksituasie self die beslissing moet neem wanneer die eie aard van die pastoraat, met alles wat dit impliseer, na vore gebring moet word. Hierdie genoemde hulpmiddels kan slegs die inleiding en voorspel wees. Indien daar nie deurgedring word tot die hart van die verkondiging in die gesprek nie, is ons besig met 'n gesekulariseerde pastoraat wat net so goed deur die psigoterapeut afgehandel kan word.

Verder moet ook in aanmerking geneem word dat nie elke pastorale gesprek so intensief kan of sal wees nie. So sal byvoorbeeld in 'n gewone roetine huisbesoekgesprek hierdie genoemde gespreksverskynsels nie altyd na vore kom nie. Alhoewel dit altyd in die agtergrond van die pastoraat fungeer, kom dit nie in elke gesprek in dieselfde mate na die oppervlak nie. In die besondere pastoraat waar aan besondere probleme aandag gegee word, sal die dinamiek van die gesprekvoering veel meer na vore kom. In die besondere pastoraat kan hierdie gesprekvoering ook oor meer as een ontmoeting loop, voordat deurgedring word tot die probleemidentifisering.

HOOFSTUK 9

Formele Poimeniek

Verskillende vorme van die pastoraat

As moderne publikasies in die Poimeniek bestudeer word, word dit gou duidelik dat daar feitlik deur die bank 'n Babelse verwarring omtrent die pastoraat is en dat die pastoraat ten onregte vereng word tot dié fokuspunt dat onder pastoraat alleenlik verstaan word die besondere pastorale sorg aan maatskaplike tipeerbares of sosiaal afwykendes. Daarom word in hierdie publikasies geen aandag verleen aan die kerklike huisbesoek as opdrag aan die kerk nie. Die nuwere pastorale aandag sentreer alleenlik rondom gesprekstegnieke en analisering van "gevalle" in die besondere toegespitste pastoraat op die enkeling.[1]

Hier moet dadelik 'n regstelling en begripsbepaling gemaak word. Die pastoraat omvat veel meer as slegs besondere pastoraat in probleemgevalle. Die nuwere denkrigting is dat die predikant moet spesialiseer in probleemgevalle en van die normale huisbesoek onthef moet word. Hierteenoor moet ons onsself skerp afgrens. Die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk praat van herderlike sorg wat saam met die ouderlinge gedoen moet word. (Art 149, 2a); daar word ook gepraat van die sieketroos wat saam met die diakens behartig moet word, terwyl die beroepsbrief weer praat van: "deur vertroosting van die siekes, deur die gemeentelede by hulle huise te besoek". Om begripsverwarring te voorkom, wil ons vir die doel van ons studie die pastorale veld skei in twee dele: algemene pastoraat of huisbesoek en besondere pastoraat.

9.1 Huisbesoek (Algemene pastoraat)

Die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sien die huisbesoek as opdrag aan die predikant en ouderling, as daar in Bepaling 101, 3a en b gestel word: "... predikante doen minstens jaarliks huisbesoek by elke gemeentelid. As dit nie

moontlik is nie, tref hy in oorleg met die kerkraad ander reëlings, ouderlinge, besoek minstens voor nagmaal alle wykslede." Dit is van belang om daarop te let dat hierdie bepaling val onder die rubriek van opsig, toesig en tug. Hierdie gestalte van die pastoraat hou nou verband met die opsigtaak van die kerk, soos dit reeds vroeër aangetoon is.[2] Die inhoudelike aspek van hierdie huisbesoek word in Bepaling 101, 2 soos volg saamgevat:
"Die kerkraad hou opsig oor belydende lidmate deur toe te sien dat hulle:

- Christelike lewe en 'n suiwere leer aanhang;
- huisgodsdiens hou en gereeld bid;
- eredienste getrou bywoon, hulle kinders laat doop en gereeld nagmaal gebruik;
- genoegsame offergawes gee sodat behoeftiges versorg, die gemeente en kerk in stand gehou en die evangelie verkondig kan word;
- hulle kinders in ooreenstemming met die doopbelofte opvoed;
- die priesterskap van die gelowiges uitlewe; en
- die Wet en Bepalings en besluite van die vergadering nakom en uitvoer."[3]

In die beroepsbrief vir predikante word hierdie besoek van gemeentelede ook spesifiek vermeld.[4] In die praktyk van die kerklike lewe is daar ook feitlik geen gemeente of gemeentelid wat hierdie algemene pastoraat of huisbesoek nie in hoë agting hou nie. So geheg is almal aan huisbesoek dat die woord "huisbesoek" in die kerklike woordeskat seker een van die bekendste en mees-gebruikte woorde is. Tog is daar 'n uiteenlopende verskeidenheid opvattings oor die karakter van huisbesoek onder lidmate en predikante. Daarom is die volgende regstellings nodig.

9.1.1 Wat huisbesoek is

Vanuit die prinsipiële Poimeniek, kan ons stel:

- Huisbesoek is verkondiging van die Woord in al sy rykheid.
- Hierdie verkondiging is die sistematiese uitleg en verklaring van die Skrif en die toepassing daarvan in die konkrete lewe van die enkeling.
- Huisbesoek staan in die lig van die opsig en die post-kategese.

- Huisbesoek is 'n amptelike gesprek wat jaarliks van huis tot huis deur die predikant gevoer word.

9.1.2 Wat huisbesoek nie is nie

- *Dit is nie 'n blote welwillendheidsbesoek nie.* Die ampsdraer moet teenoor die lidmaat welwillendheid openbaar, maar die kerk stuur hom nie om te gaan huisbesoek doen sodat die ampsdraer slegs sy welwillendheid teenoor die lidmaat sal betoon nie. As hy net sy belangstelling en goeie gesindheid aan mense betoon, het hy nog nie huisbesoek gedoen nie. Hierdie welwillendheid en vriendelike besoek is wel nodig, maar dit maak nie die huisbesoek oorbodig nie. Die huisbesoek is ook nie die geleentheid vir die predikant om te soek na oppervlakkige populariteit nie.

  Huisbesoek is amptelike pastorale dienswerk wat verrig moet word deur by wyse van 'n gesprek die Woord van huis tot huis te verkondig tot opbouing van die liggaam van Christus.

- *Huisbesoek is nie slegs huisgodsdiens nie.* Die pastor kan nie tevrede wees met sy huisbesoek as hy slegs uit die Bybel gelees en gebid het nie. Die Bybel en die gebed het wel deeglik 'n funksie in die huisbesoek, maar kan nooit die totaliteit van die huisbesoek omvat nie. Die huisbesoek bereik alleenlik sy doel in gesprekmatige verkondiging van die Woord.

- *Huisbesoek is nie 'n inkwisisie nie.* Die huisbesoek is nie die geleentheid waar die predikant vanuit die skans van sy ampsgesag 'n speursin moet openbaar om lidmate se sondes te probeer ontdek nie. Dit het wel tot gevolg dat lidmate, die oomblik wanneer 'n predikant in die gesigsveld kom, dadelik 'n defensiewe houding inneem. Dit is geen kuns om 'n mens skuldig te verklaar nie, want alle mense is immers skuldig voor God. Huisbesoek moet juis aan die skuldige, bekommerde mense die wonder van vergewing verkondig.

  Wanneer die regte vertrouensrelasie tussen pastor en lidmaat bestaan, sal dit gebeur dat 'n lidmaat die predikant in sy vertroue neem en voor hom bieg. Die doel van die pastor is dan juis om die lidmaat verby hom na Christus te lei. Die lidmaat kan eers dan sy hart werklik uitpraat as hy sy hart nie met die pastor nie, maar met God uitpraat.

- *Die huisbesoek is nie meerderwaardig teenoor die ander verkondi-*

gingsgestaltes nie. Die verskynsel kom dikwels voor dat 'n predikant van vroeg tot laat van huis tot huis rondjaag en hom liggaamlik en geestelik met baie besoeke vermoei, terwyl sy prediking en die voorbereiding uiteindelik daaronder ly.

Die kerklike verkondiging is 'n geheel wat alleen tot sy reg kom wanneer elke saamstellende element reg in die samehang van die geheel ingeorden is, en binne sy samehang met die geheel beoefen word. Geen element mag ten koste van die ander uit verband geruk word nie, want die hele verkondiging word dan skeefgetrek tot skade van die gemeente.

Daarom moet daar ten opsigte van die huisbesoek deeglike beplanning wees en moet dit in 'n gesonde balans verkeer ten opsigte van die ander gestaltes van die verkondiging.

9.2 Besondere pastoraat

In onderskeiding van die gewone huisbesoek word onder die besondere pastoraat verstaan die pastorale bemoeiing met diegene wat in sulke omstandighede verkeer dat hulle besondere pastorale aandag vereis. Hierdie besondere pastoraat vloei voort uit die algemene pastoraat en is aanvullend daarby. Hierdie besonder pastorale sorg kan oor 'n wye veld strek, byvoorbeeld siekes, bedroefdes, bejaardes, sosiaal- en maatskaplik-afwykendes, diegene wat kerklos raak, diegene wat in een of ander sonde of dwaling verval het, pastorale sorg rondom die huwelik in al sy fasette, weduwees en wewenaars, en jeugpastoraat. Hierdie besondere arbeidsveld hang ten nouste saam met die nasorgkarakter van die pastoraat, wat weer tegelyk voorkomende voorsorg is.

Ook hierdie besondere pastorale arbeid wil in sy diepste wese niks anders wees as verkondiging van die Woord in elke situasie nie. Die gevaar dreig dat hierdie besondere pastorale sorg so gesekulariseerd kan raak dat dit vervlak tot blote medemenslike hulp, of sosiale opheffing, of psigoterapeutiese begeleiding. Daarom moet dit beklemtoon word dat hierdie besondere pastorale sorg alleenlik sinvol in die kerk kan fungeer as dit gehoorsaam bly aan die eise van die teologie in die algemeen en van die Poimeniek in die besonder. Dit bly in eerste en laaste instansie die doel van die besondere pastoraat om die Woord van God te verkondig aan die mens in sy besondere nood en situasie.

Hierdie besondere pastorale versorging van die kudde, kom ook in die amptelike stukke van die kerk duidelik na vore in Bepaling 149 van die Kerkwet.[5]

"1 'n Predikant verrig dienswerk aan 'n gemeente onder opsig van 'n kerkraad. Hierdie dienswerk behels ...
(d) voorbidding vir alle mense;
(e) vertroosting van die bedroefdes ...

2 'n Predikant is saam met die ouderlinge verantwoordelik vir:
(a) herderlike sorg;
(b) arbeid onder diegene wat van die evangelie vervreemd is ...;
(d) geestelike vorming van die jeug; en
(e) opsig, toesig en tug oor lidmate."

In die beroepskrif van predikante word ook met nadruk gestel: "... deur vertroosting van die siekes."[6]

Hieruit spreek die bewussyn van die kerk, dat in die nakoming van sy pastorale opdrag en verantwoordelikheid, hierdie pastorale versorging hom moet uitbrei ook oor diegene wat in besondere nood of omstandighede verkeer.

9.3 Integrering van algemene en besondere pastoraat

Ter wille van die sistematiese bestudering word hierdie twee pastorale velde van mekaar onderskei en geskei. In die praktyk van die pastoraat vloei hierdie twee aspekte dikwels ineen en integreer die besondere pastorale sorg met die huisbesoek.

Die ideale toestand sou wees dat algemene en besondere pastoraat in die praktyk los van mekaar funksioneer, in die sin dat die huisbesoektema (of temas) dwarsdeur die gemeente aan die orde sou kom. Die gevalle wat besondere pastorale sorg vereis moet dan addisioneel by die gewone huisbesoek weer besoek word. In klein gemeentes met 'n lidmaattal van 300–400 is dit wel moontlik. Die praktyk het egter bewys dat in die meeste gemeentes van ons kerk die lidmaattal 400 oorskry (sommige tot 1 000). Veral in stadsgemeentes, waar die huisbesoektye tot die aande beperk is, eis die huisbesoek soveel tyd op dat daar weinig geleentheid oorbly om slegs aan individuele gevalle tyd af te staan. Hierdie praktiese situasie bring noodwendig mee dat die pastor sy besondere pastoraat in sommige gevalle met sy huisbe-

soek sal integreer. In die praktyk beteken dit dat die pastor by sommige huisgesinne sal moet afwyk van sy gesprekstema om aandag te gee aan die besondere situasie of nood van die bepaalde huis.

As voorbeeld kan ons noem gevalle van kerklosheid wat tydens die inleidende gesprek van die huisbesoek onder die aandag van die pastor kom. Die ideaal sou wees dat die pastor die gesprekstem met hulle behandel om dan later weer op besoek by die gesin te kom met die spesifieke doel om met hulle te handel oor hulle kerklosheid. Om egter in 'n groot gemeente sy tyd so goed moontlik te benut, is dit nodig dat die pastor die geleentheid wat hom tydens die huisbesoek voordoen sal gebruik om sy besondere pastoraat te verrig.

Dit is voor-die-hand-liggend dat nie alle besondere pastoraat op die wyse kan fungeer dat dit tydens die huisbesoek aan die orde kan kom nie. Sekere gevalle, soos byvoorbeeld huweliksprobleme, kan weens die persoonlike aard van die probleem nie in teenwoordigheid van die hele gesin bespreek word nie en in so 'n geval sal die huisbesoek moet uitmond in 'n opvolgbesoek en 'n persoonlike gesprek. Die dringendheid van sommige gevalle sal ook vereis dat dadelik aandag daaraan geskenk moet word en dat dit nie tot en met die gewone huisbesoek uitgestel kan word nie. Die pastor sal diskresie aan die dag moet lê om te beslis of die geval van so 'n aard is dat dit 'n persoonlike privaatgesprek vereis en of dit tydens die huisbesoek kan plaasvind.

Wat ons wel bepleit, is dat die pastor 'n ope oog en oor vir die situasie van die lidmaat moet hê en wanneer die geleentheid hom tydens huisbesoek voordoen dit nie ooglopend te vermy nie, maar hulle situasie wel deeglik in die lig van die Woord te stel. Wanneer die besondere pastoraat op so 'n wyse by die gewone huisbesoek geïnkorporeer kan word, bring dit vir die pastor 'n geweldige besparing van tyd te weeg.

Dit moet egter duidelik gestel word dat die besondere pastoraat nooit deur die huisbesoek ten volle geakkommodeer kan word nie. Daar sal altyd gevalle wees wat besondere pastorale aandag addisioneel by die huisbesoek sal vereis.

HOOFSTUK 10

Vorm van die huisbesoekgesprek

Daar is sommiges wat beweer dat daar nie eintlik huisbesoek gedoen kan word alvorens die predikant nie 'n bepaalde kennis van die mens by wie hy huisbesoek moet doen, opgebou het nie. Dit spreek vanself dat die evangelieboodskap nie afhanklik kan wees van die predikant se huisbesoek-objekte nie. Daar dien verder daarop gelet te word dat daar gelukkig meer lidmate in elke gemeente is wat geen besondere probleme het nie, as diegene wat wel besondere moeilikhede ondervind. As dit waar is dat huisbesoek die werk van die ander verkondigingsgestaltes voortsit as 'n onderrigtende voorsorg vir die ongehinderde voortgang van die evangelie, dan spreek dit eintlik vanself dat hierdie dienswerk nougeset verrig moet word aan diegene wat nog nie besondere probleme het nie, juis ter voorkoming van sulke probleme. Baie besondere probleme ontstaan juis omdat die gewone onderrigtende voor-en nasorg van die huisbesoek nie tot sy reg en volle ontplooiing kom nie.

10.1 Inleidende gesprek

Sommige teoloë is die mening toegedaan dat daar met die huisbesoek geen inleidende gesprek moet wees nie, want dit sou impliseer dat daar by die mens na 'n aanknopingspunt vir die Woord gesoek word. Dit sou in wese neerkom op die Roomse opvatting van die *analogia entis*, die synsrelasie tussen God en mens. As dit die doel van die inleidende gesprek is, moet ons dit afwys.

Om bloot van meet af met die Woord te begin, sou weer op sy beurt in stryd wees met die aard van die pastoraat as 'n gespreksontmoeting. 'n Inleidende gesprek hoef nie te impliseer dat na 'n aanknopingspunt gesoek word nie, veeleer dien dit die doel om die mens se gedagte van die alledaagse na die Woord te lei. So 'n inleidende gesprek dien ook daartoe om 'n vertrouensrelasie vir 'n ware ontmoeting tussen pastor en lidmaat te skep.

Veral vir die eerste kennismaking tussen pastor en gemeente is hierdie inleidingsgesprek noodsaaklik. Daar kan vooraf by die ouderling navraag gedoen word oor die geloofstoestand by die bepaalde huis, hulle kerklike meelewing, huislike omstandighede, offergawes, ensovoorts. Hierdie inligting moet versigtig hanteer word, dit mag nie gebruik word om die lidmaat aanvallend daarmee te konfronteer nie. 'n Pastor moet daarteen waak om nie vooraf op grond van die ouderling se inligting 'n oordeel oor die huisgesin te fel nie, want hierdie inligting kan ook soms geput word uit subjektiewe gevoelens wat spruit uit 'n persoonlike vete of 'n ou kerktwis.

Die gespreksontmoeting moet ook, van die begin af, staan in die lig van die vertrouensverhouding en pastorale bewoënheid. Dit is daarom ook goed om opreg belangstellend navraag te doen na die welstand van die huis op materiële en geestelike vlak. Sodoende bou die pastor vir homself 'n geskiedenis op van elke huisgesin, wat sal meehelp dat die pastor 'n potensiële afdwaling betyds kan identifiseer en sodoende in sy besondere pastorale sorg meer voorkomend te werk kan gaan. Pastors is ook geneig om hierdie gesprek slegs te betrek op die vader en moeder van die huis – dit is 'n verskraling van hulle pastorale verantwoordelikheid. Die pastorale opdrag dek die hele linie van die huisgesin. Daar moet ook belangstellend navraag gedoen word na die kind en veral die jong belydende lidmaat wat nog by sy ouers inwoon. Die kind moet van jongs af besef dat die kerk deur sy ampte in hom belangstel en dat hy 'n verantwoordelikheid in en teenoor die kerk het.

Ons moet altyd onthou dat hierdie huisbesoek ook staan in die lig van die opsigtaak van die ampsdraer. Daarom sal hierdie gesprek noodwendig moet lei na die verantwoordelikheid van die gelowige ten opsigte van sy geloofslewe. Ons stel dit weer hier pertinent dat hierdie vrae nie op 'n speurderagtige manier, veroordelend uit die hoogte moet geskied nie. Veeleer moet die pastor die lidmaat op 'n subtiele wyse daartoe bring dat hy self sy geloofslewe in die lig van die Woord sal sien.

In hierdie inleidende gesprek kan dit gebeur dat die lidmaat uit sy eie vrae of geloofsprobleme opper, waarop die pastor dan kan antwoord. Soms sal die pastor miskien self in die loop van die gesprek probleme by die lidmaat identifiseer, waarvoor die lidmaat wegskram. Dit mag wees dat die lidmaat doelbewus

daarvoor wegskram om persoonlike redes soos skaamte. In so 'n geval moet die pastor nie aandring op verdere bespreking van die saak nie. So 'n geval benodig dan meer intensiewe persoonlike pastorale sorg. Die pastor kan gewoon van die aangeleentheid afstap deur die lidmaat te nooi tot 'n persoonlike gesprek en deur 'n bepaalde tyd daarvoor af te sonder.

In hierdie inleidende gesprek sal die pastor die beginsels van die gesprekvoering nuttig kan implementeer, om sodoende 'n werklike gespreksituasie te skep en die persoon in sy eie unieke situasie te identifiseer. Die diepte en intensiteit van die gespreksituasie sal wyd uiteenlopend wees. In die geval van lidmate wat in 'n probleemsituasie is, sal daar veel meer van hierdie gesprekstegnieke gebruik gemaak moet word om deur te dring tot die kern van die saak. In gevalle waar geen noemenswaardige probleme geïdentifiseer kan word nie, sal die intensiteit van die gesprek laer wees, gesien in die lig van die inleidende gesprek. Indien die probleme wat in die loop van die inleidende gesprek geïdentifiseer is, van so 'n aard is dat dit in 'n gewone huisbesoekgesprek aan die orde kan kom, sal die verdere inhoud en verloop van die huisbesoekgesprek dus daarop konsentreer. Indien die geïdentifiseerde probleem egter van 'n persoonlike en meer diepliggende aard is, sal dit moet uitmond in 'n latere intensiewe pastorale gesprek of gesprekke.

Opsommend kan ons dus die doel en betekenis van die inleidende gesprek soos volg saamvat:

10.1.1 Om uit opregte pastorale belangstelling navraag te doen na die welstand van die huisgesin, om sodoende ook vir die toekoms 'n agtergrondgeskiedenis van die huisgesin op te bou.

10.1.2 Om die lidmaat geleentheid te gee om geloofsvrae te opper en indien moontlik te beantwoord, of om 'n afspraak te reël waar met meer besondere, pastorale sorg daaraan aandag gegee kan word.

10.1.3 Om probleme wat diepliggend van aard is te identifiseer, wat ook eventueel sal lei tot 'n persoonlike opvolggesprek.

10.1.4 Om 'n vertrouensrelasie te skep sodat die lidmaat die opregte sorg en besorgdheid van die kerk en sy ampsdraers in die gesprekstrant sal ontdek.

10.1.5 Om die pastorale sorg uit te brei tot die hele linie van die gesin.

10.1.6 Om in die gesprekstrant die lidmaat uit te nooi tot aktiewe deelname.

10.1.7 Om die gedagtes van die huisgesin te lei na die Woord.

10.1.8 Om die geïdentifiseerde probleem en/of besondere situasie (indien van so 'n aard), in die verdere verloop van die huisbesoekgesprek vanuit die Woord te belig.

10.2 Behandeling van 'n tema

Na hierdie inleidende gesprek, kan daar oorgegaan word tot die behandeling van 'n bepaalde tema. Hierdie tema sal in sommige gevalle voortkom uit die inleidende gesprek. In so 'n geval sal daar dan die nodige regstelling, vermaning of vertroosting vanuit die Woord van God gespreek moet word.

Daar sal egter ook baie gevalle wees waar dit uit die inleidende gesprek blyk dat by die huisgesin of individuele lidmate geen besondere nood bestaan nie. Dit wil nie sê dat die huisbesoekgesprek daarmee afgehandel is of oorbodig gemaak is nie. Indien ons die pastoraat sien as 'n gestalte van die kerklike verkondiging, is dit juis die geleentheid om aanvullend tot die ander verkondigingsgestaltes ook hier die Woord te laat hoor. Dit is 'n gulde geleentheid vir die postkategetiese arbeid van die kerk. Ook hulle wat standvastig is in die geloof, het voortdurende bemoediging, vertroosting en vermaning nodig. In die lig hiervan is dit sinvol en nodig dat die pastorale verkondigingsgesprek voortgesit sal word.

Daar is 'n verskeidenheid geloofstemas wat by sulke gesprekke aan die orde kan kom. Deur beplanning kan in hierdie gesprekke die nodige wisselwerking en aanvullende verhouding tussen pastoraat en prediking na vore kom. So kan byvoorbeeld in die gesprek gehandel word oor die verhouding van die gelowige tot die kerk as liggaam van Christus en hulle onderlinge verbondenheid aan mekaar, asook hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar. Hierdie gesprek kan gevoer word aan die hand van 1 Korintiërs 12: 12-31, waar Paulus die beeld gebruik van die gelowiges, of die kerk as liggaam van Christus.

Die hantering van die tema kan op tweërlei wyse geskied. Daar kan eerstens uit die Bybel die betrokke gedeelte gelees word en daarna by wyse van vraag en antwoord die gedeelte verklaar en persoonlik toegepas word, sodat die lidmaat duidelik sy betrokkenheid by die gebeure van die kerk sal ontdek.

By wyse van gesprek kan die tema aangekondig, bespreek en toegepas word, terwyl die Skrifgedeelte dan samevattend aan die einde voorgelees word.

Ons beklemtoon weer die feit dat hierdie gesprek tydens huisbesoek en die behandeling van die tema verkondiging van die Woord is, en hierdie verkondiging bereik sy doel eers wanneer dit konkreet op die lewe van die lidmaat toegepas word. Die eiesoortigheid van hierdie verkondigingsgestalte lê daarin dat dit by wyse van 'n gesprek plaasvind waarby pastor én lidmaat betrokke is.

In die behandeling, uiteensetting en toepassing van die tema, sal voortdurend die lewensituasie van die betrokke lidmaat in berekening gebring moet word. Oud en jonk, ryk en arm, aansienlik en onaansienlik, man, vrou en kind sal duidelik in die lig van hierdie gesprek hulle geloofsbetrokkenheid by die gebeure van die kerk moet besef.

10.2.1 Verskillende gesprektemas

Ons het reeds gemeld dat die huisbesoek gepaard moet gaan met deeglike beplanning ten opsigte van die gesprektemas wat behandel sal word.

Prof JI de Wet gee in 'n artikel in die HTS getitel "Huis-besoek", die volgende gesprektemas aan die hand: "Ek neem die volgende skema as 'n voorbeeld van wat met beplanning bedoel word. Daar is egter ook ander moontlikhede en ander skemas moontlik. Die drie vrae van die openbare geloofbelydenis word as uitgangspung geneem vir hierdie skema."[2]

(i) Na aanleiding van die eerste vraag, kan die volgende gesprektemas behandel word:
- Wat is geloof?
- Waar kom geloof vandaan?
- Waarom *sola fide?*
- Wat is prediking en sakramentsbediening?

(ii) Na aanleiding van die tweede vraag:
- Wat is wedergeboorte?
- Wat is bekering?
- Is godsdiens bloot 'n saak van gevoel, ensovoorts.

(iii) Na aanleiding van vraag drie:
- Wat is die kerk?
- Wie behoort aan die kerk?
- Wat is opsig en tug?

Hierby kan 'n rykdom van gesprektemas genoem word. Uit die aard van gemeente-opbou kan dit nodig wees om te praat oor:

- Erediensbywoning – die sin en doel daarvan.
- Offergawes – waarom?
- Die gemeente as gemeenskap van heilige – hulle onderlinge verbondenheid.

In spesifieke gevalle waar dit nodig is, waar sekere sektegroepe aktief is, kan gehandel word oor:

- Sektekenmerke.
- Grootdoop, of kleindoop, ensovoorts.

Dit is goed om van tyd tot tyd te praat oor:
- Die doopbelofte.
- Huisgodsdiens.

So kan talle gesprektemas bygevoeg word. Die pastor sal self volgens die aard en omstandighede van die gemeente sy temas moet bepaal. Hierdie gesprektemas kan ook vasgestel word in konsultasie met die kerkraad, sodat daar ook die nodige kontinuïteit in die werk van die predikant en ouderling kan wees.

10.2.2 Variasie van gesprektemas

Dit kan vir die pastor en die ouderling wat hom tydens huisbesoek vergesel, sieldodend wees om van huis tot huis en van aand tot aand dieselfde gesprek aan te hoor en dieselfde tema te behandel. Veral vir die pastor kan dit fataal wees om vir 'n hele jaar lank 200-300 keer dieselfde gesprektema te herhaal. Dan word die gevaar groot dat hy dit bloot meganies, sonder oorgawe of oortui-

gingskrag doen en kan dit selfs vir die pastor vervelend en uitputtend raak.

Prakties gesproke sou dit dus goed wees as die pastor 'n hele aantal verskillende gesprektemas voorberei wat dan in 'n siklus aan die orde sal kom. Om hierdie variasie ordelik te laat verloop, is dit nodig dat die predikant 'n kaartsisteem sal hou waarop noukeurig aantekening gehou word van die gesprektemas wat behandel is. Die nodige kontinuïteit moet in die huisbesoek behou en gehandhaaf word.

In die voorbereiding van hierdie gesprektemas sal die pastor in gedagte moet hou dat sekere gelooftemas meer beklemtoning en aandag in bepaalde gevalle moet ontvang. So sal sekere temas meer aandag moet geniet by die jeug, terwyl ander temas weer meer beklemtoning sal ontvang by 'n gevestigde huisgesin, of by bejaardes. In die variasie van sy gesprektemas, sal die pastor ook hierdie feitelikheid in berekening moet bring.

10.3 Gebed

Die huisbesoekgesprek word afgesluit met 'n kort en kragtige gebed. As riglyne vir die inhoud van hierdie gebed kan die volgende geld:

- Beide pastor en lidmaat verootmoedig hulle as sondaars voor God.
- Beide leef deur die grasie en genade van God in Jesus Christus.
- In die gebed sal ook die bewoënheid van God oor die spesifieke huis blyk.
- Die gebed mag nooit 'n middel wees waardeur die pastor die lidmaat die swye wil oplê nie.
- Die gebed mag nooit misbruk word as geleentheid waartydens die lidmaat moet swyg en die pastor nou kan sê waarvoor hy nie andersins die moed sou gehad het nie.

Die gebed is die hoogtepunt waarop die hele pastorale gesprek uitloop en waarmee dit eindig, as ons saam staan voor die genadetroon van God.

Deur die gebed word dit sigbaar dat nie die pastor nie, maar God self die eintlike Pastor en subjek van die pastoraat is.

10.4 Voorbereiding vir die huisbesoek

Uit wat hier gesê is, behoort dit duidelik genoeg te wees dat die huisbesoek nie sonder die nodige voorbereiding gedoen kan word nie.

Vir die predikant is sy hele teologiese opleiding nodig voordat hy kan gaan huisbesoek doen, want dit is sy wapentuig of werkgereedskap wat nodig is om hierdie opdrag uit te voer. Na die oortuiging van die kerk is die teologiese opleiding die apparaat wat die predikant nodig het om reg te kan verkondig, dit wil sê om die Skrif reg met betrekking tot Jesus Christus se persoon, woord en werk te kan uitlê en in lyn met sy eie bedoeling te kan toepas. Dit is verstommend om te sien hoe pastors soms hulle teologiese skoling agteloos negeer wanneer dit by die huisbesoek kom.

Die voorbereiding vir die huisbesoek moet gedra word deur die gebed en verootmoediging dat God ook deur middel van die pastor sy kudde wil versorg, bewaar en in die geloof wil versterk. Hiermee is die voorbereiding egter nie afgehandel nie. Hy moet hom ook doelbewus teologies voorberei met die hele teologiese apparaat tot sy beskikking, sodat hy ook sinvol en verantwoordelik hierdie spesifieke verkondigingsopdrag kan gehoorsaam.

Omdat hierdie verkondigingsgestalte juis sy sin bereik in die vorm van 'n gesprek, sal sy voorbereiding van so 'n aard moet wees dat hy nie manuskripgebonde, by wyse van 'n voorlesing die gesprek probeer voer nie – dit sou fataal wees vir 'n sinvolle gesprek – maar werklik met vrymoedigheid en verantwoord tot die gesprek toetree.

10.5 Groepshuisbesoek

In die laaste tyd het daar ook in die kerk die gedagte van groepshuisbesoek na vore gekom. 'n Verslag oor die groepspastoraat het voor die agt en vyftigste Algemene Kerkvergadering gedien.[3] Die vorige vergadering het besluit: "Die Algemene Kerkvergadering beveel aan dat kerkrade kan besluit om die huisbesoek bykomstig ter wille van beter bearbeiding groepsgewys te laat plaasvind." Uit die verdere verslag kan die volgende aspekte van belang na vore gebring word. Met groepspastoraat word bedoel

die gelyktydige pastorale bediening van 'n groep huisgesinne in teenstelling met die tradisionele huisbesoek wat van huis tot huis plaasvind. In die praktyk word so 'n groep deur 'n gemeentelike wyk gevorm. Die inhoud van die groepspastoraat is steeds die verkondiging van die Woord. Die genoemde verslag stel voor dat so 'n groepspastoraat die volgende vorm sal hê: Na die Skriflesing, gebed en samesang, lewer die predikant 'n kort, maar goed verantwoorde en prikkelende inleiding oor 'n aktuele onderwerp, waarna die lidmate uitgenooi word tot die bespreking daarvan.

As voordele van hierdie groepspastoraat word in die verslag gestel dat lidmate met 'n bepaalde verwagting na die groepshuisbesoek gaan wat die gesprek stimuleer en meelewing bevorder. Hierdie byeenkomste is ook prikkelend vir die algemene priesterskap van die gelowige in die sin dat dit 'n hegter band tussen lidmate onderling smee.

Groepspastoraat het egter ook beperkings en gevare. Meer intieme kennis en kontak spruit voort uit die persoonlike huisbesoek wat deur die groepspastoraat skade lei. Groepspastoraat kan ook maklik ontaard in 'n blote sosiale byeenkoms met gepaardgaande verlies aan die werklike pastorale diepgang en inhoud van die gesprek.

Verder wil ons ook stel dat om werklik groepspastoraat sinvol te laat funksioneer, dit baie hoë eise stel aan die pastor om die gespreksgroep so te hanteer dat almal aan die gesprek sal deelneem. Dit vereis kennis van groepwerk en gesprektegnieke. Die praktyk het bewys dat slegs 'n paar persone aan so 'n groepsgesprek deelneem, terwyl die oorgrote meerderheid bloot passiewe luisteraars bly. Dit doen weer skade aan die persoonlike kontak van die pastoraat.

Die hele bedoeling van die huisbesoek as 'n persoonlik-gerigte gesprek, word deur die groepshuisbesoek geïllumineer. Die positiewe aspekte van die groepshuisbesoek kan ook nie genegeer word nie. Gesien in hierdie lig, wil ons stel dat groepshuisbesoek nie die gewone individuele huisbesoek mag vervang of verdring nie. Dit kan hoogstens aanvullend by die gewone huisbesoek gebruik word, of in té groot gemeentes (miskien uit praktiese nood) by wyse van rotasie.

10.6 Pastorale verwagtings

Die pastor mag, as hy gewetensgetrou sy huisbesoek as woordbediening verrig het, glo dat die Heilige Gees dit kan gebruik tot opbou van die gemeente, maar dan moet hy ook bereid wees om te wag dat die Heer van sy kerk op sy tyd die wasdom gee. En as die wasdom kom, dan is dit nie verdienste nie, maar blye dankbaarheid.

Die predikant mag nooit die huisbesoek misbruik met die verwagting dat hy daardeur aan oppervlakkige populariteit sal wen nie. Aan die ander kant is dit wel so dat 'n reggeaarde gemeente 'n reggeaarde evangeliedienaar in hoë agting hou as hy sy amp en plig getrou en tot Gods eer verrig.

Die pastor moet altyd in die pastorale gesprek die middel wees, waardeur die eintlike gespreksgenoot aan die Woord sal kom. As hy voortdurend onder die besef leef dat nie hy nie maar God self die subjek van die pastoraat is, dan sal die pastor altyd verdwyn en hy as persoon sal in die agtergrond tree voor die groot Pastor. As die pastor so sy werk verrig met die bede dat God sy nederige pastoraat as verkondingsmiddel in sy diens wil gebruik, dan kan die pastor verwag dat die gemeente daardeur sal toeneem in getal en in geloof.

10.7 Konklusies

Die huisbesoekgesprek vind plaas in die lig van die opsigtaak van die kerk. In hierdie huisbesoek is 'n inleidende gesprek noodsaaklik om die hele gesin onder die opsig te betrek in die lig van die Woord en hulle situasie en omstandighede te identifiseer. Vanuit hierdie inleidende gesprek is daar twee moontlike weë wat gevolg kan word. Eerstens kan daar as gevolg van die geïdentifiseerde probleem oorgegaan word tot besondere pastorale sorg deur aan die hand van die Woord die situasie te belig. Tweedens kan, indien geen besondere probleem geïdentifiseer is nie, oorgegaan word tot die gesprektema. Hierdie gesprektema word voortdurend gerig en toegepas op die konkrete lewensituasie. Die gebed is die afsluiting en klimaks van die huisbesoekgesprek. Hierdie gesprektemas kan met die nodige beplanning gevarieer en afgewissel word. Groepshuisbesoek kan aanvullend of roterend toegepas word.

HOOFSTUK 11

Die besondere pastoraat

11.1 Elemente in die gesprek

Onder die besondere pastoraat word verstaan die pastorale versorging van diegene wat weens omstandighede, gebeure of handelinge hulself in 'n krisissituasie bevind, met die outomatiese gevolg dat hoë eise aan hulle geloof gestel word en dat in sommige gevalle hulle geloof selfs kwyn. Diegene vereis toegespitste pastorale sorg en aandag as uitvloeisel van die ontferming van God wat hom uitbrei oor veral diegene wat in nood verkeer.

As verkondigingsgestalte moet ook die besondere pastoraat, soos reeds aangetoon,[1] gehoorsaam wees aan die teologiese prinsipes en inhoudelike karakter. Tog vertoon die besondere pastorale bearbeiding na die uiterlike vorm meer soepelheid en beweeglikheid vir die gesprekgenote as wat die geval sou wees in die gewone huisbesoekgesprek. Waar die huisbesoekgesprek byvoorbeeld in een gesprek afgerond en voltooi word, kan dit gebeur dat die besondere pastoraat eers na 'n reeks gesprekke afgerond en voltooi word. Al die genoemde inhoudelike elemente van die pastorale gesprek in die algemeen geld ook vir die besondere pastorale gesprek, tog sal dit meer vloeibaar toegepas word.

'n Paar van die karakteristieke eiesoortighede van hierdie vorm van die pastoraat, wat gewoonlik in meerdere of mindere mate van toepassing is, kan genoem word.

11.1.1 Vertrouensrelasie

Die besondere pastorale gesprek kan sy beginpunt hê by die huisbesoekgesprek waar 'n probleem geïdentifiseer is, of andersins, op versoek van 'n lidmaat, of ampsdraer. Hierdie gesprek dra gewoonlik 'n intieme karakter van vertroue, omdat dit meer persoonlik van aard is. Daarom is die ideale situasie vir so 'n gesprek ook dat dit in die privaatheid van die studeerkamer, of ander geskikte lokaal sal plaasvind. Dit is van essensiële belang

vir 'n werklike vertrouensrelasie in hierdie gesprek, dat die pastor ook die inligting wat hy in so 'n gesprek bekom, streng vertroulik sal hanteer. Die vertrouensrelasie word geskaad en die moontlikheid van 'n gespreksontmoeting by voorbaat gekelder, indien die lidmaat op een of ander wyse sou vermoed dat hy die pastor nie kan vertrou nie.

11.1.2 Inleidende gesprek

Die inleidende gesprek fungeer prominent in die besondere pastorale bearbeiding. In hierdie inleidende gesprek sal die pastor op subtiele wyse die gesprek moet hanteer aan die hand van die verskillende psigologiese beginsels van die gesprekvoering.[2] Dit is moeilik om vir elke situasie en geleentheid 'n vaste vorm en skema neer te lê. Die pastor sal hier self in verantwoordelikheid en met inagneming van die persoon en sy omstandighede moet kies van watter metode hy gebruik gaan maak. Hierdie inleidende gesprek sal uit die aard van die saak nie-direktief wees. Deur luisterend te praat en die beginsels toe te pas van refleksie, interpretasie, suggestie, ensovoorts kan die inleidende gesprek dien tot werklike probleemidentifikasie. Hierdie inleidende gesprek en die besondere pastoraat kan soms aan die pastor hoë eise stel ten opsigte van sy geduld en liefde, vanweë die feit dat hierdie inleidende gedeelte van die gesprek uitgerek kan word oor drie of selfs meer gesprekke voordat werklike probleemidentifikasie en selfinsig gekom het, sodat oorgegaan kan word na die volgende fase van die gesprek.

11.1.3 Direktiewe fase

Die tweede fase in die gesprek by die besondere pastoraat, wil ons omskryf as die direktiewe fase. Die pastor sal self moet beslis wanneer daar tot hierdie fase oorgegaan moet word. As gevolg van die verkrygde insig en probleemidentifikasie het die gesprek die rypheid bereik om oor te gaan tot die direktiewe fase. Waar die pastor in die eerste fase van die inleidende gesprek nondirektief besig was, sal hy in hierdie fase oorgaan tot die direktiewe leiding. In hierdie fase kom die verkondigingsmoment aan die orde, waar die pastor in die lig van die Woord die geïdentifiseerde probleem sal ontleed en die nodige regstellings sal maak. Hier sal die pastor nie kan skroom om aan die hand van die

Woord die verkeerde te ontbloot en die sonde aan die kaak te stel nie. Dit sal natuurlik steeds plaasvind in die gees van die liefde van Christus. "Ons tree dan op as gesante om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus ontwil: Laat julle met God versoen." (2 Kor 5:20.) Hierdie direktiewe fase moet ook gekenmerk word deur die verkondiging van die genade en vergewing in Jesus Christus. Die appèl van bekering en geloofsgehoorsaamheid, word moontlik gemaak deur die aanbod van genade.

11.1.4 Gebed

Soos in die huisbesoekgesprek, sal ook die gesprek in die besondere pastoraat uiteindelik uitmond in die gebed. In hierdie gebed word skuldbelydenis en berou gestel in die lig van die vergewing in Jesus Christus. Hier sal ook die bede om die vernuwende en genesende werking van die Heilige Gees 'n vername rol speel.

11.2 Besondere pastoraat en die tug

Die algemene pastoraat staan voortdurend in die lig van die opdrag aan die ampsdraers tot opsig en toesig oor die kudde wat aan hulle toevertrou is. Daarom is dit dikwels die geval dat die pastoraat uitloop op die tug. Dit moet duidelik gestel word dat ten opsigte van die pastoraat ook die goue reël geld dat voorkoming beter is as genesing. Die opsigtaak van die herders oor die kudde het ook 'n voorkomende aspek. As nasorg is die pastoraat tegelyk ook voorsorg, wat voortdurend die kudde moet waarsku teen afdwaling.

Die uiteindelike tug is dan die intensivering van die pastoraat op die enkeling, wanneer die algemene pastoraat oorgaan in die besondere pastoraat. Prakties kan ons dit soos volg verduidelik. Met die algemene pastoraat tydens huisbesoek, kan dit onder die aandag van die pastor kom dat daar by 'n bepaalde lidmaat 'n sekere afdwaling ontstaan. Hierdie afdwaling vereis 'n intensivering van die pastorale bemoeienis in die sin dat die lidmaat nou objek word van die besondere pastoraat. Hierdie besondere pastoraat kan uiteindelik een van twee moontlike weë volg. Eerstens kan die lidmaat deur die besondere pastoraat tot inkeer

en berou kom oor sy afdwaling en sodoende weer terugkeer tot die gemeente of gemeenskap van die heiliges. Tweedens kan die lidmaat in verset kom teen die besondere pastorale aandag in die sin dat hy hardnekkig weier om tot berou te kom en hom van sy dwaling te bekeer.

Nadat dit uit herhaalde pastorale gesprekke duidelik blyk dat die lidmaat geen berou toon nie, gaan die besondere pastoraat oor in die tug. Die besondere doel van die pastoraat bly in alle omstandighede steeds om die lidmaat weer terug te bring tot die kudde om saam met die gemeente hom te buig voor die Woord van God in die prediking. Daarom bly ook die doel van die toepassing van die tug in die pastoraat om die lidmaat weer in die erediens onder die Woord te bring. Hierdie gesindheid en doel van die tug sal ook duidelik in die pastorale gesprek na vore moet kom. Wanneer die lidmaat te enige tyd gedurende die pastorale gesprek berou toon en sy skuld bely, moet gepoog word om hom weer onder die Woord te bring en word die uitoefening van die tug dus gestaak. In die geval waar geen berou getoon word nie, sal die pastoraat uiteindelik daartoe oorgaan om die lidmaat uit die midde van die gemeente af te sny.

Wanneer hierdie laaste tughandeling toegepas is, het ons die grens van die pastoraat bereik, want die pastoraat is 'n binnekerklike verkondigingsgestalte. Met die uiteindelike afsnyding van die lidmaat uit die gemeente, gaan die pastoraat oor in die apostolaat, 'n verkondigingsgestalte wat buitekerklik funksioneer.

In die verhouding van pastoraat en tug kom die vraag na vore of hierdie besondere pastorale gesprek onder die opsig en tug nie ook 'n moment van bieg omvat nie. Ondanks die besware van Luther en Calvyn teen die Roomse bieg, waaronder die biegdwang die bieg as *satisfactio operum* en die boete as verdienstelike werk, wou albei die private bieg in ere hou, waarnaas die openbare belydenis van sonde en vergewing in die erediens, en die private bieg voor die ampsdraer aangeprys word. In die bieg vind die katarsis plaas, dit is bevryding, 'n emosionele ontlading van onderdrukte gevoelens. Talle herderlike gesprekke werk met die elemente van skuld, berou, belydenis en troos – en dit is die elemente van die bieg. As ons daarom van die bieg praat in die herderlike ontmoeting, moet ons nie aan 'n bepaalde vorm of

instelling (Rooms) dink nie, maar veeleer aan die herderlike gesprek waarin die herder deelgenoot word van die ander se angs en skuldgevoel. Deur die gesprek wat die bieg-elemente in hom omdra kan die bevryding, rigting en troos kom. Hier moet ons afwysend staan teenoor die Roomse opvatting van die bieg. Alle skyn van die pastor as middelaar tussen God en mens wat die mag het om sondes te vergewe, moet afgewys word. Hierdie pastorale gesprek geskied ook nie in die gees van 'n inkwisitoriese, outoritêre veroordeling nie – waar skuldbesef en berou sentraal staan is daar geen plek vir 'n meerderwaardige veroordeling nie. Berou en belydenis hef juis die tugoefening op en vra om die liefdevolle verkondiging van die vergewing van sondes. In die bieggesprek buig die medemens hom nie onder die juk van 'n ander mens nie, hulle buig saam onder die juk van Christus en dra in die bieg mekaar se laste.

Die bieggesprek moet berus op vrywilligheid. Hierdie beginsel moet te alle tye gehandhaaf word, want sodra die bieggesprek verpligtend gestel word en 'n belydenis afgedwing word, verdwyn die spontaneïteit, verskyn meerdere skuldgevoelens en verloor die gesprek dus sy doel en waarde. In die bieggesprek moet die vryspraak ook plaasvind. Telkens moet ons in die geloof dat ons sondes om Christus wil vergewe is, versterk word. Die middel hiertoe is die evangelieverkondiging van vergifnis.[3]

Die gemeente is in die eerste plek voorwerp van die amptelike pastoraat. Die gemeente moet gesien word in sy organiese geheel teenoor die oordrewe individualisme. Die enkeling is in Christus opgeneem in die geheel van die volk van God.

Die welstand van elke lidmaat is dan ook van belang vir die gemeente as geheel. As een lid ly, ly alle lede – die slegte tas die hele liggaam aan en die bloei en die wasdom van die geheel hang ook af van die individuele lede. Ons wys dus die individualisme af in die pastorale bediening. Dit gaan egter ook nie om kollektiwisme nie. Opmerklik dat Jesus in Lukas 15 die een skaap terugdra na die kudde. Die individuele gaan dus nie in die organiese op nie – hy word ingevoeg in die gemeenskap sonder dat die een die ander verslind. Die pastorale gesprek moet daarom ook daarna soek om die enkeling te bring van die isolement na die vreugde en seën van die gemeenskap. Ten einde hierdie doel te bereik, is die tug 'n middel vir die besondere pastoraat.

11.3 Konklusies

Hierdie genoemde gesprekselemente moet dus in die besondere pastorale bearbeiding verdiskonteer word. Aangesien die besondere pastoraat so 'n wye verskeidenheid van situasies omvat, kan daar nie 'n uitgewerkte sisteem vir elke situasie wees nie. Die pastor behoort self die situasie te beoordeel en met inagneming van hierdie grondelemente die gesprek hanteer. Weer eens wil ons daarteen waarsku dat hierdie gesprek of besondere pastorale sorg nie sal ontaard in 'n blote gesekulariseerde psigoterapie of sosiale werk nie. Daarom moet die pastor toesien dat sy gesprek uiteindelik die verkondigingsopdrag sal dien. Die verkondigingsinhoud sal telkens verskillend geaksentueer wees as dit gerig is op die besondere situasie.

HOOFSTUK 12

Verkenning van arbeidsvelde vir die besondere pastoraat

Die besondere pastoraat is telkens gerip op 'n unieke mens in 'n unieke situasie. Hierdie eiesoortige karakter van elke mens in sy besondere situasie, sal in die pastorale gesprek verdiskonteer moet word. Hierdie gespreksituasie sal nie by verskillende mense identies gedupliseer kan word nie, omdat elke mens en situasie weer 'n ander aksentuering na vore bring. Daarom kan daar nooit in die besondere pastoraat 'n pasklaar resep of metode vir elke gesprek gegee word nie. In die besondere pastorale sorg sal die pastor enersyds moet vashou aan die prinsipiële uitgangspunte van die pastoraat, maar andersyds ook 'n openheid moet hê vir die besondere situasie waarin hierdie pastorale sorg toegepas moet word. Met inagneming van beide pole sal elke gesprek weer anders ingeklee word. Dit eis van die pastor 'n gebalanseerde uitkyk en verantwoordelikheid, sodat nie een van die genoemde pole buite berekening bly nie.

Die besondere pastoraat het voortdurend te doen met vrae rondom die Christelike etiek, die dogmatiek, ensovoorts. Daarom veronderstel die pastoraat, soos ook die ander verkondigingsgestaltes, 'n deeglike kennis van al die teologiese dissiplines sodat vanuit die kennis van die dogmatiek, die Christelike etiek, ensovoorts, op hierdie lewensvrae 'n verantwoorde teologiese riglyn neergelê kan word. Hierdie teologiese kennis word dus ook vir die doel van hierdie terreinverkenning as bekend veronderstel.

Alhoewel die besondere pastoraat telkens te doen het met 'n besondere situasie wat sy eie benadering vereis, kan daar tog op die breë linie van die pastoraatsbeoefening 'n aantal terreine afgebaken word waarbinne die pastoraat funksioneer. Binne hierdie afgebakende terreine sal elke situasie weer verskil, maar tog sal die agtergrondsproblematiek van die bepaalde terrein in elke situasie herkenbaar wees. Elke terrein is in sekere sin 'n aparte studieveld waarin gegewens van relevante teologiese

wetenskappe, sowel as relevante gegewens van nie-teologiese hulpwetenskappe verdiskonteer moet word. Daar bestaan publikasies oor feitlik elke afsonderlike terrein. Daarom kan of wil ons hier nie aanspraak maak op volledigheid nie. Dit is hoogtens 'n poging om die verskillende terreine te karakteriseer ten opsigte van agtergrondsproblematiek, sodat die pastorale gesprek, met daardie karakterisering as agtergrond, sekere riglyne sal vind.

12.1 Jeugpastoraat

12.1.1 Bedieningspatrone

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het nog altyd 'n hoë premie geplaas op die kerklike bearbeiding van die jeug. Hierdie verantwoordelikheid aanvaar die kerk in bepaling 55 van sy Kerkwet: "Die kerk is medeverantwoordelik vir die vorming van die geestelike lewe van die jeug van die kerk en die volk." Om hierdie verantwoordelikheid oor die hele kerk te beplan en te koördineer, is 'n Raad vir Belydende Jeug benoem "om die jong lidmate, wat reeds belydenis van die geloof gedoen het, toe te rus vir hulle dienswerk in die wêreld.

Die Raad:

- bedien die kerk van advies oor die verkondiging van die evangelie aan en onderrig van die jeug;
- gee leiding aan die jeug oor jeugwerk, ontspanning en vryetydsbesteding; en
- gee in samewerking met die Raad vir Opvoeding en Onderwys voorligting oor hoe om die jeug by die aktiwiteite van die gemeente en die kerk te betrek."[1]

In bepaling 149 word die geestelike vorming van die jeug aan die predikante en ouderlinge opgedra. Hieruit blyk duidelik die besef van die kerk dat hy verantwoordelikheid aanvaar vir die bearbeiding van sy jeug. Hierdie pastorale bearbeiding van die jeug neem in die kerklike praktyk verskeie vorme aan. Hierdie verskillende bedieningspatrone aan die jeug wil aanvullend naas mekaar fungeer om sodoende in die kerk as geheel hierdie verantwoordelikheid teenoor die jeug na te kom.

Die kerklike versorging van die jeug neem eintlik reeds 'n

aanvang wanneer die kerk deur middel van sy prediking, pastoraat, kategese en doopkategese ouers in die geloof toerus vir die verantwoordelikheid om hulle kinders in die geloof op te voed. In die huidige tydsgewrig van werkende moeders, 'n gejaagde lewe en alles wat daarmee gepaard gaan, moet die kerk steeds meer aandag daaraan gee om die ouers, as primêr verantwoordelikes, vir hierdie taak toe te rus.

Die kerklike jeugarbeid geskied ook reeds in die kategetiese arbeid van die kerk aan sy jong dooplidmate. 'n Sekere gestalte van hierdie jeugarbeid word ook voltrek in die erediens waar hierdie jong lidmate onder die verkondiging van die Woord verkeer. Daarom moet die kerk daarmee erns maak dat hy in sy prediking ook die jeug betrek en aanspreek. In die verkondigingsgestalte van die algemene pastoraat maak die jeug deel uit van die objek van die pastoraat. Die pastor moet hom daarop toespits om met huisbesoek die dooplidmate, asook jong belydende lidmate by die huisbesoekgesprek te betrek.

Naas hierdie formele bedieningsmoontlikhede het die kerk ook besef dat hy hom op 'n aanvullende wyse met die jeug moet bemoei. Hierdie geleentheid probeer die kerk skep deur middel van die organisering van jeugverenigings in elke gemeente. Die doel van hierdie jeugverenigings is om vir die kerk 'n addisionele, informele, gespreksgeleentheid met die jeug te skep en om die jeug leiding te gee in gesonde vryetydsbesteding. Hierdie geleentheid tot kerklike gesprekvoering met sy jong lidmate, moet die kerk maksimaal benut.

Al hierdie verskillende kontakgeleenthede wat die kerk met sy jong lidmate het, moet die pastor gebruik om so 'n klimaat te skep dat die jeug die vrymoedigheid sal neem, om wanneer nodig, 'n persoonlike gesprek met die pastor te voer.

Die jeugpastoraat val dus uiteen in 'n verskeidenheid van bedieningspatrone waarin die pastor telkens 'n leidende rol speel. Hiervoor is nodig dat die pastor ook kennis sal dra van die spesifieke leefwêreld van die jeug van ons tyd.

12.1.2 Leefwêreld

Verskeie publikasies oor jeugwerk en die leefwêreld van die jeug wat hierdie saak tot in die fynste besonderhede ontleed, kan

hieroor geraadpleeg word.[2] Hier wil ons slegs die belangrikste kenmerke van die leefwêreld van die jeug probeer aantoon.

Die begrip jeug is 'n wye begrip en kan in 'n verskeidenheid fases onderverdeel word, elkeen weer met sy kenmerkende eienskappe. Ons wil hier slegs in relatiewe sin praat van die vroeë adolessensiejare, wat die puberteitsperiode insluit en die laat addolessensiejare, wat 'n oorgang is van die tienderjare tot die vroeë twintigerjare. "Dit gaan egter in hoofsaak om die veranderinge, behoeftes en sorg van jongmense, hoërskooljeug, lotelinge, studente, vakleerlinge, ensovoorts, almal op pad tot die rypwording en volwassenheid. Baie van die groepe val in die laat-adolessensieperiode. Almal roep egter om pastorale bemoeiing ..."[3]

In hierdie proses van rypwording en volwassenheid is daar sekere kenmerkende eienskappe wat by elke jongmens in meerdere of mindere mate aangetref kan word.

12.1.2.1 Daar tree liggaamlike verandering in, onder andere ten opsigte van spierkrag, seksuele organe en vitaliteit. Hierdie verandering bring mee die strewe na liggaamlike oefening en kompetisie met ander, wat reg gekanaliseer moet word. Die hantering en verwerking van seksuele drange kan sonder die regte leiding katastrofiese gevolge hê.

12.1.2.2 "Alhoewel die vroeë adolessensietyd gekenmerk word deur geslagsontwikkeling, dra dit baie beslis ook die stempel van psigiese veranderinge, wat die herderlike sorg nie oor die hoof mag sien nie."[4] De Klerk onderskei op die spoor van Allwohn drie hoofmomente naamlik: die ontplooiing van die emosionaliteit tot rypheid, met 'n gepaardgaande verwisseling in emosionele belewenisse; 'n verhoogde begeerte na selfstandigheid wat dikwels uitloop op botsings met gesagsfigure en -instansies; die indringing op die gebied van wêreldverowering, wat gekenmerk word deur oordrewe heldeverering, of onbarmhartige kritiek teenoor bepaalde figure.

12.1.2.3 Stewart[5] wys daarop dat sekere veranderings tydens die groeiproses in die denkpatroon van die jeug intree, naamlik: die verandering van konkrete na abstrakte denke; die soeke na identiteit; en die oriëntering aan en beoefening van toekomstige sosiale rolle.

12.1.2.4 'n Verdere tendens in die proses van volwassewording is 'n subkultuurvorming by die jeug wat gekenmerk word deur groepvorming, identifikasie met die groep deur middel van lewenstyl, kleredrag, musiek, taalgebruik, ensovoorts.

12.1.2.5 Op die vlak van die godsdiensbelewing wil jongmense in hierdie stadium self hulle geloof verantwoord deur intellektuele beredenering van die Skrif. Dit lei dikwels tot geloofskrisse en maak die jongmens vatbaar vir proselietmakery, veral deur ekstatiese groepe. In hierdie proses beleef hulle in 'n sterk mate die vrae rondom die Christelike etiek, byvoorbeeld: sekere vorms van vermaak, en vrae rakende seksualiteit en kulturele verantwoordelikheid.

12.1.3 Pastorale grondhouding en optrede

In die jeugpastoraat sal die pastor in sy omgang met die jeug sy eie optrede voortdurend moet oorweeg in die lig van bogenoemde leefwêreld. Al die genoemde vereistes van pastorale gesprekvoering sal in berekening gebring moet word, maar verder ook die besondere eise wat in sy omgang met die jeug aan hom gestel word.

12.1.3.1 Die pastor moet self oortuig wees van dit wat hy verkondig en dit doen sonder verontskuldiging. Die jeug hou van uitgesprokenheid, radikale antwoorde en verhewe standaarde. Dit vereis ook beslistheid en die korrekte hantering van gesag, want dit bevredig die behoefte aan sekuriteit.

12.1.3.2 Soos in alle pastorale gesprekke speel geduld en liefde ook hier 'n uiters belangrike rol. Die jeug soek na begrip en wil voel dat hulle probleme ernstig geneem word. Daar moet dus ook begrypend na hulle geluister word.

12.1.3.3 Daar kan nuttig gebruik gemaak word van die strewe na groepvorming deur geleenthede vir sulke byeenkomste te skep, sonder om die individualiteit van die enkeling aan te tas.

12.1.3.4 Die jeug soek na die stabiliteit van volwassenheid. Oordrewe familiariteit in 'n poging om een van hulle te word deur kleredrag of taalgebruik kan juis dikwels die teenoorgestelde uitwerking hê. "Trouens die jeudige het genoeg maats. Wat hy (sy) soek, is 'n vriend, 'n vaderfiguur met wie hy kan praat.

Verkeerde familiariteit verwoes die vertroulike en vrymoedige gesprek."[6]

12.1.3.5 Die pastor moet versigtig wees om emosionele projeksies van die teenoorgestelde geslag, wat maklik kan aanleiding gee tot oormatige heldeverering of verliefdheid, reg te hanteer.

12.1.3.6 Die pastor moet uiteindelik deur dit wat hy sê en doen die jeug anker aan die Woord van God, wat in die stormagtige jare van hulle lewe hul enigste riglyn bly.

Die kerk moet in sy pastoraat aan die jeug die jongmens voortdurend bring onder die verhelderende, vermanende en vertroostende Woord van God. Die jeug moet nooit die gevoel kry dat hulle in die een of ander stadium van hulle lewens vir die kerk van minder belang is nie, maar moet hulle altyd betrokke voel by die gebeure van die kerk. Dit vereis van die kerk en elke pastor volhardende en toegewyde verkondiging aan die jeug deur middel van die pastoraat.

12.2 Huwelikspastoraat

12.2.1 Bedieningspatrone

Die benaming *huwelikspastoraat*, dek 'n wye terrein met verskillende fasette. In die kerklike praktyk word hierdie *huwelikspastoraat*, op verskillende wyses toegepas. Dit gaan hier oor die hele aanloop en voorbereiding tot die huwelik, en die huweliksverhouding as sodanig, maar ook die probleme van huweliksverbrokkeling, egskeiding en die hertrou van geskeides.

Die belangrikheid van die huwelik as bousteen van die kerk en volk is nog altyd deur die kerk beklemtoon. Die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk beklemtoon in bepaling 145 die belangrikheid van die huwelik deur te bepaal dat met elke voornemende huwelikspaar huwelikskategese gehou moet word. "Hierdie gesprek gaan oor:

- die Bybelse leer oor die huwelik;
- die geestelike en stoflike taak van die egpaar in die huwelik; en
- die betekenis van die kerklike huweliksbevestiging."[7]

Hierdie huwelikskategese dui op die noodsaaklikheid van die korrekte Bybelse voorligting aangaande die huwelik. In die kerklike praktyk bly die huwelikspastoraat nie by hierdie een gesprek nie. Huwelikspastoraat het 'n voorsorg- sowel as 'n nasorgkarakter. Die voorsorgkarakter bestaan in die toerusting van diegene wat op pad is na die huwelik. Daarvoor is nodig dat jongmense ingelig sal word oor die Bybelse grondslag, betekenis en eise van die huwelik. Hierdie voorsorgwerk sal ook moet uitbrei tot die hele linie van voorhuwelikse verhoudings tussen die geslagte, wat van deurslaggewende belang is vir die huwelik self. Aangesien die huwelik in hierdie tyd in 'n krisissituasie verkeer, sal die kerk elke beskikbare geleentheid moet benut om hierdie noodsaaklike voorsorgwerk te verrig – voorkoming is in elk geval beter as genesing. Soos die jeugpastoraat sal ook die huwelikspastoraat aanvullend deur die ander verkondigingsgestaltes verrig word.

Via die kategese en prediking sal die huwelik aan die orde kom. Bykomende geleenthede vir sulke gesprekke kan geskep word by jeugbyeenkomste, huisbesoek-gemeenteaande, huwelikskategese, ensovoorts. Miskien vereis die huidige situasie dat die kerk op hierdie en ander wyses meer aandag sal moet gee aan die voorsorgkarakter van die huwelikspastoraat.

Die nasorgkarakter van die pastoraat rondom die huwelik, sal aandag moet geniet in die prediking en tydens huisbesoek. Die kerk sal ook op post-kategetiese wyse huwelikspare moet bereik. Die nasorgkarakter van die huwelikspastoraat kom egter pertinent na vore in die geval van huweliksverbrokkeling waar die pastor deur middel van pastorale gesprek genesing en versoening moet probeer bewerkstellig. Die realiteit van toenemende egskeiding maak dit noodsaaklik dat die pastor ook in die omstandighede van egskeiding en die hertrou van geskeides, pastoraal betrokke moet raak.

Die pastorale optrede oor die hele linie van die huwelikspastoraat sal telkens verskil na gelang van die situasie. In alle omstandighede vereis dit egter van die pastor 'n deeglike teologiese kennis van die huwelik as instelling van God, met alles wat dit impliseer. Verder is dit nodig om die eietydse huwelikspro blematiek te ken om sodoende die nodige begrip in die pastorale gesprek en optrede te openbaar.

12.2.2 Huweliksproblematiek

Hier kan slegs verkennend op die terrein van die huweliksproblematiek gehandel word. Die huweliksproblematiek is feitlik 'n aparte studieterrein wat vanuit verskeie dissiplines bestudeer word.[8] Vir die doel van die pastoraat moet ons egter kennis neem van die grondvrae en probleme wat in ons tyd rondom die huwelik sentreer. Die gegewens van verskeie hulpwetenskappe soos die sosiologie en psigologie kan vir die insig in hierdie probleem tot groot hulp wees.

Die patriargale struktuur van die gesinslewe in die vroeëre landelike bevolking het ingrypend verander. In die patriargale struktuur het elke gesinslid sy rol geken en uitgevoer, met die vader as die gesagsfiguur. Met die industriële omwenteling en verstedeliking het die patroon van die sosiale lewe en die huwelik ingrypend verander. Ekonomiese differensiasie van gesinslede het ontstaan; elkeen het in 'n ander verhoudingsituasie in sy werksterrein te staan gekom. Hierdie uiteenbeweeg van die gesin, werk verwydering en spanning in die hand. Tradisionele funksies van die huisgesin, soos opvoeding, geselligheid en godsdiens, is deur ander instansies oorgeneem. Hierdeur ontstaan verbrokkeling. Die uitgebreide gesinseenheid van vroeër word vervang deur die sogenaamde *nuclear family*. Die skoling in verhoudings tussen verskillende leeftydsgroepe wat die uitgebreide gesinseenheid tradisioneel gebied het, ontbreek nou grotendeels en lei tot latere verhoudingsprobleme. Die vrou het die arbeidsmark betree, en dit hou ook implikasies in vir die huweliksverhouding. Man en vrou staan al hoe meer as gelyke vennote langs mekaar in die sogenaamde kameraadskaphuwelik, wat rolverwarring kan veroorsaak. Die doel van die huwelik raak ook steeds meer toegespits op die persoonlike vervulling vir man en vrou, sodat die vroeëre familiepligte nie meer in die sentrum van die huwelik staan nie.[9]

Die krisis rondom die huwelik soos dit ook weerspieël word in die hoë egskeidingsyfers, het by baie die houding laat ontstaan dat die huwelik as eksklusiewe verhouding tussen een man en vrou uitgedien is. Daar word na alternatiewe lewenstyle gesoek wat die huwelik moet vervang, soos byvoorbeeld die "oop" huwelik, waarin man en vrou vryelik verhoudings met ander kan aanknoop. Onder die jeug word ook die gedagte gepropageer van

bloot saamwoon sonder om te trou.[10] In die voorbereiding tot die huwelik hou veral die gedagte van vrye liefde en seksuele verkeer, groot gevare vir die huwelik self in.

Die vernaamste knelpunte in die teenswoordige huweliksproblematiek kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Die moontlikheid van rolverwarring tussen man en vrou in die kameraadskaphuwelik.
- Die gebrek aan kommunikasie en persoonlike vervulling.
- Die onvermoë om konflik te hanteer in die gesinsverhouding.
- Die gevaar van vrye liefde en seksuele verhoudings voor en na die huwelik.

12.2.3 Pastorale grondhouding en optrede

In die huwelikspastoraat in al sy verskillende fasette sal die pastor met bogenoemde knelpunte rekening moet hou en in sy optrede begrip daarvoor openbaar. Die algemene houding ten opsigte van huwelikspastoraat het ook 'n verandering ondergaan. Die klem het verskuif vanaf 'n genesende na 'n voorkomende werksaamheid. Die grootste aandag in die huwelikspastoraat moet nie soseer gerig word op gebroke verhoudings nie, maar om bestaande huweliksverhoudings tot groter geluk te stimuleer. Hieruit het die gedagte van huweliksverryking gegroei: "... to make good marriages better."[11] Huwelike moet nie slegs verryk word ter wille van die paartjie se geluk alleen nie, maar tot diens aan die kinders en samelewing. Oor die hele spektrum van huwelikspastoraat, vanaf die voorbereiding van die jeug tot die huwelik, tot by die pastorale versorging van getroudes, sal huweliksverryking as voorkoming van die huwelikskrisis, prominente aandag moet kry.

Die pastor sal in sy optrede altyd moet uitgaan van die teologiese begronding van die huwelik. Sonder om hier 'n teologiese uiteensetting oor die huwelik as instelling van God te gee, wil ons tog 'n paar aspekte beklemtoon wat vir die huwelikspastoraat van die allergrootste belang is. Die huwelik as instelling van God sal onverkort gehandhaaf moet word. Die eise wat dit meebring as 'n onontbindbare, eksklusiewe verhouding tussen man en vrou sal duidelik gestel moet word. Die seksuele gawe wat alleenlik sy volle betekenis en waarde binne die verband van die

huwelik kan bereik, sal nadruklik beklemtoon moet word. Die noue samehang en wedersydse afhanklikheid van die seksuele en geestelike verbintenis tussen man en vrou binne die huwelik sal in perspektief gestel moet word. Die wedersydse aanvulling (Gen 2:18) mond uit in die vleeslike gemeenskap; die vleeslike gemeenskap veronderstel die wedersydse aanvulling. Die "kameraadskaphuwelik", waar die man en vrou as gelykwaardige vennote en met verdeling van pligte en verantwoordelikhede die huweliksverhouding betree, is vanuit die teologiese begronding aanvaarbaar. Die konstante skriftuurlike gegewens dat die man die "hoof" van die vrou is, sal egter ook in die gedagte van die kameraadskaphuwelik verdiskonteer moet word. Die hoofskap impliseer nie die minderwaardigheid van die vrou nie, maar veeleer dat die man moet voorgaan in diensbetoning en liefde (Ef 5: 22-23). Dat daar egter ook 'n bepaalde gesagstruktuur is in die huwelik ter wille van die orde, kan en mag nie genegeer word nie.[12]

Vanuit hierdie teologiese agtergrond met inagneming van die huidige huweliksproblematiek, verdien die volgende aspekte in die huwelikspastoraat aandag:

12.2.3.1 Betrokkenheid en kommunikasie is van die belangrikste boustene vir 'n huwelik, veral in die huidige "kameraadskap"- verhouding. Die intimiteit van 'n huwelik bestaan in 'n maksimum betrokkenheid, want totale betrokkenheid kan dit nie wees nie, dan verloor 'n mens jou individualiteit.[13] Hierdie wedersydse betrokkenheid en kommunikasie moet doelbewus bewerkstellig word, want dit lei tot intimiteit en vertroue.

12.2.3.2. Konkrete hantering van konflik moet bewerkstellig word. Die realiteit van konflik in die huwelikslewe moet erken word. Emosies moet ontleed en verstaan word. Daar moet saamgewerk word om die verskil op te los deur kompromie, aanpassing, aanvaarding, of erkenning van eie gebrek.

12.2.3.3 Vanuit die Bybelse antropologie sal die verbrokkelende of gebroke verhouding benader moet word, asook 'n beklemtoning van die herskeppende genade van God deur sy Gees. Huwelikspastoraat sal ook altyd die appellerende moment van geloofsverdiening en verryking moet bevat.

12.2.3.4 In die gespreksituasie is vertroulikheid en geduld van

die allergrootste belang. Empatiese begrip sal duidelik moet blyk sonder om emosioneel so betrokke te raak dat distansie en objektiwiteit verlore raak.

12.2.3.5 Tydsduur is belangrik. Opvolggesprekke van een uur elk is beter as een lang uitgerekte gesprek.

12.2.3.6 Die metode van gesprekvoering kan nie vir alle gevalle bepaal word nie. Soms sal die aanvanklike nie-direktiewe metode geskik wees vir probleemidentifikasie, terwyl die direktiewe metode later aan die orde sal kom. Hier sal die pastor met verantwoordelikheid moet beslis en keuses moet maak om deur sy gespreksmetode 'n werklike ontmoetingsrelasie met gepaardgaande verheldering en leiding te skep.

12.2.3.7 In sy huwelikspastoraat kan die pastor simptome ontdek van sielkundige probleme, wat 'n obstruksie vir pastorale gesprekvoering is. Die herkenning van sulke simptome en die pastorale optrede in sulke situasies sal later meer breedvoerig aan die orde kom.

12.2.4 Pastoraat aan geskeides

Die werklikheid van toenemende egskeidings kan nie genegeer word nie. Die kerk bevind hom in 'n situasie waar daar in feitlik elke gemeente lidmate is wat besig is om te skei, klaar geskei het, of geskei was en weer getroud is. In hierdie gegewenheid moet die kerk sy optrede oorweeg en het die pastor ook 'n pastorale verantwoordelikheid teenoor sulke lidmate.

Die erns en omvang van hierdie probleem word duidelik in 'n skrywe deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan alle kerkrade, om riglyne neer te lê vir die optrede van die kerkraad in die geval van egskeiding en die hertrou van geskeides. Uit hierdie skrywe, wat saamgestel is uit vorige uitsprake van die kerk in dié verband, blyk die besorgdheid van die kerk oor die toenemende huweliksverbrokkeling. Die skrywe beklemtoon ook die gestelde standpunt van huweliksverryking as voorkoming van verbrokkeling in die huwelik. Ter wille van volledigheid word die hele skrywe hier weergegee.[14]

Voorligting aan kerkrade ten opsigte van egskeidings en hertrou van geskeie lidmate

1 Ten opsigte van die huwelik het die kerkraad van elke gemeente te doen, of kan te doen kry, met:

(a) Diegene wat nog nie getroud is nie en wat voorberei moet word vir die huwelik;
(b) diegene wat reeds in die huwelik getree het;
(c) diegene wat in só 'n graad van huwelikspanning lewe dat egskeiding dreig;
(d) diegene wat pas geskei is;
(e) geskeies wat reeds 'n volgende huwelik aangegaan het sonder dat daar met hulle onder die opsig en die tug gehandel is na die voorafgaande egskeiding.

2 In ooreenstemming met die getuienis van die Skrif oor die huwelik, is daar sekere sake wat altyd ter sprake behoort te kom wanneer die kerkraad handel met al die gevalle wat hierbo genoem is. Hulle is die volgende:

(a) Die huwelik is 'n heilige saak omdat dit nie in die goeddunke van die mens gegrond is nie, maar 'n instelling en roeping van God is;
(b) die goddelike roeping tot die huwelik sluit nie uit nie dat dit 'n verantwoordelike keuse van twee mense vir mekaar is tot 'n alles-insluitende en almal-uitsluitende gemeenskap.
(c) hierdie gemeenskap is na sy wese onbreekbaar en onophefbaar vir die ganse duur van die aardse lewe en die menslike verbreking daarvan sonde;
(d) dit kan 'n oorsaak van groot geluk in die lewe van die egliede wees, maar is nie noodsaaklik vir die ewige geluk nie;
(e) op grond van die nuwe lewe deur Jesus Christus, is ook hierdie deel van 'n mens se lewe 'n lewe in dankbare gehoorsaamheid onder die gebod en die Woord van God.

3 Die kerkraad het ten opsigte van die huwelik in bovermelde verband die volgende verantwoordelikheid:

(a) Kerkrade moet in hulle kategetiese onderrig vroeg reeds aandag gee aan die Bybelse leer oor die huwelik sodat opgroeiende jong lidmate behoorlik toegerus kan word vir die

geestelike eise van die huwelik. Hulle behoort nie tevrede te wees met 'n kort huwelikskategese kort voor die huweliksbevestiging nie;

(b) in sy voortgesette kategese waarvan die huisbesoek 'n bepaalde gestalte verteenwoordig, behoort opsieners belangstellend, vermanend en bemoedigend die getroudes, en veral jonggetroudes wat 'n dikwels moeilike aanpassingsperiode moet deurgaan, by te staan. Benewens ander dinge mag dit bydra om te voorkom dat die kerkraad, soos dit dikwels gebeur in die geval van egskeiding, te laat op die toneel verskyn;

(c) in die geval van huwelikspannings en dreigende egskeidings, moet daar met begrip, medelye, goeie raad, vermaning en bemoediging bystand verleen word. Daar moet saam gestry en saam gely, saam gebid en saam geglo word dat daar in Christus genesing van alle krankhede is, ook van die krankhede van die huwelik;

(d) wanneer 'n egskeiding, selfs na volgehoue pastorale bearbeiding en meelewing, tóg volg, voer die opsigtaak van die kerkraad noodwendig tot die volgende stap, naamlik die verskillende stappe van die tug. Ook in hierdie geval het die kerklike tug die één bedoeling: om tot skuldbelydenis en berou te lei. By die meeste egskeidings is daar volgens menslike oordeel en insig gewoonlik een party wat minder skuldig is as die ander. Egliede moet egter geleer word dat egskeiding altyd 'n sonde is waarby albei betrokke is. Die tughandeling moet daarom ook daarop afgestem wees om albei tot skuldbelydenis en berou te bring. Hierdie handeling onder die opsig en die tug geld alle geskeies binne die gemeente, dié met wie die kerkraad reeds voor die egskeiding gehandel het sowel as dié wat eers na die egskeiding onder die aandag gekom het. Dit spreek vanself dat kerkrade, as hulle oortuig is van opregte beroubetoning deur woord en daad, ook die vergiffenis aan sulkes sal verkondig, wat in die praktyk opheffing van die tughandeling beteken.

4 Oor 'n volgende huwelik word soos volg voorligting gegee:

(a) Geskeies, om welke rede ook al, met wie daar onder die opsig en tug gehandel is, wie se sensuur op grond van ware berou

opgehef is, kan in 'n volgende huwelik bevestig word. Dit sal die probleem rondom die hertrou van geskeies oneindig verlig as kerkrade nougeset is in die uitoefening van die tug by egskeiding;

(b) indien enigsins moontlik, moet by geskeies aangedring word om met mekaar tot versoening te kom en weer met mekaar te trou. Dit kan egter nie as absolute gedragslyn geld nie, veral as dit baie waarskynlik is dat deur so 'n huwelik ou ellendes herhaal gaan word;

(c) in die geval van geskeies wat reeds 'n volgende huwelik aangegaan het en met wie daar na die egskeiding nie onder die opsig en die tug gehandel is nie, moet 'n pastorale gesprek in elk geval met groot takt gevoer word. Al die elemente van 'n pastorale gesprek oor die huwelik sal ook hier ter sprake moet kom."

12.3 Siekepastoraat

12.3.1 Bedieningspatrone

Pastoraat as verkondiging in gesprek, is ook gerig aan die mens in die krisissituasie van siekte en lyding. Die verkondiging van die Woord omvat die ganse menselewe in voorspoed en teenspoed. Daar is die neiging om die "krisis- of grenssituasie" van siekte en lyding te sien as die geleentheid by uitstek tot Woordbediening. Hierdie "grenssituasie" word dan so oorbeklemtoon dat die pastorale versorging aan diegene wat hulle nie in 'n "grenssituasie" bevind nie, as van minder belang geag word. Hierdie gedagterigting moet ons afwys. Siekepastoraat is een faset van die pastorale sorg in die algemeen, omdat die groot Herder sy sorg en liefde aan die mens betoon onder alle omstandighede en daarom ook in die oomblik van krisis en nood.

Aan die ander kant is dit 'n onweerlegbare feit dat sulke "grenssituasies" as gevolg van siekte en lyding by die mens 'n groter ontvanklikheid skep vir die Woord, die besinning oor die lewe en die geloofsekerheid. Daarom moet die pastor ook dié geleentheid benut om die Woord in sy volle rykdom te verkondig. Vanuit die Bybelse antropologie het ons reeds gestel dat die mens 'n psigosomatiese eenheid is. Liggaamlike siekte het dus ook konsekwensie vir die mens in sy totaliteit as psigosomatiese

eenheid. Siekte en lyding bring in die mens sekere gevoelsbelewinge waarby die pastor nie kan verbygaan nie. Die pastorale versorging van die sieke is dus 'n integrale deel van die pastorale verantwoordelikheid. Hierdie verantwoordelikheid het die kerk ook duidelik besef en aanvaar in sy Wet en Bepalings. In bepaling 149 word gestel dat die dienswerk van die predikant ook behels: "(d) voorbidding vir alle mense, (e) vertroosting van die beroefdes".[15] Die beroepsbrief vir predikante noem ook pertinent die verantwoordelikheid van die predikant, ten opsigte van die vertroosting van die siekes.

In die kerklike praktyk vertoon die siekepastoraat verskillende fasette wat wyd uiteenlopend is. Die pastor het te doen met insidentele siekte wat vir 'n kort tydjie duur en nie so ernstig van aard is nie, maar tog pastorale aandag vereis. Gevalle van normale liggaamsaftakeling deur ouderdom, verskil weer van permanente verlamming by jongmense. Terminale pasiënte verg weer 'n ander benaderingswyse. Omstandighede waarin die sieke verpleeg word, byvoorbeeld tuis of in die hospitaal, bring ook weer ander faktore na vore wat bepalend is vir die pastorale optrede. Die siekepastoraat dek so 'n wye veld, met soveel verskillende moontlikhede dat dit hier onmoontlik in diepte bespreek kan word. Siekepastoraat het 'n verdere toespitsing ontvang in die persoon van die hospitaalpredikant wat siekepastoraat tot besondere arbeidsveld het. Hierdie vorm van siekepastoraat stel weer eiesoortige eise, omdat die hospitaalpredikant aanvanklik as vreemde buitestaander die sieke ontmoet. 'n Wye reeks publikasies oor die verskillende fasette van die siekepastoraat kan geraadpleeg word.[16] Daar dreig egter die gevaar in baie van hierdie publikasies dat die kennis van elke afsonderlike siektetoestand tot voorwaarde word vir pastorale versorging. Hiermee wil ons geensins ontken dat u basiese kennis van die leefwêreld van die sieke vir die pastoraat bevorderlik is nie, maar tegelyk moet ons tog daarteen waak dat ons nie so verval in allerlei mediese en psigologiese gegewens van 'n bepaalde siektetoestand dat die pastorale opdrag oorskadu word nie.

12.3.2 Leefwêreld van die sieke

Die leefwêreld van die sieke is wyd uiteenlopend. Die belewenis van 'n siektetoestand van 'n jong lewenskragtige persoon en

iemand wat reeds 'n hoë ouderdom bereik het, verskil in intensiteit en het ander aksente. Elke bepaalde situasie kan daarom ook nooit tot in die fynste besonderhede vooraf gekategoriseer en gekatalogiseer word nie. Die pastor sal telkens self die situasie en belewenis van die pasiënt moet probeer peil. Die volgende algemene opmerkings kan nogtans bydra tot 'n pastorale begrip van die leefwêreld van die sieke.[17]

12.3.2.1 Siekte bring altyd onsekerheid omdat die pasiënt se beroep moontlik daardeur in die weegskaal is. Sy verhoudinge met sy gesin en andere kom deur sy siektetoestand in gedrang. Sy of haar afwesigheid uit die familiekring bring onsekerheid en kommer oor hulle versorging, ensovoorts.

12.3.2.2 Siekte veroorsaak dikwels afhanklikheid. Hierdie afhanklikheid is vir sommige 'n groot emosionele aanpassing. Sommige gebruik die afhanklikheid om 'n egosentriese lewenshouding te bevredig, deurdat almal se sorg en aandag opgeëis word.

12.3.2.3 Dikwels veroorsaak die sieketoestand verskillende grade van opstandigheid en selfs aggressie, as gevolg van onverwerkte vrae en die gebrek aan aanvaarding.

12.3.2.4 Eensaamheid as gevolg van die afsondering van die bekende omgewing is ook somtyds 'n emosionele gevolg van die siektetoestand.

12.3.2.5 Die verwerking en aanvaarding van die situasie kan op verskillende wyses plaasvind. By sommige sal dit lei tot rustige geloofsaanvaarding, ander probeer dit verwerk deur ontvlugting (ontkenning van werklike toestand), rasionalisasie (verstandelike vlak), kompensasie deur op positiewe wyse te probeer vergoed vir hulle verlies, ensovoorts.

12.3.2.6 Elke gelowige worstel in die situasie ook met geloofsvrae, soos die sin van siekte en lyding; die oorsprong daarvan en die verhouding van lyding met die liefde van God; die probleem van die betekenis van gebed en gebedsverhoring; by terminale pasiënte die vrae oor die dood en die lewe hierna; in sommige gevalle sal ook die etiese vrae rakende genadedood en sommige orgaanoorplantings ter sprake kom.

12.3.3 Terminale pasiënt

In die afgelope tyd is baie aandag gegee aan die pastorale versorging van die sogenaamde "terminale pasiënt".[18] Dit is naamlik die persoon wat van sy of haar dodelike kwaal kennis geneem het en op sterwe lê. Verskillende word vanuit mediese, psigologiese, filosofiese, etiese, en ander wetenskappe rondom die dood en die emosionele belewenis daarvan, ontleed.[19] Ons wil hier slegs probeer aantoon watter fases mees algemeen onderskei word, in soverre dit vir die pastor in sy bediening relevant sou wees. Dikwels word in publikasies ook gepraat van sterwensbegeleiding.[20] Hierdie benaming kan egter die indruk wek asof die pastor die weg reeds ken, met al die belewenisse wat dit meebring. Ons verkies eerder die term *pastorale versorging* waarin die pastor niks anders wil en kan wees as om op hierdie onbekende weg die sieke te versorg deur die verkondiging van die Woord nie. Vir hierdie pastorale versorging kan dit nuttig wees en tot beter begrip lei wanneer die emosionele reaksies van die sterwende min of meer ontleed kan word.

12.3.3.1 *Onwetendheid*

Daar is 'n fase waarin die sieke nie op hoogte is van die erns van sy siektetoestand nie. Hier sal die pastor en geneesheer saam met die familie in groot erns moet beslis of dit wenslik is om die pasiënt van die erns van sy siekte te vertel. Die ongeneeslikheid van een of ander kwaal mag egter nooit daartoe lei dat alle hoop die pasiënt ontneem word nie. By God bly alle dinge steeds moontlik.

12.3.3.2 *Ontkenning*

Wanneer die insig deurdring dat die siekte ongeneeslik is, kan dit gebeur dat die sieke daarop reageer deur dit te probeer ontken, soms direk, of implisiet deur sy gedrag. In hierdie fase is dit veral belangrik om die sieke te laat praat oor die dinge wat hy wel aan die pastor wil meedeel.

12.3.3.3 *Opstandigheid*

Die vlug van werklikheid word dikwels afgewissel en gevolg deur 'n periode van opstandigheid en woede. In hierdie fase

word soms verwyte geslinger teenoor die geneesheer, familie, vriende en selfs teen God. Dit is tot groot hulp vir die sieke as hy iemand kan vind teenoor wie hy sy aggressie kan uiter. Hier kan die pastor die situasie hanteer deur daarop te wys dat aggressie deel van ons menswees is, byvoorbeeld Psalm 44. Die dood is 'n verskrikking en bedreiging waarteen die mens aggressief kan wees, omdat God self teen die dood in opstand gekom en oorwin het in Jesus Christus.

12.3.3.4 *Radeloosheid en onderhandeling*

Die sieke word bang vir die lyding wat nog op hom wag en die moontlike behandeling wat hy moet ondergaan. Angs kan ook ontstaan deur skuldgevoelens as gevolg van nabetragting oor sy lewe. Die pastor moet hierdie skuldgevoelens nie immuniseer deur te sê dat dit nie so erg is nie, maar deur dit te stel in die lig van die genade van God. Hierdie angs en radeloosheid lei soms die sieke daartoe om te onderhandel, in die sin van beloftes wat gemaak word indien hy gesond sou word.

12.3.3.5 *Depressie*

Heel dikwels volg hierop die fase van depressie waarin die pasiënt hom oorbodig, nutteloos en 'n oorlas voel. Hy trek homself terug en perk sy belangstelling in. Soms is dit nodig dat die pastor die familie oor hierdie reaksie inlig en dit so vir die sieke makliker maak sodat hy nie voortdurend gebombardeer word met vrae oor sy optrede nie.

12.3.3.6 Aanvaarding

Langsamerhand kom by sommige pasiënte die periode van aanvaarding. In hierdie fase hoef daar nie meer veel gepraat te word nie. Teenwoordigheid, begrip, aanraking en simpatie is betekenisvol. Alle mense kom egter nie tot aanvaarding nie. Sommige staak eenvoudig die stryd. Hierdie aanvaarding beteken nie altyd geestelike rypheid nie.

12.3.4 Pastorale grondhouding en optrede

Die pastor is in sy siekepastoraat die draer en verkondiger van die liefde, genade en sorg van God oor elke mens, veral oor húlle

in siekte en beproewing. Hierdie verkondiging geskied nie alleen verbaal nie. Die pastor se teenwoordigheid en grondhouding is vir die sieke die heenwysing na God se bewoënheid en liefde. Hierin lê 'n stuk nie-verbale verkondiging in opgesluit. Dit is wel vir die pastor nodig om te praat, maar somtyds is ons geneig om altyd iets te wil sê en die nie-verbale verkondiging deur ons teenwoordigheid en grondhouding te vergeet.

Vir 'n sinvolle siekepastoraat is 'n grondige teologiese skoling noodsaaklik, sodat ook op genoemde dogmatiese en etiese vrae ingegaan kan word. In hierdie verkondiging van die Woord aan die mens in sy konkrete krisissituasie moet die pastor waak teen hoogdrawende dogmatisering oor lewensvrae. In sy oordrag moet die pastor kort, saaklik en verstaanbaar wees. Hierdie verkondigingskarakter van die pastoraat sal verskil van situasie tot situasie, afhangende van onder andere die siektetoestand en omstandighede waarin die pasiënt verpleeg word. Soms is dit moontlik om 'n gedeelte uit die Skrif voor te lees, dit te verklaar en toe te pas en af te sluit met 'n gebed. In ander gevalle sal volstaan moet word met 'n kort passende Bybelgedeelte en gebed. By herhaalde besoeke sal 'n kort sinvolle gesprek en 'n gebed voldoende wees. In sekere situasies kan die pastor volstaan deur 'n gebed te doen, en somtyds kan sy blote teenwoordigheid voldoende wees. Geskikte literatuur kan ook 'n nuttige doel dien, aangesien die sieke dit alleen kan deurlees en self verwerk en op grond daarvan weer 'n gesprek met die pastor aanknoop.

Die pastor se gedrag is van groot belang. Hy moet ook waardig optree. Daarmee word nie bedoel 'n hooghartige ampshouding nie, maar 'n gedrag wat spreek van agting teenoor andere, simpatie, liefde en 'n optrede wat vertroue inboesem. Die pastor moet die reëls van die aard van versorging in ag neem, deur tye in ag te neem en toestemming te verkry. Die korrekte optrede teenoor die naasbestaandes en familie is van belang. Sonder sentimentaliteit kan die pastor begrip vir hulle emosies toon. Hy moet ook versigtig wees om nie 'n oorlas te wees in 'n oorvol siekekamer en deur sy langdurige teenwoordigheid die familie hulle privaatheid ontneem nie.

In sy gesprek moet die pastor nie negatief en depressief wees nie, maar ook nie oppervlakkig lighartig deur allerlei kwinkslae en humoristiese opmerkings nie – dit het soms die teenoorge-

stelde effek by die sieke. Die pastor kan navraag doen oor die sieke se toestand, want in hierdie simpatieke navraag word reeds 'n kommunikasierelasie van begrip geskep. Die pastor moet hom weerhou van opmerkings wat opsigtelik gebaseer is op valse hoop, soos: "Dit is nie so erg nie", of "Môre is jy beter."

Die gebed in die siekepastoraat is van die allergrootste belang. Dit is nie 'n bedekte preek nie, maar "die verwoording van die behoeftes van dank, van smart en van node wat saam met die kranke of vir die kranke voor die troon van God uitgespreek word."[21]

12.4 Pastoraat aan agterblywendes

12.4.1 Bedieningspatrone

Met die pastoraat aan agterblywendes het ons as fokuspunt die pastorale versorging van die man, vrou en/of gesin wat agtergebly het na die afsterwe van 'n geliefde. Hierdie faset van die pastoraat kan in verskillende situasies gestalte kry, byvoorbeeld in die geval van 'n bejaarde egpaar waar een te sterwe kom; 'n huisgesin met jong kinders, waar een van die ouers te sterwe kom; of 'n gesin waarin een van die kinders sterf. Laasgenoemde kategorie is meer gerig op vertroosting uit die Woord van God, terwyl eersgenoemde ook gepaard sal gaan met verdere pastorale versorging. Daarom sal hier veral aan dié kategorie aandag gegee word.

In bepaling 149(e) van die Kerkwet[22], word die vertroosting van die beroefdes as spesifieke pastorale verantwoordelikheid vermeld. Hierdie pastorale opdrag het egter teenswoordig 'n ander aksent bygekry, as gevolg van die veranderde samelewingstruktuur. Dit is daarom sinvol om die huidige problematiek van die agterblywendes te ontleed, in vergelyking met die tradisionele beskouing daaroor.

12.4.2 Bybelse perspektiewe rondom die weduwee

Om die problematiek van die agterblywendes te begryp is dit nodig dat in gedagte gehou sal word dat die sosiale struktuur van die Bybelse era gebaseer was op die patriargale sisteem. Hierdie sisteem het verreikende konsekwensies ingehou vir die posisie

vir die vrou in die algemeen en die weduwee in die besonder. In die patriargale sisteem beklee die vrou 'n totale ondergeskikte posisie. Haar man was haar heer en meester (Gen 18:12, Rig 19:26), dieselfde aanspreekvorm as die van 'n slaaf teenoor sy heer. Die Dekaloog rangskik die vrou onder die besittings van die man, saam met sy huis, slawe en diere (Eks 20:17; Deut 5:21). Haar man kan haar verstoot maar sy kan self geen egskeiding aanvra nie. Sy bly haar hele lewe onmondig. Die vrou erf nie van haar man nie, en die dogters ook nie van hulle vader nie, behalwe as daar geen manlike erfgenaam is nie (Num 27:8). Maatskaplik en juridies was die vrou ook in 'n ongunstige posisie sonder 'n regspersoonlikheid.[23]

Hieruit blyk reeds duidelik dat die vrou totaal afhanklik was van haar man; nie net alleen ten opsigte van haar versorging nie, maar ook vir haar status en beskerming as burger. Vanaf die vroegste tye was die grootste vrees van 'n vrou dat sy as weduwee sou agterbly. Die Griekse woord *gera* bring haar toestand duidelik na vore in die betekenis van: leeg, verlate, sonder 'n man. In 'n patriargale sisteem het 'n vrou wat haar man verloor het, of kinders wat hulle vader verloor het, 'n bedreigde posisie en is selfs onderdruk en uitgebuit vanuit 'n sosiale, ekonomiese en juridiese standpunt. Hulle het hul status en wetlike beskerming verloor. Daarom tref 'n mens dit ook aan dat weduwees en wese dikwels in dieselfde kategorie genoem word, soms ook saam met die vreemdeling, omdat hulle die sosiaal onbeskermdes was.[24]

Wanneer haar man te sterwe gekom het, kon sy terugkeer na haar eie familie indien die bruidskat aan die familie van die man of sy erfgename terugbetaal kon word. Die kinderlose weduwee kon met die familie van haar man verbonde bly deur die instelling van die leviraat (swaershuwelik), wat haar 'n sekere mate van erkenning en beskerming gebied het. Origens staan die weduwee en die wees onbeskermd in die lewe. Vandaar die talryke bepalings in die wetgewing van Israel om hulle te beskerm. Geen weduwee of wees mag verdruk word nie (Eks 22:22). Deuteronomium skerp dit nogeens in: Deuteronomium 10:18; 24:17; 27:19, stel die eis dat hulle moet deel in die driejaarlikse tiende; 14:28,29; 26:12 en 13; in die versamel van die oorskiet op die land en dat die kleed van die weduwee nie as 'n pand geneem mag word nie, 24:17. Aan die onderhouing van hierdie gebooie is

die seën van die Here verbonde (14:29). Daarom word die God van Israel besing as die vader van die wese en die regter van die weduwees (Ps 68:6; 146:9; 10:14 en 18). Tot die beeld van die vroue behoort die trekke dat hy die belange van die weduwees en wese beskerm (Job 29:12; 13:31), terwyl van die goddelose die omgekeerde geld (Job 24:9; Ps 94:6).

Dat die toestande in Israel in dié opsig veel te wense oorlaat, blyk uit die klagtes en die teregwysings van die profete: Jesaja 1:23; Jeremia 7:6; Maleagie 3:5. Uit die Nuwe Testament blyk dit dat die sosiale posisie van die weduwee in die dae van Jesus nie veel gunstiger was nie, as Jesus die skrifgeleerdes verwyt oor hulle gedrag teenoor die weduwees (Mark 12:40). Jesus self kom hulle helpend en troostend tegemoet (Luk 7:13).

Ook die Christelike kerk het hom reeds van vroeg af oor die weduwee besorg gemaak. Hulle verwaarlosing gee aanleiding tot die instelling van die diakonaat (Hand 6:1). Weduwees wat waarlik weduwees is, dit wil sê sonder die steun van kinders of kleinkinders op wie die naaste onderhoudingsplig rus, behoort deur die gemeente versorg te word (1 Tim 5:13,4 en 16). Suiwere en onbevlekte godsdiens is na die woord van Jakobus om om te sien na weduwees en wese in hulle verdrukking (Jak 1:27).

Binne die Nuwe Testament is ook aanwysings te vind dat sekere weduwees bepaalde dienste in die gemeente verrig het. Paulus raai die jong weduwee aan om liewer te trou (1 Tim 5:6,11 en 14). Die weduwee wat nog binne die familiesituasie was, het in tegniese sin nie gekwalifiseer as weduwee nie, en is daarom nie in aanmerking geneem vir dienste in die gemeente nie, omdat sy nog ander take in die familieverband kon vervul en ook daar versorg is (1 Tim 5:4). Die wat in tegniese sin weduwees was en aan sekere vereistes voldoen het, aan hulle is binne gemeentelike verband sekere verantwoordelikhede toevertrou (1 Tim 5:19-16).

Wat die verantwoordelikhede van hierdie weduwees binne die gemeente was, is nie duidelik nie. Waarskynlik het dit te doen gehad met gebede (1 Tim 5:5), en uit die res van die perikoop kan afgelei word dat, in teenstelling met die karikatuur wat geskets word, verwag is dat hulle ook by huise besoeke sou aflê, waarskynlik by siekes. Daarvoor is getuienis te vind in die vroeg-Christelike gemeentes.[25] Hierdie "egte" weduwees, in tegniese sin, moes deur die gemeentes versorg word.

In Handelinge bied Lukas twee voorbeelde van die versorging van weduwees. Volgens Handelinge 6:1 is 'n daaglikse diens vir die versorging van weduwees daargestel. Deur hierdie diens is die behoeftiges, wat hoofsaaklik bestaan het uit weduwees, in die gemeente versorg. Verskeie Jode vanuit die diaspora het op ouer leeftyd in Jerusalem gaan woon en in baie gevalle het hulle hul besittings in diens van die gemeente gestel, Handelinge 2:45; 4:32,34. Na hulle afsterwe is baie weduwees agtergelaat vir wie daar geen versorging sou wees sonder die georganiseerde versorging van die gemeente nie, aangesien hulle geen familie in Jerusalem gehad het nie. Hierdie weduwees is groepsgewys deur die gemeente versorg.

'n Tweede voorbeeld is die individuele versorging van weduwees soos deur Tabita gedoen (Hand 9:36-41). Sy het blykbaar vir die weduwees klere gemaak. Die moontlikheid bestaan dat sy deur die gemeente in Joppe daartoe opdrag gegee is, wat die ongewone besorgdheid van die gemeente met haar afsterwe verklaar.

Vanuit hierdie Bybelse perspektiewe rondom die persoon van die weduwee kan ons die volgende riglyne neerlê:

12.4.2.1 As gevolg van die sosiaal-juridiese onbeskermde posisie van die vrou in die patriargale sisteem, vind ons in die Ou en Nuwe Testament groot besorgdheid oor haar lot.

12.4.2.2 Omdat die man vanweë sy status in die patriargale sisteem nie so bedreig en weerloos is in sy posisie as wewenaar nie, geniet dit nie aandag nie.

12.4.2.3 In die Ou en Nuwe Testament vind ons benewens wettiese voorskrifte oor die beskerming en versorging van weduwees, ook die algemene grondgedagte dat dit 'n inherende deel van die geloof en naasteliefde is om om te sien na die weduwee se behoeftes.

12.4.2.4 In die Nuwe Testament is bewyse dat die gemeente op georganiseerde wyse die weduwees versorg het in groepverband en individueel.

12.4.2.5 Die Nuwe Testament maak ook onderskeid tussen verskillende weduweegroepe:

- Die wat jonk is en vir wie dit beter is om weer te trou.

- Die wat in 'n familiesituasie is en verantwoordelikhede het teenoor kinders en die huisgesin en daarom versorg is en nie in tegniese sin kwalifiseer as weduwees nie.
- Die wat in tegniese sin weduwees is omdat hulle geen versorging geniet deur familie en ook nie weer sou trou nie.

12.4.2.6 Die laaste kategorie weduwees is in die gemeentelike lewe betrek deur sekere pligte op hulle te lê.

12.4.3 Samelewingstruktuur

Uit die voorafgaande blyk dit alreeds dat ons samelewingspatroon in sekere opsigte radikaal verskil van dié in die Bybelse tyd en dat die weduweesorg van die Bybel nie slegs in ons tyd identies gevolg kan word nie. Ons sal eers moet bepaal watter behoeftes ons eietydse samelewingspatroon vir die weduwee en wewenaar skep.

Ons kan met veiligheid konstateer dat die patriargale sisteem in ons tyd op baie terreine tot die verlede behoort. Op juridiese gebied geniet die vrou gelyke erkenning met die man. Haar persoon, haar getuienis, haar eiendom geniet erkenning as regsgeldig. Dit skakel grotendeels die probleem dat die vrou na die dood van haar man gewetenloos uitgebuit kan word, uit. Op sosiale en ekonomiese gebied is die patriargale sisteem in die meeste gevalle deurbreek. Die vrou geniet gelyke erkenning met die man. Sy kan aansoek doen om 'n betrekking, sy geniet die voordele van ouderdomspensioen en mediese versorging; en in die meeste gevalle word sy na die dood van haar eggenoot finansieel versorg deur middel van 'n pensioen of voorsorgfonds. In die meerderheid van gevalle is die grootste nood van die weduwee in ons tyd dus nie soseer dat sy sosiaal, ekonomies en juridies in 'n bedreigde en weerlose posisie verkeer nie. Dieselfde geld ook vir die wewenaar. Behalwe op enkele uitsonderings na, kan hulle finansieel, met behulp van pensioene, selfversorgend wees.

Die versorgingstaak van die kerk lê in die huidige era nie soseer op die gebied van die stoflike nie. Waar egter wel sulke gevalle voorkom bly dit seker nog steeds die taak van die kerk om na diesulkes om te sien. Ons tydvak het weer sy eie problematiek

en behoeftes ten opsigte van die agterblywende weduwee of wewenaar teweeggebring.

Die lewenstempo het geweldig versnel, wat veroorsaak het dat mense minder geleenthede het om aandag aan mekaar te gee. Dit bring dikwels mee dat die agterblywende vereensaam omdat selfs hulle eie familie nie veel tyd aan hulle kan afstaan nie. Hierdie probleem van vereensaming en frustrasie word dikwels vererger wanneer so 'n agterblywende self gewoond was aan 'n vinnige lewenstempo en aktiewe lewe, en dan skielik deur die dood van 'n lewensmaat uit die roetine geruk word, in 'n vakuum geplaas word. Ons verindustrialiseerde samelewing het ook veroorsaak dat huisgesinne weens werkgeleenthede ver van mekaar verwyder is, sodat die familiebande feitlik geen toevlugsoord bied nie. Vanweë die feit van die werkende vrou en snelle lewenstempo, word dit vir kinders steeds moeiliker om so 'n agterblywende ouer in hulle huis te versorg met die nodige toewyding en aandag. Dit gee daartoe aanleiding dat baie agterblywendes verkies om liewers in vereensaming alleen te bly as om by kinders in te woon met al die frustrasies wat dit teweegbring.

Hierdie probleem word grotendeels oorbrug wanneer 'n egpaar saam op hulle oudag na 'n versorgingsentrum vir bejaardes gaan. Op hierdie wyse kan hulle tesaam die skokke van 'n aanpassing in 'n nuwe omgewing absorbeer. Wanneer 'n lewensmaat dan te sterwe sou kom, is die aanpassing reeds gemaak en die agterblywende gewoonlik reeds tuis in sy of haar omgewing. Die tehuise vir die versorging van bejaardes voorsien dus in 'n groot behoefte, en daarom sal die kerk deur middel van sy hulporgane steeds op hierdie terrein sy deel moet bybring. Gemeentes binne wie se grense sulke tehuise ressorteer het natuurlik die bykomende verantwoordelikheid van die geestelike versorging van sulke bejaardes, maar daaroor later meer.

Die kategorie weduwees en wewenaars wat in ons tyd besondere aandag verdien, is juis diegene wat as huwelikspaar 'n aktiewe lewe gelei het in die sosiale verband van die gemeenskap en binne die kerk. Wanneer so 'n persoon as weduwee of wewenaar alleen sou agterbly skep dit vir hulle geweldige probleme. Hulle voel hulleself te gesond, aktief en selfstandig om hulle na 'n tehuis vir bejaardes te begewe. Bowendien sien hulle ook nie daarvoor kans om na die afsterwe van 'n lewensmaat nog 'n

volgende skok te deurstaan om hulle bekende omgewing te verlaat en dan alleen as vreemdeling in 'n nuwe omgewing aan te pas nie. Hierdie agterblywendes bevind hulle nou in 'n posisie dat, vanweë die afsterwe van hulle man of vrou, hulle grotendeels uitgeskakel is uit die aktiwiteite waaraan hulle vroeër as man en vrou tesaam gedeel het. Uit die pastorale praktyk kan talle voorbeelde genoem word van die vereensaming en frustrasies wat hulle deel is. Dit lei by baie van hulle tot depressie en pessimisme.[26] Baie van hulle kwalifiseer vanweë hulle goeie gesondheid en ouderdom nie vir akkomodasie in 'n tehuis nie. In hierdie stadium sou dit ook fataal wees om hulle daarheen te dwing. Hier ontstaan die vakuum van 'n oorbruggingsfase totdat so 'n persoon fisies en psigies gereed sou wees om in 'n tehuis opgeneem te word.[27]

Dikwels word die fout begaan om sulke agterblywendes weg te neem uit hulle bekende omgewing, direk na die afsterwe van 'n lewensmaat. Die onttrekking van die noodsaaklike oorbruggingsfase vir selfordening en die gepaardgaande skok kan dikwels vir so 'n mens geestelik afbrekend wees.

'n Volgende kategorie van agterblywendes is die wat nog jonk is en agterbly met die verantwoordelikheid van kinders en hulle versorging. Dikwels bestaan hier ook die moontlikheid van 'n hertroue, met die gevaar dat vanweë die verwarrende situasie en die emosionele onsekerheid, so 'n persoon dikwels uit nood 'n tweede huwelik aangaan met katastrofiese gevolge. Juis hier is ook 'n fase nodig waar die kerk versorging sal moet verleen totdat die emosionele stabiliteit weer herstel is.

Vanuit hierdie kort oorsig kan ons konkludeer dat die kerk in ons huidige tydsgewrig ook 'n groot versorgingstaak teenoor die agterblywende het. Hierdie versorgingstaak lê nie meer soseer op die gebied van die stoflike nie, maar meer op geestelike vlak. Ons kan die volgende terreine onderskei waar kerklike versorging noodsaaklik is:

- Die vertroosting direk na die afsterwe.
- Die geestelike versorging van diegene wat in tehuise woon.
- Die versorging van die agterblywende tydens die oorbruggingsfase totdat die probleem van eensaamheid en die frustrasie van 'n gevoel van 'n nuttelоosheid aandag geniet.

- Die stoflike versorging waar nodig.
- Die versorging van die agterblywende met 'n gesin.
- Die leiding in verband met hertroue.
- Die probleem van die wegneem uit 'n bekende omgewing en die skok wat dit veroorsaak.

12.4.4 Pastorale grondhouding en optrede

Teen die agtergrond van die kort oorsig oor die huidige problematiek van die agterblywende, is dit duidelik dat die kerk en daarom ook die pastor 'n besondere pastorale verantwoordelikheid teenoor diegene het.

Hierdie versorgingstaak kom na vore in die vertroosting van die agterblywende uit die Woord van God. Die gebruik is dat die pastor so 'n bedroefde persoon of gesin na die afsterwe besoek. Hierdie besoek direk na die afsterwe is nodig, maar vanweë die situasie van skok en verwarring kan in daardie oomblikke nie 'n diepgaande pastorale gesprek gevoer word nie. In hierdie eerste besoek sal die pastor soms moet volstaan met 'n kort bemoedigende Bybelgedeelte wat voorgelees word, asook 'n vertroostende gebed. In hierdie omstandighede moet die pastor se optrede vertroue inboesem en is baie woorde oorbodig en soms irriterend.

Hiermee is die taak egter nie afgehandel nie. Juis wanneer die begrafnis verby is en so 'n agterblywende alleen staan voor die heroriëntasie van sy lewe, is pastorale leiding en kerklike versorging noodsaaklik.

Ons wil trag om kortliks afsonderlike aandag te gee aan elkeen van die versorgingsterreine wat in die vorige deel geïdentifiseer is.

12.4.4.1 *Vertroosting van die agterblywende*

Hier kan die pastor nie alleen volstaan met een gesprek nie, maar moet hy veral in die heroriënteringsfase die gesprek voortsit vanuit die Woord. Hierdie verkondigingsgesprek behoort veral toegespits te word op die lewe na die dood; die sin van ons bestaan; die vervulling van ons lewenstaak; die betekenis van die geloof en gebed ensovoorts.

12.4.4.2 *Versorging van agterblywendes in tehuise*

In hierdie opsig het die kerk sy verantwoordelikheid aanvaar met die daarstelling en instandhouding van sulke tehuise. Die geestelike versorging van diesulkes het ook nuwe momentum gekry met die aanstelling van 'n predikant wat vir die besondere diens afgesonder is. Die tehuise onder sy sorg geniet die voorreg van gereelde woordverkondiging en pastorale besoek. Die tehuis waar nie 'n predikant vir die doel afgesonder is nie, is die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente. Hier moet die kerkraad toesien dat sulke persone gereeld besoek word en die geleentheid gebied word om eredienste by te woon, deur selfs vervoer te verskaf waar moontlik. Daar is ook 'n verdere probleem van verswakte bejaardes wat nie meer fisies in staat is om eredienste by te woon nie. Ons sluit hierby in die verswakte bejaardes wat tuis versorg word. Hier kan die pastor nuttig gebruik maak van die kasetbandopname as hulpmiddel. Bandopnames van eredienste kan gemaak en beskikbaar gestel word. Dit gee aan hulle die gevoel van betrokkenheid by hulle eie gemeentelike erediens binne eie kerkverband. Dit sou ook goed wees as kontakte gelê kan word tussen diegene in tehuise en hulle geesgenote in die gemeente, wat weer hulle belangstelling kan prikkel.

12.4.4.3 *Agterblywendes in die oorbruggingsfase*

Hier word dus bedoel diegene wat fisies en psigies nog nie ryp is vir opname in 'n versorgingsoord nie, vanweë hulle aktiwiteit en selfstandigheid. Die groot probleem is dat hulle vanweë die afsterwe van 'n lewensmaat, maatskaplik en kerklik hulself nutteloos voel. Hier moet die belewing van die gemeenskap van gelowiges weer opnuut geaktiveer word. Dit kan op verskillende wyses georganiseer word, naamlik op wyksvlak, kerkraadsvlak en selfs die NHSV.

Wykslede moet geaktiveer word om 'n agterblywende te besoek en by hulle aktiwiteite te betrek. Op die vlak van die NHSV kan so 'n persoon betrek word in kerklike aktiwiteite, en afsonderlike byeenkomste kan vir hulle gereël word waar getalle dit regverdig. Miskien sou dit goed wees om aan sulke wewenaars en weduwees, soos in die vroegste gemeentes, kerklike verantwoordelikhede toe te vertrou en op te dra, soos siekebesoek, bystand aan werkende moeders en versorging van be-

jaardes. Die doel van hierdie versorging sal steeds wees om in hierdie rypwordingsfase die gevoel van nuttelоosheid te bowe te kom.

12.4.4.4 *Stoflike versorging*

Hieroor hoef nie uitgebrei te word nie, aangesien dit steeds die opdrag en verantwoordelikheid van die kerk is om bystand te verleen waar nodig.

12.4.4.5 *Agterblywende met 'n gesin*

In die verwarring van 'n weduwee of wewenaar wat agtergebly het met 'n gesin om te versorg, moet die kerk ook versorgend help. Die probleem wat hier ontstaan is gewoonlik die versorging van die kinders in afwesigheid van die ouer wat moet werk. Hierdie probleem dryf hulle dikwels tot 'n onbesonne tweede huwelik. Hier kan die kerk weë bedink om hierdie probleem tydelik te oorbrug deur byvoorbeeld van die persone in 12.4.4.3 genoem, te gebruik om op 'n aflosbasis verantwoordelikheid vir so 'n gesin te aanvaar.

12.4.4.6 *Hertroue*

In alle gevalle van jonk en bejaard waar hierdie moontlikheid hom voordoen, sal die kerk 'n woord moet spreek. Die risiko van 'n tweede huwelik sal duidelik uitgespel moet word, veral waar daar kinders by betrokke is. Selfs in die geval van bejaardes sal die eiesoortige karakter en eise van 'n huwelik op dié leeftyd duidelik gestel moet word.

12.4.4.7 *Bekende omgewing*

Na alles wat tot hiertoe gesê is, bly dit nog steeds 'n praktiese probleem by veral die agterblywendes onder 12.4.4.3 genoem, dat hulle fisies nie alleen kan bly en hulleself na behore kan versorg nie. Uit radeloosheid gee dit dikwels daartoe aanleiding dat kinders of familie so 'n agterblywende wegneem uit sy bekende omgewing na 'n tehuis of na kinders. Alhoewel dit wissel, afhangende van elke agterblywende se persoonlikheidsamestelling en omstandighede, gebeur dit tog dikwels dat so iemand in daardie vreemde omgewing wegkwyn van eensaamheid, omdat

die dubbele skok van die verlies van 'n lewensmaat, asook die verlies van die omgewing waaraan die persoon gewoond is, te veel is om te verwerk.

In die lig van wat tot hiertoe gesê is, lyk dit noodsaaklik dat die kerk, wat sy beplanning betref, op plaaslike vlak steeds meer aandag sal moet skenk aan die daarstelling van 'n kerksentrum. Dit hoef nie noodwendig finansieel en andersins van groot omvang te wees nie. 'n Huis wat gekoop of gehuur word, kan voldoende wees. So 'n kerksentrum bied dan 'n tuiste waar sulke aktiewe agterblywendes kan vertoef tydens die oorbruggingsfase totdat hulle ryp is om in 'n tehuis versorg te word. Tegelykertyd kan hulle positief en konstruktief gebruik word om die verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n bewaarskool vir kinders, wat die probleem genoem in 12.4.4.5 oplos. So 'n kerksentrum kan ook dien as 'n naskoolse sentrum vir kinders van werkende moeders, wat nog 'n dringende behoefte onder kerklike toesig bevredigend oplos. Die hele gemeente kan by so 'n sentrum betrek word, veral in stedelike komplekse, waardeur die gemeenskap van gelowiges konkreet beleef word. Op hierdie wyse word die aktiewe agterblywende sinvol betrek in diens van die kerk en sy naaste.

In al hierdie genoemde gevalle sal die pastor in sy pastorale omgang en gesprekvoering ook die nodige begrip vir die situasie moet openbaar.

12.5 Pastoraat aan kerklosses

12.5.1 Bedieningspatrone

Met die term *kerklosses* het ons 'n spesifieke groep mense in gedagte, en ons gebruik dit as aanduiding in onderskeiding van *kerkloses*. Diegene wat kerklos geraak het, is hulle wat wel nog formeel hulle lidmaatskap van die kerk behou het, maar in werklikheid los van die kerk lewe. Tegnies gesproke is die *kerklosses*, vanweë hulle formele lidmaatskap van die kerk, nog steeds die objek van die pastoraat as verkondigingsgestalte wat binnekerklik-gerig is. Daarteenoor is diegene wat kerkloos geraak het, die objek van die evangelisasie. Laasgenoemde groep bevind hulle reeds buite die kerk omdat hulle op watter wyse ook al, die formele bande met die kerk verbreek het. Die *kerkloses* is dan ook streng gesproke die objek van die evangelisasie, wat as

buitekerklike verkondigingsgestalte gerig is op hulle wat nie meer aan die kerk behoort nie.

Dit mag miskien lyk na 'n onnodige kunsmatige onderskeiding, omdat daar in die praktyk nie veel onderskeid tussen beide kategorieë is nie. Die feit waarmee daar egter nog altyd rekening gehou moet word, is dat diegene wat kerklos geraak het, nogtans die formele bande met die kerk behou het. Hierdie formele binding aan die kerk, hoe gering dit ook al mag wees, veronderstel en gee aan die pastorale gesprek 'n sekere agtergrond en klankbodem.

Hierdie *lidmaat* kan aangespreek word op grond van 'n reeds afgelegde geloofsbelydenis en 'n sekere mate van geloofskennis kan nog as uitgangspunt dien. By die kerklose het hierdie uitgangspunt en klankbodem verval. Hoe gering die onderskeid ook al mag wees, vereis dit tog 'n ander benaderingswyse in die pastorale gesprek in vergelyking met die evangelisasiegesprek.

Die evangelisasiegesprek wil ons hier buite rekening laat, omdat dit buite die terrein van die Poimeniek val.[28] Die feit dat die pastorale gesprek in hierdie situasie trekke van die evangelisasie sal vertoon en dat die grens soms vloeibaar is, het ontstaan as gevolg van die vervloeiing van die grense van die kerk. Omdat die tug nie altyd konsekwent toegepas is in die geval van kerklosheid nie, het die situasie ontstaan dat daar binne die grense van die kerk 'n groep mense ontstaan het wat wel formeel lidmate van die kerk is, maar nie meer gelowig met die kerk meelewe nie.

In bepaling 149,2, (b) word spesifiek vermeld dat die predikant saam met die ouderlinge verantwoordelik is vir die arbeid onder diegene wat van die evangelie vervreem is.[29] Of hiermee spesifiek bedoel word diegene wat kerkloos of kerklos is, is nie duidelik nie. Die bedoeling is egter duidelik dat die pastor ook 'n verantwoordelikheid het om diegene wat afgedwaal het, weer te gaan opsoek. Die pastorale gesprek met kerklosses, vind gewoonlik plaas tydens huisbesoek. Dit het egter tyd geword dat op 'n indringender en gereelder grondslag hieraan aandag geskenk word.

12.5.2 Agtergrondproblematiek

Die probleem rondom die lidmaat wat kerklos geraak het, sentreer gewoonlik rondom die feit dat die persoon wel nog formeel

glo, maar nie die nodigheid insien om aktief by die kerk en erediens betrokke te wees nie. Of dit die werklike rede vir sy kerklosheid is, of slegs 'n skynargument is om sy ongeloof te verbloem, is nie altyd bepaalbaar nie. Dit vorm in elk geval gewoonlik die vertrekpunt van so 'n gesprek.

Om die probleem te illustreer, wil ons 'n paar argumente noem wat gewoonlik in sulke gesprekke na vore kom:

12.5.2.1 Die feit dat ek nie eredienste bywoon nie, is geen bewys dat ek nie glo nie. Ek glo nog steeds en bid gereeld, al kom ek nie in die kerk nie.

12.5.2.2 Kerkbesoek is nie 'n waarborg vir geloof nie, want baie mense besoek gereeld die kerk, maar hulle lewe getuig van die teenoorgestelde. Al kom ek nie in die kerk nie, probeer ek nogtans 'n geloofslewe lei.

12.5.2.3 Die kerk is te behep met 'n hoë persentasie erediensbywoning en kan liewer op 'n meer tasbare wyse aandag gee aan die nood van ons mense.

12.5.2.4 Ek voel my nie tuis in die kerk nie, ek ken niemand nie en niemand praat met my nie.

12.5.2.5 Toe ek 'n kind was, was ek gedwing om teen my sin na die kerk te gaan; ek het 'n oordosis daarvan gehad, en gaan slegs kerk toe as ek so voel, of as ek 'n behoefte daaraan het.

12.5.2.6 Die kerk het kontak met my verloor, daarom het ek 'n vreemdeling vir die kerk geword.

Hierdie genoemde en soortgelyke argumente hoor 'n mens dikwels. Die kerk kan hom nie daarvoor doof hou nie, die omvang en erns van die probleem word duidelik as 'n mens let op die groot getalle lidmate in gemeentes wat wel formeel nog lidmaat is, maar selde of nooit dienste bywoon. Ons wil poog om hierdie vrae te evalueer ten opsigte van ons kerklike situasie en, waar nodig, ook ons kerkwees onder die soeklig te plaas.

12.5.3 Verhouding: geloof en kerk

Die Roomse kerk huldig standpunt dat daar buite die kerk geen saligheid is nie, bedoelende dat daar buite die Roomse kerk geen

verlossing is nie. Hierteen het die Reformasie hom sterk afgegrens. Die saligheid en verlossing is nie die alleenbesit van een kerklike organisasie, byvoorbeeld die Roomse kerk, nie. Daarmee word egter nie bedoel dat die kerk as sodanig oorbodig is nie. Die Nederlandse Geloofbelydenis stel duidelik in Artikel 28 dat buite die kerk geen saligheid is nie; maar bedoel dan daarmee nie een bepaalde kerkorganisasie nie, maar die kerk van Jesus Christus in sy breë verband wat oor die grense van verskillende kerkorganisasies heen strek. Calvyn, die groot kerkhervormer, het dan ook treffend gesê dat dit onmoontlik is om God as Vader te hê as 'n mens nie ook die kerk as moeder het nie.

Ons moet egter die ander kant ook stel. Blote lidmaatskap van enige bepaalde kerk is geensins die waarborg vir die saligheid nie. Ons kan binne die kerk wees en nog verlore gaan, want die grond vir ons saligheid is die geloof in Jesus Christus, en nie slegs ons lidmaatskap van die kerk nie (vergelyk Matt 13:24-30).

Behalwe hierdie reformatoriese beskouing oor die samehang en verhouding van kerk en geloof, wil ons dit ook prakties probeer stel en illustreer. Die kerk het die opdrag tot die verkondiging van die Woord. Waar die Woord verkondig word en met geloof beantwoord word, lei dit outomaties tot kerkstigting en gemeentevorming. Daarvan het ons getuienis in die Nuwe-Testamentiese sendbriewe, wat gerig word aan gemeentes wat onstaan het as gevolg van die sendingwerk van Paulus. Die blote feit dat dit in dié tyd gebeur het, is nog nie genoegsame bewys om aan te voer dat dit noodwendig in ons tyd ook so moet wees nie. Daarom moet ons ook die vraag vra: Hoekom het die sendingwerk tot kerk- en gemeentevorming gelei? Die eenvoudige en voor-die-hand-liggende antwoord is dat geloof wat eenmaal gestig is, nie in 'n lugleë ruimte voortbestaan nie. Vanweë die sondige aard en natuur van die mens, bestaan die gevaar en werklikheid by almal dat ons geloof agteruitgaan, degenereer en selfs kan sterf. Wanneer ons eenmaal tot geloof gekom het, laat God ons daarna nie aan onsself oor nie, maar bemoei Hom voortdurend met ons deur die kerk en sy ampte om sodoende ons geloof op te bou en te versterk. Dit is ook wat die Heidelbergse Kategismus aan ons wil stel in Sondag 25, dat Hy ons geloof wil versterk deur die verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente.

Hierdie noodsaaklike oefening in die geloof word ook in die Bybel beklemtoon (vergelyk 1 Tim 4:6-16, Heb 10:25). Dit kansel-

leer egter nog nie die argument van diegene wat sê dat hulle ook tuis deur huisgodsdiens en Bybelstudie hulle geloof kan oefen en versterk nie. Indien ons vir die doel van ons argument die moontlikheid wel sou aanvaar, bly die volgende probleem egter nog onopgelos, naamlik: "Wat dan van die sakramente?" Die doop en veral die nagmaal (weens die herhaalbaarheid daarvan), is 'n onlosmaaklike deel van die geloof. Opregte geloof lei tot die nagmaal as die middel waardeur ons in die geloof versterk word, maar ook waardeur ons gemeenskap beoefen met God en ons medegelowiges. Geloof sonder deelname aan die sakramente, is skyngeloof en in stryd met die opdrag van Christus: "Doen dit tot my gedagtenis." Daar is egter ook 'n noue samehang tussen Woord en sakrament, naamlik as hoorbare en sigbare Woord. Die twee kan nie van mekaar geskei word nie. Die sakrament bevestig wat die Woord verkondig en daarom kan die sakrament nooit alleen staan sonder die woordverkondiging nie.

Wanneer ons van die nagmaal praat, bring dit ons by die volgende belangrike aspek van die geloof, naamlik die gemeenskap van die gelowiges. Geloof bestaan nie geïsoleerd, alleen, op sy eie nie. Geloof lei my as gevolg van die liefdesgebod van Christus, altyd tot my naaste en daarom eerste tot my medegelowige. Geloof verbind ons aan mekaar en maak ons verantwoordelik vir mekaar in alle opsigte. Dit word pragtig uitgebeeld in 1 Korintiërs 12:12-31, waar Paulus hierdie onderlinge verbondenheid vergelyk met die eenheid, die onderlinge samehang en medeverantwoordelikheid van al die dele van die menslike liggaam. Hierdie gemeenskap van gelowiges word uitgeleef van Maandag tot Saterdag, maar word konkreet sigbaar op Sondag in die erediens, en in sy sterkste vorm aan die nagmaaltafel. Uit hierdie gemeenskap van gelowiges in die erediens en om die nagmaaltafel, vloei die barmhartigheidsdiens deur middel van ons dankoffers ook uit na diegene oor wie ons ons moet ontferm. Geloof wat buite hierdie gemeenskap rondom die erediens en nagmaal wil bestaan, is skyngeloof en ongeloof.

'n Laaste argument om hierdie verhouding van die geloof tot die kerk te stel, is dié van die viering van die Sondag. Alhoewel ons in Christus bevry is van die wettiese voorskrifte en dwang van die sabbat, bly die Sondag vir die Christen die hoogtepunt van die week; dit is dié dag wat hy heilig en afsonder tot diens van God. Dit is die geleentheid wat God ons bied wanneer ons

nie *hoef* te werk nie, maar met ons geloof besig kan wees om dit te verdiep en te versterk. Hoe en waar kan ons dit beter doen as in die erediens saam met ander gelowiges, waar ons die Woord hoor en daarop antwoord met ons sang, belydenis en dankoffers. Op Sondae word die kerk van Christus duidelik sigbaar in die wêreld. Deur ons teenwoordigheid verkondig ons aan die gemeenskap: "Hier leef en bestaan die kerk van Jesus Christus."

12.5.4 Pastorale grondhouding en optrede

Teen genoemde agtergrond moet die pastor met gebruikmaking van die gesprekstegniek probeer bepaal wat die werklike oorsaak van kerklosheid is. By wyse van die gesprek sal hy ook die lidmaat met begrip daarvoor, nogtans moet konfronteeer met die implikasies van sy uitgangspunte. In die lig van die gestelde probleme en vanuit die gesigspunt van die onlosmaaklike samehang van kerk en geloof, kan die volgende riglyn vir so 'n gesprek geld.

12.5.4.1 Indien ek nie meer gereeld, of glad nie meer eredienste bywoon nie, moet ek nie my gewete probeer sus met die troos dat ek darem nog my Bybel lees en bid en daarom glo nie. Dit is 'n valse gerustheid! Dit behoort vir my die waarskuwingsteken te wees dat my geloof besig is om te degenereer en tot niet te gaan. Die praktyk het ook al bewys dat mense wat dié argument gebruik, wel *sê* dat hulle nog die Bybel lees en bid, maar in werklikheid dit slegs sporadies of glad nie meer doen nie. Die erediens is die voedingsbron vir die huisgodsdiens.

12.5.4.2 In die kerk is daar wel skynheiliges wat in die erediens is, maar 'n lewe lei in stryd met wat hulle bely en dus selfbedrog pleeg, maar dit is nie vir my 'n verskoning om my eie geloofsverantwoordelikheid te verkrag deur nie die erediens by te woon nie.

12.5.4.3 Die kerkraad en predikante is wel behep met syfers van erediens-bywoning, maar dan ten regte, want dit is een van die sigbare barometers van die geloofslewe van die gemeente wat aan hulle toevertrou is. Deur op allerlei ander oppervlakkige wyses aandag te gee aan die "nood" van die mens, kan die kerk pragtige opheffingswerk doen, maar het hy nog nie deurgedring tot die

kern van die "nood", naamlik 'n ongesonde of kwynende geloofslewe nie.

12.5.4.4 Die feit dat mense nie tuis voel in die kerk nie en vreemdelinge bly, is 'n aanklag teen die kerk dat ons nie meer erns maak met die gemeenskap van gelowiges nie. Aan hierdie gemeenskap van gelowiges is onvermydelik 'n sosiale aspek verbonde, waaroor die kerk opnuut sal moet besin, veral in stedelike gebiede waar vereensaming 'n probleem is. Die gelowiges sal onderling hulle daarop moet toelê om nuwelinge te betrek en deel te maak van die geloofsgemeenskap wat deel in mekaar se vreugde en smart.

12.5.4.5 Die dwang van ons kinderdae het by baie jongmense 'n weersin verwek en daarom hoor ons die argument dat hulle slegs na die kerk wil gaan as hulle behoefte daaraan het. Dat dit so is kan nie genegeer word nie, maar waarom nou die kerk in dié opsig uitsonder? Dieselfde argument geld ten opsigte van skoolopleiding. Hier erken ons egter gewoonlik dat dit vir ons eie beswil was en is later bereid om met groot opoffering selfs na-uurs hierdie onderrig voort te sit. As ons dit erns maak met die geloof sal ons besef en erken dat hierdie, "kerklike dwang" van ons ouers, ook vir ons eie beswil was. Indien die geloof vir ons enigsins van waarde is, sal ons ook bereid wees om die nodige selfdissipline in dié opsig toe te pas. Geloof is nou maar eenmaal 'n saak wat ook van ons selfdissipline verg, al vra dit ook soms moeite en opoffering! Die argument dat ons slegs na die erediens wil gaan wanneer ons behoefte daaraan het, is 'n skynargument. Ons sondige natuur sal daarvoor sorg dat ons weinig of nooit die behoefte het nie. Gaan ons dan slegs die dag werk, of klas toe, as ons daaraan behoefte het?

12.5.4.6 Omdat die kerk kontak met my verloor het, gaan ek nie meer kerk toe nie. Die opsoek en besoek van elke gelowige bly steeds die verantwoordelikheid van die kerk. In ons huidige situasie met die gedurige wisseling van mense, veral in digbevolkte stedelike gebiede, is dit egter makliker gesê as gedaan. Dit is vir die kerk 'n steeds groterwordende probleem om effektief kontak met sy lidmate te behou. Daarom moet ons verwag dat dit in 'n toenemende mate sal gebeur dat die kerk kontak met sy lidmate verloor. Dit is egter nie slegs 'n aanklag teen die kerk nie,

maar ook teen individuele gelowiges. 'n Gelowige wat vir maande of selfs jare nie die moeite doen om kontak met die kerk te soek nie en dan boonop dit as 'n argument wil gebruik vir sy kerkvervreemding, moet eers die opregtheid van sy eie geloofslewe bevraagteken.

Hierdie pastorale gesprek onder die opsig moet uiteindelik daarin uitmond dat daar by die betrokke lidmaat 'n verandering intree en hy weer aktief betrokke raak by die kerklike lewe, of dat hy volhard in sy lewe van kerklosheid. Hierdie gesprek moet met geduld en op 'n gereelde basis plaasvind en opgevolg word deur die gesprek van die ouderling. Soos in alle ander gevalle van afdwaling in die geloofslewe, moet ook hierdie pastorale gesprek, wanneer daar geen berou en verandering is nie, uitloop op formele tughandeling, wat ook uiteindelike afsnyding uit die gemeente tot gevolg kan hê.

Wanneer hierdie laaste tughandeling toegepas is, word die persoon die objek van die evangelisasie. Hierdie gesprek moet dan ook vanuit 'n ander invalshoek benader word.

12.6 Pastoraat aan sosiaal-afwykendes

12.6.1 Bedieningspatroon

Hiermee word 'n wye reeks moontlikhede aangedui. Met die begrip *sosiaal-afwykendes* word diegene bedoel wat oor die hele linie van die pastoraat geïdentifiseer kan word as gevolg van gedragsafwykings, persoonlikheids- en psigiese probleme, neuroses, ensovoorts. Hierdie persone verg besondere en gespesialiseerde aandag, bo en behalwe die pastorale versorging. Hierdie probleme kan onder die aandag van die pastor kom in sy jeugpastoraat, huwelikspastoraat, siekepastoraat of deur sy kontak met gemeentelede op enige ander vlak. Hiermee word geensins beweer dat dié kategorie mense uitgesluit word van die pastorale verantwoordelikheid nie, maar dikwels vorm hierdie gedrags- en ander afwykings 'n obstruksie vir die pastoraat. Daarom is dit nodig dat die pastor ook gebruik moet maak van gespesialiseerde hulp op dié gebied, sodat hy sy pastoraat beter kan bedien.

12.6.2 Identifikasie

Die pastor moet geensins voorgee dat hy 'n kwasipsigoloog is nie. Dit is juis die terrein waar die pastor met vrug gebruik kan maak van sy hulpwetenskappe. Die probleem is egter om in die pastorale praktyk sulke afwykings te identifiseer. Ons wil geensins poog om 'n sielkundige ontleding te maak, of 'n indeling van potensiële sielkundige gevalle nie. Ons wil hier slegs die tekens probeer uitwys wat vir die pastor die aanduiding kan wees dat die persoon verdere gespesialiseerde aandag nodig het. Ons gee hier 'n paar voorbeelde van simptome wat op sielkundige probleme kan dui:

- 'n Rekord van moeilikhede om persoonlike verhoudinge te vorm en te onderhou, en in die besonder om intieme verhoudinge te handhaaf.
- Obsessies, vrese, intense spanning wat sonder rede aanhou.
- Emosionele reaksies wat nie verband hou met die situasie nie.
- Paranoïese trekke soos die voortdurende idee dat mense vir hom lag of teen hom saamsweer.
- Valse gelowe of standpunte wat nie deur redelike argumente verander kan word nie.
- Depressies wat uit diep gevoelens van nuttelоosheid en minderwaardigheid voortkom.
- 'n Onttrekking van verhoudinge met ander op 'n abnormale wyse.
- Uiterste seksuele perversies.
- Psigopatiese trekke soos emosionele onvolwassenheid, swak oordeel en geen verantwoordelikheidsgevoel nie, onvermoë om egte liefde en besorgheid oor andere te hê, onvermoë om drifte en begeertes te bedwing of uit te stel, geen skuldgevoelens oor verkeerde dade nie, antisosiale dade.[30]

Hierdie genoemde simptome kan vir die pastor die aanduiding wees dat hy hier te doen het met iemand wat dieperliggende sielkundige probleme het.

Om in sulke gevalle die pastor tot hulp te wees, het die Nederduitsch Hervormde Kerk die pastorale verwysingsdiens in die lewe geroep. Hier is 'n opgeleide teoloog/psigoloog tot beskikking van die pastor, waarheen sulke gevalle verwys kan word. By die pastorale verwysingsdiens (of die psigo-pastorale hulpdiens),

sal die probleem geïdentifiseer kan word en dan indien die diens dit nie self kan hanteer nie, na geskikte "spesialiste" verwys word vir aandag.[31]

12.6.3 Pastorale optrede en grondhouding

Wanneer genoemde simptome in die pastoraat geïdentifiseer word, vereis dit van die pastor die korrekte ingesteldheid. Daar bestaan by baie mense nog 'n antipatie teenoor sielkundige hulp, daarom moet die aangeleentheid met die nodige takt hanteer word. Die voordeel van die pastorale verwysingsdiens is dat dit nog plaasvind binne die bekende kerklike ruimte en agtergrond en nie in 'n vreemde mediese omgewing nie. Die pastor sal dit ook duidelik moet maak dat hierdie bykomende "kerklike hulp" juis 'n diens is wat die kerk aan sy lidmate bied. Die lidmaat moet nie die indruk kry dat die pastor van hom ontslae wil raak deur hom na 'n ander te verwys nie, maar dat hy op dié wyse meer intensiewe aandag wil gee. Die pastorale verwysingsdiens ontneem daarom ook nie die pastor van sy verantwoordelikheid nie, maar wil hom tot hulp wees in die uitvoering daarvan. Noue skakeling tussen die pastor en die verwysingsdiens is ook noodsaaklik, sodat die pastor in die verdere beoefening van sy pastoraat aan die lidmaat, oor die nodige agtergrond en inligting beskik wat vir sy houding en optrede van belang is.

12.7 Pastoraat aan verslaafdes

Ons gee voorkeur aan die term *verslaafdes* omdat ons daarby nie slegs die alkoholis wil insluit nie, maar ook die dwelmverslaafde. Die verskynsel van "kruisafhanklikheid", kom veral by vroue voor, waar sy dikwels saam met alkohol ook van ander chemiese middels soos kalmeerpille, gebruik maak.[32] Dit is verder 'n onbetwisbare feit dat in die huidige samelewingstruktuur, dwelmverslawing 'n toenemende verskynsel by jongmense is. Alhoewel elke vorm van verslawing verskil van die ander, wil ons vir hierdie doel dit tog saam groepeer onder een term, naamlik *verslaafdes*. In hierdie bespreking sal gekonsentreer word op die alkoholverslaafde, maar in breë trekke sal dit ook toegepas kan word op ander vorms van verslawing.

12.7.1 Bedieningspatroon

Die pastoraat aan verslaafdes is nie alleenlik gerig aan diegene wat reeds verslaaf is en daarom pastorale aandag vereis nie. Hier sal die pastoraat ook steeds daarop ingestel moet wees om meer voorkomend as genesend van aard te wees. "Deur inligting en voorligting te gee aan lidmate – veral die dooplidmate en jong belydende lidmate – kan baie gedoen word om drinkpatrone te verander vir die toekoms. Die kerk het 'n gulde geleentheid om korrekte en gebalanseerde inligting en voorligting oor die gebruik van sterk drank en die gevolge van misbruik daarvan, aan sy jong lidmate te gee."[33] Hierdie voorkomende pastoraat geld met net soveel aksentuering ten opsigte van dwelmverslawing. In die kategese en jeugwerk behoort hierdie aangeleenthede aan die orde te kom.

12.7.2 Leefwêreld van die verslaafde

Hier wil ons slegs aandag gee aan die leefwêreld van die alkoholis of alkohol-afhanklike, sonder om aandag te gee aan die faktore wat tot daardie verslawing aanleiding gegee het. Alkoholisme tas feitlik alle verhoudinge aan waarin die persoon hom bevind.[34]

- *Die gesinsverhouding* word ontwrig. Gesinsprobleme is nie altyd die gevolg van alkoholisme nie. Die omgekeerde kan ook die geval wees. In die meeste gevalle is daar 'n wisselwerking aanwesig. Die werklikheid is dat alkoholisme en gesins-disorganisasie 'n noue verband met mekaar het. Alkoholisme lei gewoonlik tot familiespanning en rusies. Aanvanklik sal die gesin die drankprobleem probeer beheer en verberg. Die gesin reorganiseer hulle dikwels los van die verslaafde.

- *Die huweliksverhouding* word aangetas en lei tot vervreemding tussen man en vrou. Dit lei ook tot 'n rolverandering waar die huweliksmaat die rol van die verslaafde moet oorneem.

- *Finansiële probleme* is gewoonlik 'n gevolg van alkoholisme, wat weer op sy beurt meerdere spanning veroorsaak.

- *Kommunikasie* tussen gesinslede lei skade en dit lei tot emosionele afstomping. Die verslaafde raak ook geleidelik geïsoleerd van die gesamentlike vriendekring en ander sosiale verbintenisse.

- *Werksverhouding* word benadeel en lei somtyds tot werkloosheid in onverantwoordelikheid.

- *Skuldgevoelens* wat ontstaan as gevolg van die probleem van verslawing. Hierdie skuldgevoelens word onderdruk en gekanaliseer in die vorm van aggressie teenoor die kerk, ampsdraers, werkgewers, en huisgesin, en lei selfs tot vervreemding in die geloof teenoor God.

- *Passiwiteit en minderwaardigheidsgevoelens* is dikwels die gevolg van sy onvermoë om die probleem te bowe te kom.

Hierdie genoemde verskynsels is gewoonlik ook 'n goeie aanduiding vir die pastor dat verslawing reeds bestaan, of besig is om te ontwikkel.

12.7.3 Pastorale grondhouding en optrede

Sodra die probleemdrinker geïdentifiseer is, moet begin word met die taak van motivering om hulp te ontvang. Hierdie motivering word in die wiele gery deur die ontkenning van sy probleem. Die alkoholis/verslaafde moet op so 'n wyse gekonfronteer word met die werklikheid van sy probleem, dat hy nie 'n gevoel van verwerping ondervind nie. In so 'n aksie moet die samewerking van die gesin en selfs die werkgewer en intieme vriende verkry word, sodat die alkoholis die werklikheid van so 'n probleem nie langer kan ontken nie. Indien die drinker kans sien om self iets aan sy probleem te doen, moet hy eers die geleentheid daartoe gegun word. Gewoonlik slaag sy poging nie en kan sy mislukking benut word om hom beter te motiveer vir kliniekbehandeling.

In sy omgang met die alkoholis moet die pastor 'n vertrouensverhouding tot stand bring. Begrip en empatie vir sy situasie moet uit sy optrede blyk. Die alkoholis moenie bearbei word terwyl hy onder die invloed verkeer nie, maar so gou moontlik ná die episode. Die pastor moet nie aggressie ter harte neem nie, maar aanvaar as deel van die alkoholis se leefwêreld.

Ná kliniekbehandeling sal die pastor die nasorgwerk moet doen aan die alkoholis en sy gesin in die aanvaardings en heroriëntasieproses. Vanuit die Woord sal die alkoholis gekonfronteer moet word met die genade en vergewing van God, maar

tegelyk ook met die oproep tot geloofsgehoorsaamheid. Die gemeenskap van gelowiges moet ook geaktiveer word om behulpsaam te wees by die inskakeling in die kerklike gemeenskap.[35]

HOOFSTUK 13

'n Gebalanseerde pastorale praktyk

Hierdie pastorale oriëntasie sou onvolledig wees as ons nie ook ten slotte aandag gee aan 'n gesonde en gebalanseerde implementering van die neergelegde beginsels en metodes nie. Hier het ons as fokuspunt die beplanning, organisasie en agtergrond waarbinne die pastor handelend moet optree. Verskeie aspekte van die lewe en werk van die pastor kom hier ter sprake.

13.1 Die gesinslewe

'n Gesonde en gebalanseerde gesinslewe is 'n noodsaaklike vereiste vir 'n gesonde pastoraatsbeoefening. Sonder om die predikant en sy gesin op 'n onaantasbare troontjie te plaas, is dit tog 'n onweerlegbare feit dat die pastor se eie lewe en sy gesinslewe geloofwaardigheid verleen aan sy pastorale optrede. Dit impliseer dat sy eie gesinslewe in 'n groot mate die klankbord van sy pastoraat is. Die predikant moet ook in die keuse van 'n huweliksmaat in gedagte hou dat sy huweliksmaat onlosmaaklik verbonde is aan sy dienswerk as predikant. 'n Koel, afsydige houding van die predikant se vrou is skadelik en belemmerend vir die predikant self in sy optrede na buite, maar is ook skadelik vir die lewe van die gemeente. Dit beteken dat die predikant se vrou ook met ywer en entoesiasme vervul moet wees vir die bevordering en uitbouing van die gemeentelike lewe. Hierdie entoesiasme is noodsaaklik om die gesindheid van die predikant voortdurend in sy eie huislike kring te stimuleer, maar is ook noodsaaklik vir sy pastorale geloofwaardigheid in die gemeente. Dit beteken nie dat die predikant sy vrou en huisgesin resloos moet uitlewer aan die gemeente met prysgawe van alle privaatheid nie. Hy sal juis moet toesien dat daar voldoende tyd en geleentheid is om in privaatheid aandag te gee aan sy eie gesinslewe, maar sy hele gesin bly in woord en daad betrokke in die uitvoering van sy opdrag.

'n Gesonde huwelikslewe is noodsaaklik. Die pastor moet toe-

sien dat hy nie so betrokke raak in ander se probleme dat hy nie meer tyd en geduld het vir sy eie huwelik nie. Hoe kan die pastor immers bydra tot die verryking van 'n ander se huwelik, as sy eie huwelik bankrot is? Daarom sal hy ook voortdurend die pastoraat moet beoefen aan sy eie huwelik en huisgesin. Hoe kan die pastor ander vermaan oor swak kerkbesoek as sy eie huisgesin daaraan skuldig is? Hy en sy huis sal self voortdurend moet leef in gehoorsaamheid aan die Woord, en sal as huisgesin voortdurend gesterk moet word uit die bron van die Woord.

Die pastor sal daarom ook sy tyd so moet beplan dat daar op 'n gereelde basis voorsiening gemaak word vir 'n dag of geleentheid, wat hy aan sy eie huisgesin wy. Hy moet dit ook in oorleg met die kerkraad reël, sodat almal bewus sal wees van die feit dat dié bepaalde dag vir sy huisgesin afgesonder word. Dit moet egter ook met die nodige takt gereël word, sodat hy nie daardeur die indruk wek dat niemand, selfs in die grootste nood, hom op dié bepaalde dag durf lastig val nie.

13.2 Beplanning

'n Gebalanseerde pastoraat vereis ook die nodige beplanning. Indien die pastor volgens 'n probeer-en-tref-metode probeer werk, dreig die gevaar dat hy dag en nag besig bly en tog niks konstruktiefs verrig nie. Vir 'n gebalanseerde pastoraat is dit nodig dat hy sy tyd to indeel en beplan dat al die aspekte van sy werk as predikant die nodige aandag kry. Die beste metode is om sekere dae aan sekere sake af te staan en om sover moontlik by die program te probeer hou. Die volgende voorbeeld kan dit beter illustreer:

Maandag: Gesinsdag.

Dinsdag:
Oggend: Begin met voorbereiding en studiewerk vir preke vir Sondag.
Middag: Siekebesoek.
Aand: Vergaderings soos kerkraad, finansiële komitee, en andere.

Woensdag:
Oggend: Studietyd.
Middag: Spreekure vir besondere pastorale gevalle.
Aand: Huisbesoek.

Donderdag: Huisbesoek (platteland).

Vrydag:
Oggend en middag: Preekvoorbereiding.
Aand: Kategese en jeugvereniging.

Saterdag:
Afronding van preke.

Hierdie program is slegs 'n basiese voorbeeld. Uit die aard van die saak sal die gesitueerdheid van elke gemeente weer 'n ander indeling vereis. So sal daar byvoorbeeld in 'n stadsgemeente waar huisbesoek tot die aande beperk is, gepoog moet word om soveel moontlik gevalle wat besondere pastorale aandag vereis, gedurende die dag af te handel, om sodoende die aande vry te hou vir huisbesoek. In 'n plattelandse gemeente waar huisbesoek bedags gedoen kan word, sal die studietyd weer na saans verskuif. Hierdie program sal ook nie altyd streng gevolg kan word nie, omdat daar ook tussenin begrafnisse en ander dringende sake opduik. Die gedagte is egter dat daar beplanning sal plaasvind vir die optimale benutting van beskikbare tyd.

Die tydsduur van 'n huisbesoekgesprek moet ook noodwendig beperk word. 'n Halfuur per huisgesin kan as ideaal gestel word. In die geval van die besondere pastoraat sal daar ook noodwendig 'n tydsbeperking moet wees. Die gevaar bestaan altyd dat 'n pastor so betrokke raak by 'n bepaalde probleemsituasie en soveel tyd daaraan afstaan dat ander aspekte van sy werk skade ly. Opvolggesprekke van een uur lank is beter as een gesprek wat eindeloos aanhou.

13.3 Delegering

Sommige pastors lei aan die kwaal dat húlle alleen alles kan en moet doen. Daardeur verkwis hy soms kosbare tyd. Administratiewe sake moet so ver moontlik in die hande van die skriba of administratiewe beampte gelaat word. Dit is beter om so 'n persoon touwys te maak as om alles uit sy hande te probeer neem.

Die pastor moet ook meer gebruik maak van die ander ampsdraers in die gemeente. Indien hy alles self wil doen, skep hy die indruk asof die hele kerk slegs van hom afhanklik is en asof geen ander ampsdraer in staat is om iets sinvols te doen nie. Dit lei

ook by die ampsdraers tot 'n gesindheid van onbetrokkenheid. Die opsoek van nuwe intrekkers en die kontrolerende nasorg in byvoorbeeld gevalle van alkoholisme, huweliksprobleme en kerklosheid, kan in die hande van die ouderlinge gelaat word. Die diakonale versorging van behoeftiges is tog die verantwoordelikheid van die diaken en nie in die eerste plek die verantwoordelikheid van die predikant nie. Die pastor moet hom daarop toespits om ampsdraers toe te rus sodat hulle sinvol by die gemeentewerk ingeskakel kan word. Ampsdraers wat geskik is, kan vir besondere take afgesonder en toegerus word, soos jeugwerk, evangelisasie, gesprekke met sektes, alkoholisme, ensovoorts.

13.4 Kollegiale verhoudings

Die pastor en sy gesin leef in 'n groot mate in isolasie, vanweë die feit dat hy met sy gemeente verkeer in die verhouding pastor/lidmaat. Dit veroorsaak soms dat predikante in isolasie met hulle eie probleme worstel en daarin verstrik raak. Kollegiale openheid vir mekaar is noodsaaklik. 'n Mate van jaloesie, sarkasme en snobisme word dikwels in kollegiale verhoudings waargeneem. Dit kan alleen vir die kerk skadelik wees. Openheid, eerlikheid, vertroue, goedbedoelde kritiek en wesersydse waardering is noodsaaklik in kollegiale verhoudings. Goeie kollegiale verhoudings bied aan die pastor die moontlikheid van 'n vertrouensverhouding en openhartige gesprek.

13.5 Slot

As bedienaar van die Woord moet die pastor toesien dat die verkondiging in sy geheel, met al die verskillende verkondigingsgestaltes bedien word. 'n Ongebalanseerde pastoraat kan die oorsaak wees dat die verkondiging in sy geheel skade ly, omdat al die fasette nie genoegsaam aandag geniet nie. 'n Ongebalanseerde pastorale praktyk is uiteindelik skadelik vir die lewe van die gemeente en vir die voortgang van die kerk.

Verwysings

HOOFSTUK 1

1 BW Ganzevoort, *Inleiding in die Theologie*, Kampen 2955, p 1–38
2 Volgens die artikel van Gert Otto in: *Praktisch Theologische Handbuch*, Herausgegeben von Gert Otto, Hamburg 1975, p 1-31
3 JI de Wet, *Die herlewing van 'n ou definisie van Praktiese Teologie*, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 34, (3), p 5 vv
4 A Kuyper, *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid*, Deel III
5 Vir 'n historiese oorsig kan die volgende bronne geraadpleeg word: JJ van Oosterzee, *Praktische Theologie*, Eerste deel, Utrecht, 1895 E Chr Achelis, *Praktische Theologie*, Utrecht, 1906
6 W Birnbaum, *Theologische Wandlugen* von Schleiermacher bis Karl Barth, eine enzyklopädische *Studie zur praktischen Theologie*, Tübingen, 1963, p 370 vv
7 LJ van Hoek, *Encyclopaedie der Theologie*, Assen, 1938, p 147
8 G Ebeling, Wort und Glaube, *Tübingen 1960*, p 201
9 Rottin *Religion in Geschichte und Gegenwart*, p 515
10 K Barth, *Einführung in die evangelische Theologie*, Zürich, 1962, p 18
11 J Firet, *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*, Kampen, 1977, p 14
12 K Barth, *Kirchliche Dogmatik* I, 1
13 JI de Wet, ongepubliseerde kernaantekeninge, Inleiding tot die Praktiese Teologie, p 7
14 JI de Wet, a.w., p 88
15 J Firet, a.w., p 17
16 K Barth, *Dogmatik*, I, 1
17 JI de Wet, a.w., *Kernaantekeninge*, p 9
18 Otto Haendler, *Grundriss der Praktischen Theologie*, Berlyn, 1957, p 1 vv
19 JI de Wet, *Kernaantekeninge*, p 11
20 Volgens DJ Booysen, *Julle sal My getuies wees.*
21 Volgens MJ du P Beukes, *Kategese as opdrag aan die Kerk, ongepubliseerde proefskrif*, Universiteit van Pretoria, 1974

22 Volgens E Thurnyssen, *Die Lehre von der Seelsorge*, Zürich, 1964, veral p 10
23 JI de Wet, *Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 22*, (4), p 202

HOOFSTUK 2

1 E Chr Achelis, *Praktische Theologie*, Utrecht, 1906, p 329
2 JJ van Oosterzee, *Practische Theologie*, Tweede Deel, Utrecht, 1898, p 236
3 JJ de Klerk, *Herderkunde*, Pretoria, 1978, p 1, As verteenwoordiger van die genoemde denkrigting, volgens: S Hiltner, *Preface to pastoral theology*, New York
4 Die benaming "sielsorg" word onder andere in die volgende werke gebruik:
MH Bolkenstein, *Zielsorg in het N.T.*, Den Haag, 1964
R Riess, *Seelsorge*, Göttingen, 1973
G Brillenburg Wurth, *Christelijke Zielzorg*, Kampen.
5 Die benaming "huisbesoek" word aangetref by die volgende publikasies:
P Biesterveld, *Het Huisbesoek*, Kampen, 1908
SFHJ Berkelbach van der Sprenkel, *Huisbezoek*, Amsterdam, 1952
6 Vir 'n volledige uiteensetting van genoemde begrippe, volgens Joachim Jeremias, *Theological Dictionary of the New Testament*, Michigan, 1973, Volume VI, p 485 vv
7 Sien die reeds genoemde werk van JJ de Klerk, *Herderkunde*.

HOOFSTUK 3

1 JI de Wet, *Diktaatlesings*
2 MH Bolkenstein, *Zielzorg in het Nieuwe Testament*, Den Haag, 1964, p 33
3 Sien ook MJ du P Beukes, *Die begrip pastoraat by Faber en Van der Schoot krities beskou*, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 31 (3 en 4), p 101, 102
4 W Jentsch, *Handbuch der Jugendseelsorge* II, Gütensloh, 1963, p 30.; Brillenburg Wurth, *Christelijke Zielzorg*, Kampen; MH Bolkenstein, *Zielzorg in het Nieuwe Testament*, Den Haag, 1964
5 JJ de Klerk, *Herderkunde*, Pretoria, 1978, p 3 vv
6 Volgens JJ de Klerk, a.w., p 5

7 Volgens JJ de Klerk a.w., p 4
8 E Thurnyssen, *Die Lehre von der Seelsorge*, Zweite Auflage, Zürich 1957, p 51
9 Sien artikel van Schmitz en Stöhlim in *Theological Dictionary of the New Testament*, Michigan 1967, volume V, p 773-789
10 J Firet, *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*, Kampen, 1977, p 14
11 J Firet, a.w., p 95
12 JJ de Klerk, a.w., p 13
13 MH Bolkenstein, a.w., p 59; volgens ook 1 Tess 4:2,11; 2 Tess 3:4,6,10
14 J Firet, a.w., p 188
15 Jay E Adams, *Competent to counsel*, New Jersey 1977, p 44
16 Jay E Adams, a.w., p 45
17 Jay E Adams a.w., p 49
18 JJ de Klerk, a.w. p 14

HOOFSTUK 4

1 PJ Roscam Abbing, *Gespreksbeleid in de pastorale zorg, Utrecht*, p 25
SFJH Berkelbach van der Sprenkel, *Huisbezoek*, Amsterdam, 1952, p 46
2 Jay E Adams, *Competent to Counsel*, New Jersey, 1977, p 20-25
3 A Kuyper, *Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid*, Amsterdam, 1894, p 473
4 AA van Ruler, *Bijzonder en Algemeen Ambt*, Nijkerk, 1952, p 74
5 Volgens hieroor: JI de Wet, *Pastorale Etiek*, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 25, (1), p 11 vv
6 J Calvyn, *Kommentaar op 2 Kor 2:4*
7 E Thurnyssen, *Die Lehre von der Seelsorge*, Zürich, 1957, p 298

HOOFSTUK 5

1 E Thurnyssen, *Die Lehre von der Seelzorge*, Zürich 1957, p 56
2 E Thurnyssen, a.w., p 46
3 Volgens G van Niftrik, *Kleine Dogmatiek*, Vyfde druk, Nijkerk 1961, p 93; H Berkhof, *De mens onderweg*, Gravenhage, 1965, Vierde druk, p 56

4 GC Berkouwer, *De mens het beeld Gods*, Kampen, 1957, p 228-229
5 GC van Niftrik, *Zie de Mens*, Nijkerk, 1951, p 326-327
6 E Thurnyssen, a.w., p 48-49
7 Otto Weber, *Grundlagen der Dogmatik*, Band I, p 618
8 E Thurnyssen, a.w., p 50
9 E Thurnyssen, a.w., p 53
10 E Thurnyssen, a.w., p 56-58

HOOFSTUK 6

1 Sien as voorbeelde van hierdie rigting:
D Stollberg, *Therapeutische Seelsorge*, München, 1972
Faber en Van der Schoot, *Het pastorale gesprek*, Utrecht sj
HJ Clinebell, *Basic types of Counseling*, New York, 1966
S Hiltner, *Pastoral Counseling*, New York, 1949
R Ries, *Perspektieven der Pastoralpsychologie*, Göttingen, 1974
C Rogers, *Client-centered Therapy*, Boston, 1951
2 S Hiltner, *Pastoral Counseling*, New York, 1949
3 C Rogers, *Client-centered Therapy*, Boston, 1951
4 Volgens C Rogers, a.w. p 23, 24
5 GJ Kotze, *Die antropologiese onderbou van die Gereformeerde pastoraat*, Kaapstad, 1971, p 54
6 Volgens CA Wise, *Pastoral Counseling*, New York, 1951, p 37
7 Jay E Adams, *Competent to Counsel*, New Jersey, 1977, p 31
8 JPL Jonker, *Die devaluasie van die gesprek in die pastoraat*, Utrecht, 1966, p 254
9 H Faber en Van der Schoot, a.w., p 87
10 Faber, a.w., p 98
11 P Biesterveld, *Het huisbesoek*, Kampen, 1900, p 48
12 WA Smit, *Pastoraal-Psigologiese* verkenning van die Client-centered Therapy van Carl C Rogers, Kampen, 1960, p 16 vv
13 JH Bavinck, *Ik geloof in de Heilige Geest*, Den Haag sj, 2de druk, p 8

HOOFSTUK 7

1 JI de Wet, *Huisbesoek, Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 22, (2 en 3), p 42

2 JI de Wet, *Die werk van die predikant*, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 19, (1 en 2) p 21
3 R Kaptein, *Het Huisbesoek, Agtergrond Problematiek en methode in die veranderde gemeente*, Amsterdam, sj, p 66
4 JI de Wet, a.w. *Die werk van die predikant*, p 21
5 Volgens P Biesterveld, *Het Huisbezoek*, 2de druk, Kampen 1908, p 107; JD Benoit, *Calvijn als Zielzorger*, Nijkerk, sj, p 14
6 Volgens WJ de Klerk, *Rousmart*, a.w., p 90
7 GB Wurth, *Christelijke Zielzorg*, p 109
8 GB Wurth, a.w., p 110
9 E Thurnyssen, *Die Lehre von der Seelsorge*, Zürich, 1957, p 155
10 F van der Meer, *Augustinus de Zielzorger*, Utrecht, 1947
11 JJ van Oosterzee, *Practische Theologie*, Tweede Deel, Utrecht, 1898, p 240
12 Volgens K Dijk, *De Dienst der kerk*, p 159
13 P Biesterveld, a.w., p 115 vv
14 PJ Roscam Abbing, *Gespreksbeleid in de pastorale zorg*, Utrecht, sj p 34
15 K Dijk, a.w., p 161
16 Roscam Abbing, a.w., p 39
17 K Dijk, a.w., p 167
18 JJ van Oosterzee, a.w., p 242
19 JI de Wet, a.w., *Die werk van die predikant*, p 19
20 Volgens hieroor: WJ de Klerk, a.w., p 105

HOOFSTUK 8

1 Volgens JC Touw, *Het Evangelie en de moderne mens*, Nijkerk, 1955, p 13
2 E van der Schoot, *Hoofdstukken uit de Pastorale Psychologie*, Utrecht, 1959, p 7
3 AJ Smuts, *Aspekte en toepassing van die pastorale gesprek*, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 27, (3 en 4), p 27
4 JI de Wet, *Huisbesoek*, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 22, (2 en 3), p 50
5 Volgens K Barth, *Kirchliche Dogmatik*, Band III/2, p 300
6 WJ de Klerk, *Wending*, Potchefstroom, 1964, p 96
7 Aangehaal in WJ de Klerk, *Wending*, p 85
8 Volgens A Kuypers, *Inleiding in de Zielkunde*, p 258-281; R

Kooistra, *De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie*, p 52-76; K Dijk, *De Dienst der Kerk*, p 171

9 WJ de Klerk, a.w., p 167, Volgens ook E van der Schoot, *Nieuwe Mogelijkheden voor de Zielszorg*, p 13

10 F van der Schoot soos aangehaal deur WJ de Klerk, a.w., p 168

11 WA Smit, a.w., p 136

12 WJ de Klerk, a.w., p 170

13 E van der Schoot, *Bezinning*, 1960, p 267

14 WJ de Klerk, a.w., p 173

15 Volgens WJ de Klerk, a.w., p 173

16 WJ de Klerk, a.w., p 174

17 Volgens E van der Schoot, *Het pastorale gesprek*, p 167

18 Hier volg ons hoofsaaklik die aanwysings van WJ de Klerk, as 'n bondige samevatting. Vir meer agtergrond hieroor kan die volgende bronne geraadpleeg word.
PJ Roscam Abbing, *Gespreksbeleid in de pastorale zorg*, Utrecht, sj
F Firet, *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*, Kampen, 1977
H Faber en E van der Schoot, *Het Pastorale gesprek*, Utrecht, 1966
SF du Toit, *Die helende verhouding*, Pretoria, pj
GJ Kotzé, *Die antropologiese onderbou van die Gereformeerde pastoraat*, met spesiale verwysing na die client-centered Amerikaanse pastoraat, Kaapstad, 1971

19 WJ de Klerk, a.w., p 175

20 E van der Schoot, a.w., *Het pastorale gesprek*, p 173, 174

21 E van der Schoot, a.w., p 167

22 Jay E Adams, a.w., p 81 en 82. Sien ook Carl Rogers, *Counseling and Psychotherapy*, Boston, 1942, p 127

23 Jay E Adams, a.w., p 84

24 WJ de Klerk, a.w., p 180

HOOFSTUK 9

1 Volgens hiervoor:
D Stollberg, *Therapeutische Seelsorge*, München, 1972
JS Hielima, *Pastoral or Christian Counseling*, Utrecht, 1975
HJ Thilo, *Beratende Seelsorge*, Göttingen, 1971

MH Bolkenstein e.a., *Zielzorg aan maatschappelijk getypeerde mensen*, S'Gravenhage, 1959
2 Volgens Hoostuk 8
3 Sien die: *Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1979, p 60
4 *Wet en Bepaling*, a.w., p 101
5 *Wet en Bepaling*, a.w., p 79
6 *Wet en Bepaling*, a.w., p 101

HOOFSTUK 10

1 Sien Hoofstuk 9
2 Volgens JI de Wet, *Huisbesoek Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 22, (2 en 3)
3 Volgens die Notule van die Agt en Vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

HOOFSTUK 11

1 Volgens Hoofstukke 4 en 10.2
2 Volgens Hoofstuk 9
3 WJ de Klerk, *Wending*, Potchefstroom, 1964, p 99 vv

HOOFSTUK 12

1 *Kerkwet en Bepalings*, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Bepaling 56
2 Vir verdere agtergrond, volgens die volgende publikasies:
A Allwohn, *Het genezende Woord*, Nijkerk, 1959
CW Stewart, *Adolescent Religion*, New York, 1967
HR Wijngaarden, *Hoofdproblemen der Volwassenheid*, Utrecht, sj
LO Richards, *Youth Ministry*, Zondervan, 1972
W Jentsch, *Handbuch der Jugendseelsorge II*, Gütensloh, 1963
RA Blees, *Counseling with Teenagers*, Philadelphia, 1971
BF Nel, *Jeugprobleme*, Pretoria, 1961
3 JJ de Klerk, *Herderkunde*, Pretoria, 1978, p 87
4 JJ de Klerk, a.w., p 88
5 CW Stewart, a.w.,
6 JJ de Klerk, a.w., p 93

7 *Wet en Bepalings*, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Bepaling 145

8 Vir meer besonderhede kan die volgende werke geraadpleeg word: HJC Pieterse, *Huwelikspastoraat*, Pretoria, 1977
G Cronje (red), *Die aard en oorsake van huweliksontbinding in Suid-Afrika*, Pretoria, 1959
Oscar E Feucht (ed), *Helping families through the Church*, Saint Louis, 1971
G Brillenburg Wurth, *Het Christelijk leven in huwelijk en gezin*, Kampen, 1950
CW Stewart, *The Minister as Marriage Counselor*, New York, 1970
FJ van Zyl, *Doop- en huwelikskategese*, Pretoria, 1974

9 Volgens David Mace, *The future of the family – Why Marriage Guidance is necessary* (Reeks lesings 1954)
JR Albertyn, P du Toit en HS Theron, *Kerk en Stad*, Stellenbosch, 1947
G Cronje (red), *Egskeiding, Die aard en oorsake van huweliksontbinding in Suid-Afrika*, Kaapstad, 1959
SP Cilliers, *Gesonde Gesinsbou*, Stellenbosch, 1960
HJC Pieterse, *Huwelikspastoraat*, reeds aangehaal

10 HJC Pieterse, a.w., p 41

11 Howard J Clinebell Jr, *Growth Couseling for Marriage Enrichment*, Philadelphia, 1975

12 Volgens HJC Pieterse, a.w., p 44

13 HJC Pieterse, a.w., p 47

14 Skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, gedateer 15 Junie 1978

15 Sien *Wet en Bepalings*, a.w.

16 Volgens M Bouwers, *De pastor aan het sterfbed*, Nijmegen, 1969
CWM Verhoeven, e.a., *Dood en stervensbegeleiding*, Nijkerk, 1978
F Winter, *Seelsorge an Sterbenden und Trauenden*, Göttingen, 1976
J Overduin, *De Kunst van het ziek zijn*, Kampen, 1973
H Faber, *De pastor in het moderne ziekenhuis*, Assen, 1968
PJ Roscam Abbing, *Pastoraat aan Zieken*, S'Gravenhage, 1964
JH van den Berg, *Psychologie van het ziekbed*, Nijkerk, 1969

17 Volgens hiervoor: JJ de Klerk, a.w., p 121 vv

18 Volgens die werke van

M Bouwers, reeds aangehaal
C Gilhuis, *Hoe dichter ik nader ...*, Wageningen, sj
E Kübler-Ross, *On Death and Dying*, London, 1969
MP van Dijk, *Gesprekken met de Dood*, Kampen, 1956
WH Velema, *Rondom het levenseinde*, Kampen, 1971
F Winter, Reeds vermeld
CWM Verhoeven, reeds vermeld

19 Volgens CWM Verhoeven, a.w.
20 Volgens CWM Verhoeven, a.w.
21 JJ de Klerk, a.w., p 149
22 *Wet en Bepalings*, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
23 Volgens R de Vaux, *Hoe het oude Israël leefde*, Deel I, Roermond, 1961, p 80 vv
24 Volgens die artikel van Stöhlin in: *Theological Dictionary of the New Testament*, Michigen, 1973, Deel IX, p 440-465
25 Volgens Stöhlin, a.w., p 46 vv
26 JJ de Klerk, a.w., p 125 vv
27 Volgens WJ de Klerk, *Rousmart*, Potchefstroom, 1968
28 Vir meer besonderhede oor die evangelisasiegesprek, volgens JJ de Klerk, e.a., *Evangelistiek*, Pretoria, 1979
29 Volgens Kerkwet, a.w., p 79
30 HJC Pieterse, a.w., p 73
31 Volgens die ongepubliseerde BD-Skripsie:
Y Dreyer, *Die pastorale beraad en die pastorale verwysingsdiens – 'n kritiese evaluering*
32 Volgens M van Aden, *Die Vroulike alkoholis*, Skolingkursus in Alkoholistesorg, Staanvas
33 Volgens DF Kilian, *Godsdienstige aspekte van Alkoholisme*, skolingkursus, a.w.
34 Volgens T Visser, *Maatskaplike aspekte van alkoholisme skolingkursus*, a.w., DF Kilian, a.w.
35 Volgens *Skolingkursus*, a.w.

HAUM

HAUM